# DIE GRONDLEGGERS VAN REWOLUSIONÊRE OORLOG-VOERING, MET BESONDERE AANDAG AAN DIE WERK VAN MAO TSE-TUNG, VO NGUYEN GIAP en CHÉ GUEVARA.


deur

HEINZ RICHARD LASS, Honns.-B.A.,B.Ed.


* * * * *

*Verhandeling ingelewer ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.*

Leier: Prof. dr. C.P. van der Walt.

Vereeniging.

Januarie 1974.

*Opgedra aan die nagedagtenis van Konrad.*

## DANKBETUIGING

*In die eerste plek wil ek 'n besondere woord van dank en waardering rig aan prof. C.P. van der Walt vir sy leiding en belangstelling. Sonder sy inspirasie, aanmoediging en simpatieke leiding kon hierdie studie nie suksesvol afgehandel word nie.*

*Aan die S.A.W. ook 'n besondere woord van dank vir die beskikbaarstelling van die weermagsbiblioteek vir navorsingsdoeleindes. Ek wil verder ook 'n woord van hartlike dank uitspreek teenoor Kmdt. Vic Muller en sy personeel vir die gasvrye wyse waarop hulle my altyd ontvang het, asook vir hulle gewaardeerde hulp.*

*Aan mnr. A.P. van Schalkwyk wat die taalversorging op hom geneem het, kom 'n besondere woord van dank toe.*

*Baie dankie ook aan my vrou vir die tik van die manuskrip. Ek kan ook nie nalaat nie om my dank en waardering uit te spreek teenoor my vrou, Patrys en Heini vir hulle inspirasie en alles wat hulle moes opoffer om hierdie studie moontlik te maak.*

*Vereeniging.*
*Januarie 1974.*

I N H O U D S O P G A W E


H O O F S T U K 1. Bladsy.

INLEIDING 1

H O O F S T U K 2.

REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING: AARD EN ONTWIKKELING. 12.

1. Die militêre pyler. 13.

1. 1. Die ontwikkeling van mobiele oorlogvoering. 13.

1. 2. Guerrilla-oorlogvoering. 18.

2. Die ideologiese pyler. 21.

3. Faktore wat na die Tweede Wêreldoorlog die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering bevorder het. 22.

4. Die aard en kenmerke van rewolusionêre oorlogvoering. 25.

H O O F S T U K 3.

VON BÜLOW EN VON CLAUSEWITZ: NASIONALE VERDEDIGING EN DIE BINNEFRONT. 31.

1. Adam Heinrich Dietrich Freiherr von Bülow (1757-1807). 32.

2. Karl von Clausewitz (1780-1831). 34.

2. 1. Nasionale verdediging en die rol van die burgerlike bevolking. 35.

2. 2. Die verhouding tussen offensief en defensief in 'n strategies defensiewe oorlog. 37.

Bladsy.

2. 3. Volksbewapening. 39.

2. 4. Oorlog as die voortsetting van die politiek. 41.

2. 5. Moreel en patriotisme. 42.

H O O F S T U K 4.

DIE MARXISTE EN T.E. LAWRENCE: DIE DIREKTE VOORLOPERS VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING. 46.

1. Karl Marx (1818-1883). 47.

2. Friedrich Engels (1820-1895). 49.

3. Vladimir I. Lenin (1870-1924). 51.

4. Oproer in die woestyn: die bydrae van T.E. Lawrence. 56.

4. 1. Die algebraiese element. 59.

4. 2. Die biologiese element. 60.

4. 3. Die sielkundige element. 60.

H O O F S T U K 5.

MAO TSE-TUNG: DIE VADER VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING. 63.

1. Die historiese verloop van die rewolusionêre stryd in China. 65.

1. 1. Die organisasiefase (1921-1927). 65.

1. 2. Die fase van stryd (1927-1947). 69.

1. 3. Die fase van mobiele oorlogvoering (1947-1949). 73.

2. Die grondslae van Mao Tse-tung se militêre filosofie. 75.

2. 1. Mao se beginsel van "eenheid in teenstellings." 77.

3. Die verloop van die guerrillastryd deur die drie fases van ontwikkeling. 80.

Bladsy.


3. 1. Die eerste fase . 81.

3. 2. Die tweede fase. 82.

3. 3. Die derde fase. 85.

H O O F S T U K 6.

MAO TSE-TUNG (vervolg): OORLOG, STRATEGIE EN TAKTIEK. 87.

1. Oorlog. 87.

2. Die rewolusionêre stryd in China: 'n militêr-strategiese oorsig. 91.

3. Die beginsels wat Mao Tse-tung se strategie en taktiek ten grondslag lê. 95.

3. 1. Die verhouding tussen offensiewe en defensiewe aksie met betrekking tot die rewolusionêre stryd in sy geheel. 96.

3. 2. Die vestiging van strategiese basisgebiede. 105.

3. 3. Die ontplooiing van guerrilla-oorlogvoering in mobiele, konvensionele oorlogvoering, en die koördinering van guerrilla-oorlogvoering met mobiele oorlogvoering. 107.

3. 4. Die samehang tussen die verskillende vlakke van bevelvoering. 108.

3. 5. Mao Tse-tung se taktiese beginsels. 110.

3. 6. Die guerrilla en die massa. 112.

H O O F S T U K 7. Bladsy.

GENERAAL VO NGUYEN GIAP: 'N STUDIE IN DIE TOEPASSING VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING TOT EN MET DIE OORWINNING VAN DIE VIETMINH-MAGTE BY DIEN BIEN PHU IN 1954. 117.

1. Die verloop van die stryd in Viëtnam. 118.
1. 1. Die eerste periode (1941-1951). 119.
1. 2. Die tweede periode: sukses en die beleg van Dien Bien Phu (1951-1954). 126.
2. Strategiese beginsels. 129.

H O O F S T U K 8.

DIE BYDRAE VAN CHÉ GUEVARA TOT DIE TEORIE VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING. 135.

1. 'n Kort historiese oorsig van die stryd in Kuba. 136.
2. Fokuspunte van sy strategie. 137.
2. 1. Strategie en oorlog. 138.
2. 2. Taktiek. 141.
2. 3. Voorwaardes vir ewolusie. 144.
2. 4. Rewolusionêre beweging vanuit die platteland. 145.

H O O F S T U K 9.

SAMEVATTING EN KONKLUSIE 149.

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING

WAR ON THE GRAND SCALE AND PEACE IN ITS TRUE SENSE MAY BE BURRIED SIDE BY SIDE.

Genl. André Beaufre.

In die eerste helfte van die twintigste eeu het 'n nuwe vorm van oorlogvoering sy verskyning gemaak, 'n krygsvorm ongekend in die militêre geskiedenis van die wêreld, en daarmee saam 'n nuwe soort vegter wat nie die geluid van marsjerende kolonnes en gemeganiseerde troepe vrees nie, wat ook nie beef vir die gerammel van tenks of vir die gedreun van bomwerpers nie. Inteendeel, hy verwelkom bedreigings van hierdie aard omdat dit aan hom die geleentheid bied om die administratiewe stelsel van sy vyand en die bestaande sosiale orde te vernietig en aan repe te skeur deur middel van rewolusionêre oorlogvoering, 'n proses waardeur die oorlogsmasjien en die staatsmasjien in die geheel tot stilstand gedwing word, en die komponente daarvan stuksgewyse uitgewis word.

Rewolusionêre oorlogvoering het sy beslag gekry vóór die uitbreek van die Twede Wêreldoorlog, maar dit is veral 'n gevolg van die fenomenale ontwikkeling op tegnologiese gebied gedurende en ná die oorlog, en die ingrypende politieke veranderinge wat in dié stryd plaasgevind het, dat rewolusionêre oorlogvoering in omvang en intensiteit geweldig toegeneem het. Die skokeffek van die suksesse wat met hierdie krygsvorm behaal is, het die Westerse stratege hulpeloos in die lug laat rondtas, en terselfdertyd het dit 'n uitdaging gebied aan die Westerse militêre denke.

In 1969 het die Pentagon melding gemaak van 28 rewolusionêre oorloë wat in 1958 plaasgevind het, 42 in 1965 en 50 in 1969. Die gevare en die koste verbonde aan hierdie krygsvorm spreek duidelik uit die volgende voorbeelde:

In Viëtnam het die Franse agt jaar lank 'n hopelose stryd gevoer. In diè proses het hulle anderhalf miljoen manne in die veld gestoot en in die stryd 172 000 ongevalle gely. Hulle is beslissend verslaan by Dien Bien Phu in 1954.

In die tweede fase van die stryd in Viëtnam toe die Amerikaners in die stryd betrokke geraak het, lyk die prentjie soos volg: Die Viëtkongleër het deurgaans uit min of meer 225 000 man bestaan. Die Viëtnamese leër het uit ongeveer 593 000 bestaan, terwyl die V.S.A. sy troepemagte van 1 000 man in 1961 opgeskuif het na 145 000 in 1965. Die hele oorlog het die Amerikaners $ 138 biljoen gekos. Die vooruitsigte op 'n blywende vrede bly egter uiters gering.

In Maleia het die Britte tien jaar lank 'n verbete stryd teen die insurgente (MRLA) gevoer. In hierdie proses het 45 000 Britse troepe en polisie in Maleia geveg. Hulle is bygestaan deur 250 000 plaaslike troepe van die tuiswag en 1 500 man wat Australië tot die stryd bygedra het. Die koste verbonde aan hierdie stryd het $ 900 000 000 bedra, wat neerkom op $ 200 000 vir elke guerrilla wat gevang of gedood is.

Om die koste in die bekamping van rewolusionêre oorlogvoering verder te illustreer word verwys na Operasie Nassau wat in Des. 1954 in Maleia van stapel gestuur is. 'n Britse bataljon is in die digbeboste en moerasagtige gebied van Kuala Langat, 'n gebied wat 100 vk. myl beslaan, ingestuur om guerrilla-eenhede wat hulle daar skuilgehou het, uit te wis. Hierdie operasie het nege maande geduur, en in die proses is 60 000 bomme, 30 000 mortierbomme en 'n verdere 2 000 bomme wat uit die lug afgegooi is, gebruik om 35 guerrillas te vang of te dood. Operasie Nassau word as 'n suksesvolle poging bestempel. Die Britte het ook daarin geslaag om die insurgensie in Maleia teen ontsaglike kostes die nek in te slaan. Dit is egter bekend dat die guerrillamagte wat oorgebly het, na die grens tussen Maleia en Thailand uitgewyk het waar hulle gunstige toestande afwag om weer hulle bedrywighede voort te sit.

In Algerië was die maksimum begroting van die Algerynse rebelle

(FLN) tussen dertig en veertig miljoen dollars per jaar, 'n bedrag wat minder is as wat die Franse in twee weke moes bestee.

In Maart 1956 is die Franse troepemagte in Algerië vermeerder van 50 000 tot 400 000 man. Die lesse wat hulle in Viëtnam geleer het, het hulle goed te pas gekom en dit het hulle in staat gestel om 'n militêre oorwinning oor die FLN te behaal. Die magte van die FLN is ook verdryf na basisse buite Algerië, nl. in Tunisië en Marokko. Een les het hulle egter nie geleer nie, nl. dat 'n rewolusionêre oorlog alleen op politieke vlak gewen kan word. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat hulle die oorlog in sy geheel verloor het. Hulle beleid van die hergroepering van plattelandse bevolkingsgroepe vir doeleindes van beheer en kontrole het hulle suksesvol uitgevoer, maar sodra sodanige groepe deur die Franse bewapen en uitgerus is, het daar onmiddellik botsings ontstaan oor die kwessie van politieke en administratiewe beheer. Alhoewel die Franse dus militêre beheer gevoer het in Algerië, het hulle politieke oogmerke en die wyse waarop hulle dit wou toepas, die mense in die arms van die FLN gedryf. Hierdie toedrag van sake het 'n groot krisis in Frankryk tot gevolg gehad wat die Algerynse rebelle verder begunstig het. Dit onderstreep weer eens die feit dat rewolusionêre oorlogvoering hoofsaaklik 'n politieke oorlog is, 'n feit wat in die bekamping daarvan gewoonlik oor die hoof gesien word.

Daar kan talle ander voorbeelde aangehaal word om te wys op die gevaar en die koste wat aan hierdie krygsvorm verbonde is. Ons wil egter met hierdie enkele voorbeelde volstaand.

Rewolusionêre oorlogvoering laat egter nie net sy invloed op militêre vlak in een of ander land geld nie. Die newe-effek van hierdie krygsvorm is ook duidelik merkbaar in die V.S.A. en ander Westerse demokrasieë. Die armes, die veronregtes en die gefrustreerdes word steeds meer en meer bewus van die krag wat skuil in hierdie vorm van oorlogvoering wat hulle handig kan gebruik om hulle eie posisie mee te verbeter. Skrywer is van mening dat die gevare van rewolusionêre oorlogvoering ruimskoots net so groot is as die gevare van moderne kernwapens. Die houding van die Chinese Kommuniste in die heersende toestande is veral veelseggend. Niu Sien-chong wat o.a. belas is met die opleiding van die Chinese soldate, beweer dat:

> *"The comparison of forces is not only comparison of military and economic power, but also that of manpower and the human mind. The physical atomic bomb is important, but the spiritual atomic bomb is even more important. And the spiritual atomic bomb is our monopoly."(1)*

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat die grondliggende onverenigbaarheid van die Kommunistiese ideologie met dié van die Weste uiteindelik tot konflik moet lei, nieteenstaande al die pogings wat aangewend word om die heftigheid van die ideologiese stryd te probeer afkoel. Die koms van die kernwapen en die daarmee gepaardgaande gevaar van kernuitwissing het groot beperkings gelê op die optrede van kernmoondhede waar hulle direk of indirek gemoeid is met enige konfliksituasie. Die aard van die militêr-politieke verdrae tussen die ontwikkelde lande binne die twee vyandelike kampe verminder die gevaar dat die betrokke lande in die toekoms omskep kan word in militêre slagvelde.

Die ontwikkelende lande van Afrika, Asië en Latyns-Amerika vorm egter 'n skerp kontras met bogenoemde gebiede. Oor die algemeen word die interne politieke situasie binne hierdie lande, afgesien daarvan of hulle deur enige vorm van verdrag verbind is aan een van die twee vyandelike kampe, gekenmerk deur die vaagheid en onvoorspelbaarheid daarvan. Hierdie vaagheid is 'n weerspieëling van die onstabiliteit wat op sosio-politieke terrein in hierdie lande heers en wat in 'n groot mate 'n uitvloeisel is van hulle strewe na moderniteit.

Gesien in die lig van die Kommuniste se strewe na magsuitbreiding, die feit dat kernafskrikking weinig of geen invloed uitoefen op konflikte binne hierdie gebiede nie, en die politieke onstabiliteit wat binne die ontwikkelende lande heers wat hulle die maklike prooi van uitbuiting maak, is dit logies dat die Kommuniste hulle kragte op hierdie gebiede sal toespits. In hierdie verband is dit veral China wat binne hierdie guerrillastrategie rewolusionêre oorlogvoering as magsaanwendingsmiddel gebruik vanweë die sukses wat hy op

---

1. Niu Sien-chong. Troop training in Red China. Military Review, Vol. XLVI, No. 6, Jun. 1966. p. 89.

ele bodem daarmee behaal het. Die geskiedenis van die dekades ná die Tweede Wêreldoorlog toon dan ook dat byna alle rewolusionêre oorloë in die ontwikkelende lande van die Derde Wêreld voorgekom het. Dit beteken egter geensins dat beskaafdheid en ontwikkeldheid die waarborg bied dat rewolusionêre oorloë nooit in ontwikkelde lande kan voorkom nie. Oral waar daar 'n rewolusionêre situasie bestaan, moet daarmee rekening gehou word soos gebeure in bv. Griekeland, Cyprus en Ierland duidelik aangetoon het.

Die erns van die gevare wat die Weste bedreig, word goed saamgevat in die volgende aanhaling van prof. C. Northcode Parkinson:

> " *Should they ever turn from science fiction to fact, the politicians would see that their world can be destroyed piece-meal, and has been largely destroyed already, without anyone resorting to anything much larger than a 3 in. mortar.*" (2)

Nieteenstaande die feit dat rewolusionêre oorlogvoering om klaarblyklike redes na die Tweede Wêreldoorlog geweldig toegeneem het, en die gevare wat aan hierdie krygsvorm verbonde is, duidelik onderstreep is in die lande waar dit voorgekom het, het dit tot onlangs slegs geringe aandag geniet van Westerse stratege en militariste.

Die gevolg is dat daar in die Weste nog geen doeltreffende verweer teen hierdie vorm van oorlogvoering bestaan nie. Die rede moet myns insiens daarin gesoek word dat die hele benadering van die probleem nog altyd hoofsaaklik beperk word binne konvensionele militêre denke, en dat die uitgangspunt by die bestudering daarvan steeds op die valse grondslag berus dat dit die taak van die weermag is om die militêre aanslag van insurgente af te weer om sodoende die betrokke regering op hierdie wyse te help in die handhawing van die beheer oor stede, dorpe, kommunikasie, belangrike sleutelpunte en uitgestrekte gebiede - dus in die militêre betekenis van fisieke besetting en beheer oor gebied. Daar bestaan dus geen doeltreffende en omvattende strategie wat die vrug is van 'n diepgaande studie van die aard en wese van rewolusionêre oorlogvoering soos dit deur die skeppers daarvan neergelê is nie.

---

2. Aangehaal uit: Thompson, R. Revolutionary war in world strategy 1945-1969. London, Secker & Warburg, 1970. p. 95.

Ten einde tot 'n begrip van hierdie verskynsel in sy geheel te kan kom, is dit nodig om 'n deeglike studie te maak van die wyse waarop dit ontstaan en ontwikkel het, en veral van die werk van die grondleggers daarvan. Wanneer oor 'n doeltreffende teenstrategie besin word, is dit ewe-eens noodsaaklik dat 'n diepgaande kennis van die leer van die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering as grondslag moet dien. Dit wil voorkom of daar in hierdie verband meer op lukrake wyse te werk gegaan word deur slegs te konsentreer op die uiterlike verskyningsvorm van rewolusionêre oorlogvoering soos dit hom hier en nou in een of ander land voordoen, en dat alle vorme van reaksie daarteen slegs daarop ingestel is.

Al hierdie oorwegings het as aansporing en motief vir hierdie studie gedien. Die aandag word dus uitsluitlik bepaal by die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering en die beslag wat dit gekry het in die werke van Mao Tse-tung, Vo Nguyen Giap en Ché Guevara. Hierdie studie is dus aangepak om die leemte wat in hierdie verband bestaan, veral wat werke in Afrikaans oor hierdie onderwerp betref, enigsins te vul.

* * *

As gevolg van die feit dat Rewolusionêre oorlogvoering 'n betreklik nuwe verskynsel is, is daar nie 'n oormaat van geskikte bronne nie. 'n Verdere bydraende faktor tot hierdie toedrag van sake is die feit dat rewolusionêre oorlogvoering tot redelik onlangs min aandag geniet het van Westerse stratege. In hierdie verband is dit opvallend dat daar eers in 1955 'n begin gemaak is met die vertaling van Mao Tse-tung se geskrifte in Engels. In 1963 het die vertaalde uitgawes van sy geskrifte eers verskyn. Dieselfde geld vir Guevara en Giap se geskirifte waarvan die vertaalde uitgawes eers in 1961 en 1962 respektiewelik die lig gesien het.

In die afgelope aantal jare het daar min werke die lig gesien waarin hierdie verskynsel in sy geheel behandel word, behalwe dié wat deur rewolusionêres self geskryf is. In die meeste geskrifte wat oor hierdie onderwerp handel, is dit meer 'n geval dat sekere aspekte van rewolusionêre oorlogvoering onder die soeklig geplaas word. So het militariste bv. guerrilla-oorlogvoering as militêre verskynsel

bestudeer, navorsing is gedoen op die gebied van sielkundige oorlogvoering en propaganda, deskundiges op die terrein van die Staatsleer het die oorsake en gevolge daarvan ontleed en andere, veral in die geledere van die joernaliste, het hulle slegs beperk tot enkele spesifieke gevalle waar konflikte van hierdie aard onlangs voorgekom het. Oor die militêr-politieke filosofie bepaald van Mao, Giap en Guevara bestaan daar nog uiters min omvattende werke. Inligting in hierdie verband word broksgewyse en dikwels onvolledig ingevleg in die bespreking van bepaalde aspekte van rewolusionêre oorlogvoering in sy breë verband.

Wat die bronnemateriaal betref, is dus hoofsaaklik gebruik gemaak van die vertalings van oorspronklike werke van die grondleggers van hierdie krygsvorm.

Die gegewens is verder geput uit tydskrifartikels oor die onderwerp wat in oorsese militêre tydskrifte verskyn het. In hierdie verband is dit veral die Australiese blad "Australian Army Journal" wat besondere vermelding verdien. Gesien teen die agtergrond van die bepaalde situasie waarin Suid-Afrika hom bevind, is die gebrek aan tydskrifte van hierdie aard beslis 'n onrusbarende verskynsel.

Die feit dat daar so min gesaghebbende werke oor hierdie onderwerp bestaan, gee 'n aanduiding van die beperkte belangstelling wat dit tot onlangs geniet het. Hierdie toedrag van sake, tesame met die feit dat die meeste geskrifte wat oor hierdie onderwerp handel in Suid-Afrika in die ban gedoen is, gee enigsins 'n aanduiding van die vele probleme wat gepaard gaan met 'n omvattende studie van hierdie aard. Wat die verbanning van werke betref wat bepaald oor hierdie onderwerp handel, is skrywer van mening dat die weerhouding van inligting van hierdie aard ruimskoots net so gevaarlik is, indien nie gevaarliker nie, as wanneer hierdie inligting in verkeerde hande beland.

Ten slotte word die aandag daarop gevestig dat in alle gevalle waar aangehaal is uit die geskrifte van die voorlopers en die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering, dit gedoen is uit die Engelse vertalings van die oorspronklike geskrifte.

* * *

As besondere vorm van oorlogvoering is rewolusionêre oorlogvoering saamgestel uit drie elemente waarvan die wortels ver terug in die geskiedenis nagespeur kan word. Dit is dus nodig om vooraf die aard en ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering te behandel met besondere aandag aan die drie elemente, nl. mobiele oorlogvoering, guerrilla-oorlogvoering en die politieke of ideologiese element wat hierdie krygsvorm ten grondslag lê. In hierdie proses is dit veral Karl von Clausewitz, Karl Marx, Friedrich Engels, Vladimir Lenin en T.E. Lawrence wat met hulle idees die boustene gelewer het vir die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

Die deurlopende gedagte in hierdie ontwikkelingsproses wat gelyktydig ook die grondslag vorm vir suksesvolle rewolusionêre oorlogvoering is die effektiewe organisering en mobilisering van die binnefront. Die bydrae van bogenoemde teoretici in hierdie verband en waarmee hulle belangrike riglyne neergelê het wat as sterk prikkel gedien het vir die ontwikkeling van hierdie krygsvorm, word in die derde en vierde hoofstukke onder die soeklig geplaas.

Dit was egter eers Mao Tse-tung wat al die los drade saamgeknoop het tot 'n samehangende geheel, en deur die volmaakte organisering van die binnefront beslag gegee het aan 'n nuwe vorm van oorlogvoering. Die werklike deurbraak wat gelei het tot die ontstaan van rewolusionêre oorlogvoering as bepaalde krygsvorm het net om hierdie een figuur gewentel. Deur die skepping van sy militêr-politieke filosofie en in die toepassing van sy strategiese en taktiese beginsels het hy nie net alleen daarin geslaag om die Chinese volk onder sy mag te verenig nie, maar hy het daarmee ook 'n effektiewe wapen geskep waardeur die Kommuniste hulle mag op subtiele wyse stelselmatig kon uitbrei. Hoe hoër hy as strateeg uitgestyg het, hoe verder het sy skaduwee geval-later selfs tot oor die grense van sy vaderland. Mao se persoonlikheid vertoon baie fasette wat meebring dat hy hom op verskeie terreine onderskei het. Mao se grootheid kan egter nooit na regte beoordeel word sonder inagneming van sy genialiteit as strateeg nie, wat ook uitdrukking vind in sy bedrywighede op ander terreine. In die hoofstukke wat handel oor sy besondere bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering, sal die klem hoofsaaklik op hierdie aspek van sy bedrywighede val.

Die organisering van die binnefront waarin die mobilisering van die kleinboere die kerngedagte vorm, dien ook as uitgangspunt by die behandeling van Mao se militêr-politieke filosofie. Rewolusionêre oorlogvoering is basies 'n politieke oorlog, maar die militêre aspek daarvan kan in die behandeling van Mao se idees nie agterweë gelaat word nie. Daarom word hoofstuk ses hoofsaaklik gewy aan die bespreking van Mao se strategiese en taktiese beginsels. In die bespreking daarvan word daar egter steeds rekening gehou met die ontplooiing van die uitgangspunt omdat dit basies die grondslag vorm vir militêre aksie in die Maoïstiese operasionele metodes.

Daar moet egter steeds in gedagte gehou word dat Mao as Kommunis hiermee 'n effektiewe wapen geskep het vir die omverwerping van gevestigde regerings en 'n bestaande sosiale orde. Met sy militêr-politieke filosofie vorm hy ook 'n skakel met die Kommuniste se uiteindelike oogmerk van wêreldoorheersing, die proses waarin rewolusionêre oorlogvoering 'n belangrike rol moet vervul. In hierdie verband het hy ook 'n groot invloed uitgeoefen op rewolusionêre bewegings elders. Dit was veral die geval in Viëtnam en in Kuba waar sy filosofie as grondslag gedien het vir die werk van Giap en Guevara wat saam met Mao die outoriteite op die gebied van rewolusionêre oorlogvoering beskou kan word. In die behandeling van hulle bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering sal ook gewys word op die verdere dimensies wat hulle aan hierdie krygsvorm verleen het.

Met die innige versmelting van oorlog en politiek, die proses waarin die organisering van die binnefront die grondslag vorm, val rewolusionêre oorlogvoering nie uitsluitlik binne die studieveld van die krygskunde nie, maar dit oorvleuel ook die terrein van die Staatsleer en die Internasionale Politiek. Die rede vir die onvolledigheid en eensydigheid wat so dikwels gepaard gaan met 'n studie van hierdie onderwerp, en selfs die onvermoë om 'n effektiewe teenstrategie teen rewolusionêre oorlogvoering te ontwikkel, moet myns insiens gesoek word in die feit dat navorsing oor hierdie krygsvorm hoofsaaklik beperk word tot die terrein van die bepaalde dissipline waaruit die studie onderneem word.

Hierdie studie moet dus gesien word as 'n poging om die kernpunte in die ontwikkeling van oorlogvoering wat verband hou met rewolusionêre oorlogvoering uit te lig, om verder te wys op die koppeling daarvan

met politieke en ideologiese begrippe,asook met die idee van rewolusie soos neergelê is deur die Marxiste (waarin die mobilisering van die binnefront die grondslag vorm), en om dan die militêr-politieke filosofie van die apostels van rewolusionêre oorlogvoering teen die agtergrond daarvan te behandel. Omdat Mao, Giap en Guevara egter tegelyk die grondleggers was van die teorie van rewolusionêre oorlogvoering sowel as die veldhere wat die teorie in die praktyk toegepas het, kan teorie en praktyk in die behandeling daarvan nooit van mekaar geskei word nie.

* * *

Die aktualiteit van rewolusionêre oorlogvoering het sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog aansienlik toegeneem.

Oor die uiteindelike oogmerke wat die Kommuniste in die wêreld nastreef, hoef ons geen illusies te maak nie - hulle maak geen geheim daarvan nie.

Ten opsigte van die wesenlike gevare wat skuil in rewolusionêre oorlogvoering hoef geen onsekerheid te bestaan nie - die praktyk het genoegsaam bewys daarvan gelewer.

Met betrekking tot die strategie en operasionele metodes wat hierdie krygsvorm ten grondslag lê, hoef geen onkunde te bestaan nie - dit staan duidelik geskryf in die geskrifte van Mao,Giap en Guevara vir almal om te lees.

Ten einde die verdere opmars van die Kommunistiese wêreldmagte te stuit, moet hulle strategie herken en bestudeer word om sodoende in staat te kan wees om te verhoed dat hulle steeds die inisiatief behou wat hulle in staat stel om altyd in die posisie te wees om dáár toe te slaan waar dit hulle behaag.

Wat die situasie in Suid-Afrika betref, het die gevare van terrorisme op ons grense voelbaar geword. Dit moet as voorspel tot rewolusionêre oorlogvoering beskou word, so ook die doelbewuste pogings van ondergrondse bewegings binne ons landsgrense om 'n

ondersteuningsbasis vir 'n rewolusionêre stryd te vorm. Dit het dus dringend noodsaaklik geword dat ons ook deeglik kennis sal neem van hierdie vorm van oorlogvoering. Dit is terselfdertyd 'n wekroep - ken jou vyand! Dit geld nie slegs diegene wat hulle in leiersposisies bevind nie; dit geld ook nie slegs die weermag en polisie nie. Hierdie kennis moet deursuurdeeg tot in alle lae van die bevolking. Alleen dán kan dit as motivering dien vir fisieke en geestelike paraatheid op alle vlakke van die gemeenskap. In hierdie lig moet hierdie studie gesien word as 'n beskeie poging om 'n bydrae te lewer tot die kennis en bestudering van rewolusionêre oorlogvoering.

------oooooOOOooooo---------

# HOOFSTUK 2.

## REWOLUSIONÊRE OORLOGVOERING: AARD EN ONTWIKKELING;

Rewolusionêre oorlogvoering rus op twee hoofpylers: die militêre en die ideologiese of politieke. As bepaalde vorm van oorlogvoering kan die wortels daarvan ver terug in die militêre geskiedenis nagespeur word. Die ontwikkeling van mobiele oorlogvoering ná die Franse Rewolusie saam met 'n eeue-oue krygsvorm, nl. guerrilla-oorlogvoering, het veral 'n groot invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering. Saam vorm hierdie twee krygsvorme die militêre pyler van rewolusionêre oorlogvoering. Die hoofkenmerk van beide krygsvorme, en van guerrilla-oorlogvoering veral, is die dinamiese aard daarvan, en gesien teen die agtergrond van rewolusionêre oorlogvoering wat niks anders is nie as 'n rewolusionêre handeling wat ingestel is op 'n gewelddadige verandering, is hulle by uitstek die aangewese fisieke middels waarmee hierdie verandering teweeggebring moet word.

Die belangrikste element van rewolusionêre oorlogvoering en wat trouens ook die grondslag vorm vir die suksesvolle voer daarvan, lê egter nie op die fisieke vlak nie, maar dit berus op die effektiewe mobilisering en organisering van die massa, of die binnefront. Met sy leuse: "Proletariërs van alle lande, verenig julle", het Karl Marx die vonk voorsien wat die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering aansienlik versnel het. As direkte gevolg van die leer van Karl Marx was dit die Russiese Rewolusie wat aan rewolusionêre oorlogvoering sy ideologiese grondslag gegee het.

In rewolusionêre oorlogvoering vind ons die radikale en nuwe toepassing en kombinering van ou militêre, politieke en psigologiese beginsels en metodes wat vir die eerste keer deur Mao Tse-tung verenig is in 'n briljante samehangende strategie.

Rewolusionêre oorlogvoering is dus nie die willekeurige handeling van 'n groep rewolusionêres soos dit hom hier en nou openbaar nie, en soos so dikwels aanvaar word nie, maar dit is die resultaat van 'n historiese bouproses. Vervolgens word nou oorgegaan tot die bespreking van die boustene waaruit rewolusionêre oorlogvoering ontwikkel het,

die aard daarvan, en aandag sal verder gegee word aan die faktore wat bygedra het tot die geweldige toename van rewolusionêre oorloë na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog.

## I. DIE MILITêRE PYLER.

### I. I. Die ontwikkeling van mobiele oorlogvoering.

Die belangrikste invloed van die Franse Rewolusie op staatkundige gebied is seker die ontwikkeling van nasionale state in Europa. Daarmee saam het egter ook ingrypende veranderinge in die manier van oorlogvoering plaasgevind.

Die hoofkenmerk van die oorloë vóór die Franse Rewolusie was dat dit hoofsaaklik stellingoorloë was. "Stellingoorlog" dui op 'n strategie wat gegrond is op die idee dat die besit, en die besetting van gebied die basis vir militêre sukses vorm. Die instandhouding van leërmagte was baie duur en hulle was moeilik vervangbaar, omdat militêre dienspig berus het op die vrywillige diens van huurtroepe wat hulle self tot die diens van een of ander koning gestel het. Die manier van oorlogvoering word baie goed deur genl. Blumentritt soos volg opgesom: "Ein guter Feldherr vermied eine entscheidende Schlacht, wie und wo er konnte. Die ganze Operation bestand daarin, durch sinnreiche, wohlberechnete Märsche dem Gegner die rückwärtigen Basen abzuschneiden, ihn lediglich durch schachspielartige Bewegungen zum Ausweichen zu veranlassen." (1)

Ons het hier dus hoofsaaklik te make met 'n strategie van uitputting. Met die klem op die beheer oor gebied moes die leërmagte deur middel van maneuvers, 'n proses waarin direkte kontak met die vyand sover as moontlik vermy is, die koning in 'n skaakmatposisie dwing om dan toe te gee aan politieke eise. Oorlog was in 'n baie hoë mate nog die voortsetting van die politiek slegs met ander middele, omdat politieke oogmerke en militêre oogmerke nog in 'n groot mate van mekaar geskei kon word.

---

1. Blumentritt, G. Strategie und Taktik. Ein Beitrag zur Geschichte des Wehrwesens vom Altertum bis zur Gegenwart. Konstanz, Verlagsgesellschaft Athenation, Dr. Albert Hachfeld. 1960. p. 97.

Die Franse Rewolusie het egter 'n radikale verandering in hierdie toedrag van sake gebring. Die nasionale state het nasionale sentiment en nasionale gevoel ontketen ongekend in die geskiedenis van die mensdom. Op sy beurt het dit aanleiding gegee tot massaleërs en verpligte militêre diensplig. Daar was egter nog nie sprake van volksleërs in die ware sin van die woord nie, alhoewel die wortels daarvan duidelik sigbaar was. Hierdie massaleërs moet as voorloper gesien word van volksleërs en totale oorlog waar politieke en militêre oogmerke nie meer duidelik van mekaar onderskei en van mekaar geskei kan word nie, soos dit dan ook later die geval was in die twee wêreldoorloë van die twintigste eeu.

Na die Franse Rewolusie is die huursoldaat vervang deur die nasionale soldaat wat met 'n gees van patriotisme deurdrenk was en selfs bereid was om sy lewe vir sy land te gee. Die soldaat het die draer geword van 'n bepaalde politieke oortuiging en hy moes sy bydrae lewer om hierdie idee op die slagveld te laat seëvier.

Die groot voordeel van massaleërs was daarin geleë dat groot reserwemagte in stand gehou kon word. Waar leërs voor die Franse Rewolusie klein was, die lewe van elke soldaat kosbaar was, dissipline op formele wyse in die troepe ingedril moes word ten einde drossery te probeer voorkom, en gevegte sover moontlik vermy is, is die leërmagte na die Franse Rewolusie gekenmerk deur hulle groot omvang, en verder deur die feit dat die lewe van die soldaat goedkoop geword het, omdat elke gesneuwelde soldaat maklik vervangbaar was. Dissipline het nou ook gegroei uit die nasionale sentiment, en dit was nie meer nodig om eenheid en dissipline by troepe in te dril nie. Drossery het daarmee iets van die verlede geword.

Beter paaie en beter kaarte het die ontwikkeling van mobiele oorlogvoering verder gestimuleer. Voeg daarby nog die groot verbeterings wat die artillerie ondergaan het - die beweeglikheid daarvan is byvoorbeeld sodanig verhoog dat dit nie net alleen die infanterie vinnig kon volg nie, maar dit kon ook baie vinnig in posisie gebring word. Dit kon sodoende effektief gekoördineer word met die bewegings van die infanterie, en boonop 'n ruitery wat grootliks van karabyne voorsien is, en die prentjie is volledig.

Al hierdie faktore het aanleiding gegee tot 'n mobiele vorm van oorlogvoering, en die strategie van uitputting het plek gemaak vir 'n strategie van vernietiging of uitwissing. Die hoofdoel van oorlogvoering was nou om die leërmagte van die vyand op te soek en te vernietig. Beheer oor gebied moes die logiese konsekwensie wees van 'n oorwinning wat oor die leërmagte van die vyand behaal is. In plaas van omslagtige uitrusting en metodes wat goed ingepas het by die stadige bewegings wat stellingoorlog en beleëringsoorlog gekenmerk het, is veldtogte nou gekenmerk deur beweging en aksie, die vinnige verspreiding en konsentrasie van troepemagte en die element van verrassing wat vanselfsprekend vir hierdie vorm van oorlogvoering van deurslaggewende betekenis is.

Mobiele oorlogvoering het later ook 'n ereplek verwerf in die militêre filosofie van Mao Tse-tung. Die belangrikste kenmerke van mobiele oorlogvoering kan kortliks soos volg saamgevat word.

1. Beweging, vinnige raksie, en 'n baie groot mate van soepelheid in die ontplooiing van troepemagte. Die spoed waarmee konsentrasie en verspreiding plaasvind, moet die nodige veiligheid en beskerming aan troepemagte verleen wat defensiewe stellings in stellingsoorlog aan troepemagte verleen het.

2. Die hoofdoelwit is die vernietiging of uitwissing van vyandelike, militêre magte, en nie die besetting en verdediging van gebied nie.

3. Offensiewe operasies is die middel waarmee hierdie doelwit bereik moet word, sowel as die metode waardeur die eie troepemagte beskerm mot word.

4. Gebied word beset alleenlik wanneer dit bepaalde voordele vir offensiewe operasies inhou, en dit word onmiddellik prysgegee sodra die voordele daaraan verbonde verdwyn.

5. Dit is 'n vorm van oorlogvoering waarin fronte dikwels vervaag en somtyds heeltemal verdwyn.

6. Die belangrikste kenmerk van mobiele oorlogvoering is die vloeibaarheid daarvan. Dit is 'n oorlog van gedurige en onbeperkte beweging; trouens daar word dikwels daarna verwys as bewegingsoorlog.

7. Vinnige beslissings in gevegte en operasies is noodsaaklik, want daarsonder kom stilstand, en mobiele oorlogvoering verloor sy karakter.

8. Die beginsel van beweeglikheid hou noue verband met die idee dat die inisiatief ten alle koste behou moet word. Wanneer die inisatief in 'n stellingoorlog verloor word, is die onmiddellike vooruitsigte op 'n oorwinning weliswaar uiters gering, maar die verlies daarvan hoef nie noodwendig tot uitwissing en neerlaag te lei nie. In mobiele oorlogvoering is die behoud van die inisiatief egter van deurslaggewende betekenis met die oog op oorwinning en selfbehoud. Wanneer die inisiatief verloor word, is troepe uiters kwesbaar en moet hulle noodgedwonge terugval op stellingoorlog, waarvoor hulle in die bepaalde omstandighede dikwels nie toegerus is nie. Doeltreffende beweeglikheid werk dus altyd inisiatief in die hand, en dit vorm ook die voorwaarde vir die behoud van die inisiatief. Hierdie beginsel sal later een van die hoekstene van rewolusionêre oorlogvoering vorm.

* * +

Mobiele oorlogvoering het in 'n mindere of meerdere mate die veld behou in die tye wat gevolg het. Die invloed van tegniese ontwikkeling op moderne wapentuig het gedurende die Eerste Wêreldoorlog tydelik 'n einde daaraan gemaak toe die mobiliteit van troepemagte verstar het in die loopgrawe aan die Westerfront.

Mobiliteit het alleen waarde as dit lei tot 'n vinnige en doeltreffende konsentrasie van mag op 'n bepaalde beslissende punt ten einde 'n vinnige oorwinning af te dwing. Voor die Eerste Wêreldoorlog was konsentrasie van mag en mobiliteit 'n eienskap wat inherent aan troepemagte self was, en sukses het

afgehang van die spoed waarmee troepemagte op 'n beslissende punt kon saamtrek. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was konsentrasie van mag nie meer inherent aan troepemagte self nie, maar dit het oorgegaan op die vuurvermoë van moderne wapens. In 'n baie groot mate was hierdie vuurkrag afkomstig van wapens apart van die troepemagte, wapens dus wat nie deel gevorm het van die aanvalsmagte self nie. In hierdie verband het die masjiengeweer 'n uiters belangrike rol gespeel. Die gevolg was dat die mobiliteit van troepemagte verlore gegaan het, en hulle moes oorgaan tot 'n vorm van verdedigingsoorlog waarin die front 'n lyn gevorm het tussen twee flanke. Dit spreek vanself dat hierdie twee flanke sterk verdedig is ten einde enige omflankingsbeweging te verhoed. Die mobiliteit van troepemagte het sodoende verstar in die loopgrawe waarin oorlogvoerendes beskutting gesoek het teen die vuurvermoë van die moderne wapens.

Die probleem waarvoor die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog te staan gekom het, was hoe om konsentrasie van mag en mobiliteit weer in die troepemagte self terug te bring wat hulle in staat kon stel om deur die verdedigingslinies van die vyand te dring tot ver in sy agtergebied. Dit het hulle verkry deur vuurvermoë met die spoed van die vinnigbewegende tenk te kombineer. Genl. Guderian het dit soos volg beskryf: " Wir sind im Gegenteil der Ansicht, dass Motoren unter Panzer uns gestatten, unsere Waffen ohne Feuervorbereitung in den Feind zu tragen, wenn wir dafür sorgen, dass die wichtigsten Voraussetzungen für ihren Einsatz erfüllt werden. Geeignetes Gelände, Überraschung und Masseneinsatz."[2] Die tenk was dus nie slegs 'n hulpmiddel om dit vir die ander afdelings van die weermag moontlik te maak om aan te val nie, maar dit het die hoofaanvalswapen geword. In hierdie operasies het hulle die steun van die lugmag en valskermtroepe geniet. Daarmee het die Duitsers 'n verdere dimensie verleen aan mobiele oorlogvoering wat ook bekend gestaan het as die "Blitzkrieg."

Met die ontwikkeling van moderne wapentuig, waardeur die vuur-

---

2. Guderian, H. Erinnerungen eines Soldaten. Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1951. p. 37-38.

vermoë van wapens steeds verhoog is, spreek dit vanself dat die oorlogstoneel steeds in breedte en diepte toegeneem het. Dit het op sy beurt weer daartoe bygedra dat weerstandsbewegings op groot skaal hulle verskyning gemaak het, wat deur middel van guerrilla-oorlogvoering die vyand in sy agterhoede getreiter en afgemat het. Weerstandsgroepe het gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n universele verskynsel geword. Hierdie krygsvorm sal vervolgens die aandag geniet.

## I. 2. Guerrilla-oorlogvoering.

Dit is 'n vry algemene verskynsel dat groot veldhere dwarsdeur die geskiedenis nog altyd die neiging getoon het om groot veldslae te boek te stel, en daarmee saam ook breedvoerig uit te wei oor oorlog, strategie en taktiek. Hierdie neiging het grootliks ontbreek by groot guerrillaleiers, en eers onlangs is guerrillaleiers gevind wat hulle ervarings volledig geboekstaaf het. Generaals van naam het in die verlede altyd met 'n mate van veragting neergesien op hierdie primitiewe, barbaarse vorm van oorlogvoering, met die gevolg dat guerrilla-oorlogvoering weinig of geen aandag in hulle werke geniet het nie.

Guerrilla-oorlogvoering is natuurlik 'n verskynsel wat so oud as die begrip „oorlog" self is. In die jaar 360 v.C. het guerrilla-oorlogvoering reeds in China voorgekom.

In die Apokriewe boeke verneem ons van die guerrilla-oorlog van die Makkabeërs onder aanvoering van Judas Makkabeus teen Siriese oorheersing. Gedurende hierdie opstand het Judas nasionale, godsdienstige en sosiale aspirasies vir die saak van die vryheid van die Jode suksesvol gemobiliseer. Dit is insiggewend om hierdie stryd in oënskou te neem omdat die probleme waarmee nasionale bevrydingsleërs deur die eeue geworstel het, reeds in hierdie stryd duidelik waarneembaar is.

Judea was 'n klein, swak landjie waarvan die inwoners hoofsaaklik boere was. Uit 'n militêre oogpunt gesien, was die Jode uiters swak daaraan toe, beide wat getalle en wapentuig betref. Die Siriërs het o.a. van olifante gebruik gemaak wat die Jode nie kon bekostig nie. Judas en sy manne was egter die vyand se meerdere wat moreel betref – 'n moreel wat sterk gewortel het in hulle godsdiens. Hulle het op eie bodem geveg teen 'n vyand wat afhanklik was van lang en moeilike

verbindingslinies. Die Jode het toe van guerrillataktiek gebruik gemaak om die vernietigende aanslae van die vyand af te weer en hulle het uiteindelik die oorwinning behaal.

Ons lees dat Judas en sy manne in die berge versamel was wat, alhoewel baie vaag, reeds dui op strategiese basisgebiede. Vanuit die berge het hulle dan toegeslaan: " So, coming unawares upon the towns and cities, he set them on fire, and taking possession of the most commodious places, he made no small slaughter of the enemy."(3)

Veel later, gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog, was dit ene Francis Marion wat in 1780 verwoesting gesaai het met sy guerrilla-bendes. Dit was egter eers in die oorlog tussen Spanje en Frankryk (1808-1814) dat die naam "Guerrilla" aan hierdie vorm van oorlogvoering gekoppel is. Gedurende hierdie oorlog het die Spanjaarde van kleiner gevegseenhede gebruik gemaak om strooptogte uit te voer op die Franse invalsmagte wat die magtige leërs van Napoleon aan 'n uiterste vorm van frustrasie onderwerp het. Die woord beteken dan ook "klein oorlog". Die woord wat Clausewitz in sy boek gebruik, is "Kleinkrieg". In bogenoemde oorlog was die guerrillas se vernaamste doelwitte die agterhoede en die verbindingslinies van die Franse magte.

As enkele verdere voorbeelde van guerrilla-oorlogvoering wat in die negentiende eeu voorgekom het, kan die volgende genoem word: guerrilla-oorlogvoering van die Kossakke teen die Franse magte (1812); guerrilla-operasies van Griekse partisane in die stryd teen die Ottomaanse Ryk (1821-1827); genl. Mosby se operasies in die Shenandoah-vallei (1862-1863) en genl. De Wet se guerrilla-operasies teen die Britse magte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).

Guerrilla-oorlogvoering het egter nooit 'n oorheersende rol gespeel in enige gewapende stryd nie. Guerrilla-eenhede het uitsluitlik op taktiese vlak geopereer, en hulle bydrae het daarin bestaan om die oorlog tot agter die vyand se linies uit te brei waardeur hulle meer 'n taktiese ondersteuningsfunksie vervul het. Die hoofdoel van hulle operasies was dus eintlik daarop gemik om die planne van die

---

3. 2. Machabees 8 : 1, 6.

vyand in die wile te ry, en om hom stelselmatig af te mat.

In die loop van die twintigste eeu het daar 'n boek van T.E. Lawrence verskyn, nl. "Seven Pillars of Wisdom", waarin die guerrilla 'n nuwe rol vervul het. In die stryd in die woestyn het sy guerrillas 'n strategies offensiewe funksie vervul waarin hulle bedrywighede ook gekoppel is aan politieke aspirasies.

Voordat Mao Tse-tung op die toneel verskyn het, kan guerrilla-eenhede meer beskou word as los militêre eenhede wat in die meeste gevalle 'n ondersteuningsfunksie vir gereelde troepe vervul het. Waar dit nie die geval was nie, het guerrillamagte nog nooit daarin geslaag om 'n oorlog te wen deur uitsluitlik te steun op guerrilla-oorlogvoering alleen nie. Dit sou eers Mao wees wat sielkundige oorlogvoering, politiek en ideologie op guerrilla-oorlogvoering sou inent, en sodoende die rewolusionêre guerrilla geskep het wat 'n algehele nuwe funksie sou vervul binne die raamwerk van rewolusionêre oorlogvoering.

* * *

Die opvallende kenmerk van guerrilla-oorlogvoering is die dinamiese aard daarvan. By guerrilla-oorlogvoering is dit nog meer van toepassing as by mobiele oorlogvoering. Beweging en verrassing verseker sukses; stilstand bring neerlaag. Op strategiese vlak word gevegte vermy, terwyl guerrillas op taktiese vlak alleen dàn veg wanneer oorwinning verseker is. Hulle krag lê in hulle verspreiding oor 'n wye gebied waardeur hulle die indruk skep van alomteenwoordigheid en onvernietigbaarheid. Aanvalle geskied plotseling en onverwags, waarna guerrillas weer plotseling soos mis voor die son verdwyn. In hierdie verband speel hinderlae 'n baie belangrike rol. Verspreiding vorm die basiese voorwaarde vir hulle voortbestaan, maar daarby beskik hulle ook oor die beweeglikheid om op taktiese vlak vinnig te konsentreer en aanvalle te loods op geïsoleerde, vyandelike eenhede. Hulle taktiek kan vergelyk word met 'n druppel kwik wat, sodra jy dit probeer vasgryp tussen twee vingers, in kleiner druppels wegspat, maar wat weer maklik in die oorspronklike vorm bymekaar gebring kan word. Met die vernietigingskrag wat skuil in taktiese kernwapens, sal hierdie selfde beweeglikheid in konvensionele troepe ingebou moet word wat weer 'n

nuwe bedeling in mobiele oorlogvoering kan meebring.

In die Maoïstiese strategie vervul die guerrilla ook 'n politieke funksie in die sin dat hy gelyktydig soldaat sowel as politieke agitator is. Dit bring ons dan by die ideologiese pyler.

## 2. DIE IDEOLOGIESE PYLER.

Lank voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was dit Mao Tse-tung wat in 1929 tydens die uitwissingsveldtogte van Chiang Kai-shek die beginsels van mobiele oorlogvoering toegepas het binne die raamwerk van rewolusionêre oorlogvoering en waarin hy mobiele oorlogvoering gekombineer het met guerrilla-oorlogvoering. In hierdie proses het hy ook beide gekoppel aan politieke en ideologiese elemente. Daarmee het hy 'n effektiewe wapen geskep vir die omverwerping van 'n bestaande regering en 'n gevestigde sosiale orde.

Wat die ideologiese pyler betref, is dit die grondleggers van die Kommunisme in Europa wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die denke van Mao Tse-tung. Die Kommunistiese ideologie was 'n direkte uitvloeisel van die Industriële Rewolusie. Die belangrikse invloed wat i g. op die gemeenskap gehad het, was die opkoms van 'n klas van permanente loonarbeiders. Uit die armoede, onderdrukking en die haglike toestande waaronder die proletariaat moes leef en werk, het Marx en Engels se teorie van klassestryd, rewolusie en die diktatuur van die proletariaat sy ontstaan gehad. Hulle het die teoretiese grondslae gelê en daarmee die weg berei vir die praktikus, Lenin, wat hierdie teorie in die praktyk toegepas het. In die proses was hy ook verantwoordelik vir die skepping van die Kommunistiese party as voorhoede van die proletariaat. Alhoewel die Russiese Rewolusie bloot as 'n rewolusionêre staatsgreep beskou moet word, het dit nietemin as sterk prikkel gedien vir die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

Die idee van rewolusie en klassestryd, tesame met 'n magdom van teorieë oor oorlogvoering wat met Clausewitz begin het, en die teorieë van die Chinese militêre filosoof, Sun Tzu, het die denke van Mao bevrug tot die skepping van 'n omvattende filosofie oor oorlogvoering en strategie. In sy militêre filosofie vind ons dus die sameloop van al

die elemente wat in hierdie hoofstuk bespreek is: die grondslae van die Marxisme-Leninisme, mobiele oorlogvoering en guerrilla-oorlogvoering. In sy stryd het guerrilla-oorlogvoering die basis gevorm en was die guerrilla by uitstek die middel wat politiek en oorlog tot een hegte eenheid laat versmelt het.

Na Mao se suksesvolle stryd in China is rewolusionêre oorloë op verskeie plekke in die wêreld ontketen. Die rede daarvoor moet gesoek word in bepaalde faktore wat na die Tweede Wêreldoorlog sterk na vore getree het.

## 3. FAKTORE WAT NA DIE TWEEDE WêRELDOORLOG DIE ONTWIKKELING VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING BEVORDER HET;

Alhoewel rewolusionêre oorlogvoering aanvanklik die wapen was wat deur insurgente in 'n interne stryd gebruik is, het Mao dit nietemin beskou as by uitstek die wapen wat die wêreldrewolusie moet bevorder. Na die oorlog was daar veral drie faktore wat direk daartoe bygedra het dat rewolusionêre oorlogvoering aansienlik toegeneem het beide wat die omvang en die intensiteit daarvan betref. Hierdie faktore het direk daartoe bygedra dat rewolusionêre oorlogvoering ook 'n rol begin speel het as internasionale magsaanwendingsmiddel in die hande van die Kommuniste. Hierdie faktore kan kortliks soos volg opgesom word:

Eerstens word gewys op die feit dat die ideologiese stryd na die Tweede Wêreldoorlog in felheid toegeneem het. Die ideologiese stryd dra 'n internasionale karakter soos dit weerspieël word in die Koue Oorlog wat sy ontstaan gehad het ná die oorlog. Die omvang en intensiteit van die stryd kan na gelang van omstandighede toeneem of afneem. 'n Toestand van volkome détente wat tot 'n durende vrede moet lei, kan egter nooit bereik word solank die Kommuniste bly vaskleef aan hulle uiteindelike strategiese oogmerk van wêreldoorheersing nie. Die s.g. détente, of toestand van ontspanning tussen die ideologiese magsblokke wat dikwels met soveel bravade wêreldkundig gemaak word, verteenwoordig eintlik slegs 'n taktiese frontverandering van die Kommuniste, waardeur 'n toestand geskep word wat moet inpas binne die breë raamwerk van hulle strategiese oogmerk van wêreldoorheersing. Die einddoel bly dus onveranderd; dit is slegs die taktiek wat van tyd tot tyd verander en wat so dikwels verkeerdelik aangesien word as 'n aflegging van hulle eindoogmerk.

Die ideologiese faktor het egter ook 'n interne betekenis waar dit die ideologiese konflik binne die grense van bepaalde lande weerspieël. Waar Kommunisties-geïnspireerde groepe bv. in stryd verkeer met gevestide regerings, en waar die oogmerk die omverwerping daarvan is, ontstaan 'n proses wat uiteindelik moet lei tot die vestiging van 'n nuwe orde met andersoortige waardesisteme. Dit spreek vanself dat daar 'n onderlinge verband bestaan tussen hierdie twee vlakke wat die ideologiese stryd betref.

Die tweede faktor is die skaakmattoestand wat tussen die kernmoondhede heers as gevolg van die totale uitwissingseffek van die kernwapen. In 'n volskaalse kernoorlog kan daar geen oorwinnaar wees nie, en wedersydse uitwissing bied geen sinvolle oogmerke nie. Daarom word oorlog op hierdie vlak as 'n "onmoontlikheid" beskou. Afgesien van die politieke skaakspel wat op kernvlak gespeel word, is die stryd na 'n ander vlak verskuif waar kernafskrikking weinig of hoegenaamd geen rol speel nie. Een van die wapens wat op hierdie vlak gebruik word, is rewolusionêre oorlogvoering, met die Derde Wêreld as belangrikste teikengebied.

Die situasie soos dit tans bestaan, is basies 'n herhaling van die verstarring wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog aan die Westerfront ontstaan het. Weer eens is dit die ontwikkeling op tegnologiese gebied wat tot hierdie toedrag van sake aanleiding gegee het. Magskonsentrasie het weer vanaf die troepe oorgeskuif na die vuurvermoë van moderne wapens. In hierdie geval is dit missiele wat gelaai is met kernknalkoppe. Die trefkrag van hierdie missiele is so hoog dat kernmoondhede by magte is om aanvalle op enige punt op die aardbol te loods. Die gevolg hiervan is dat die oorlogstoneel sodanig uitgebrei het dat dit inderdaad die hele wêreld omvat. Indien 'n kernoorlog sou uitbreek, vind ons die interessante verskynsel dat die front wat verdedig moet word, teruggeskuif is tot by die grense van die eie vaderland.

Binne die toestand van s.g. vrede is rewolusionêre oorlogvoering een van die middels wat deur die Kommuniste aangewend word om magskonsentrasie en mobiliteit in die troepe terug te bring, en in hierdie proses vind ons 'n versmelting van militêre, politieke, ideologiese, kulturele en ekonomiese elemente tot 'n effektiewe wapen wat hulle aanwend om deur die linies van hulle vyande te dring. Waar die uitbreiding van die

oorlogstoneel gedurende die Tweede Wêreldoorlog dus bygedra het tot die bevordering van guerrilla-oorlogvoering in die vorm van 'n uitgebreide netwerk van weerstandsbewegings, het die kernskaakmattoestand soos dit na die oorlog ontstaan het, direk aanleiding gegee tot 'n nuwe vorm van guerrillastrategie waarin sielkundige oorlogvoering en rewolusionêre oorlogvoering 'n steeds groter rol sal speel.

Dit bring ons dan by die derde faktor, nl. die onafhanklikheidswording van talle onderontwikkelde state van Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Dit verteenwoordig almal state wat nóg polities nóg ekonomies toegerus was om 'n volwaardige plek in die ry van ontwikkelde en beskaafde volkere in te neem. As ekonomies onderontwikkelde en polities onvolwasse gemeenskappe het hulle hulle plotseling in 'n posisie bevind wat vir hulle totaal vreemd was, en wat noodwendig aanleiding moes gee tot grootskaalse ontwrigting en chaos. Hoe groter die sosio-politieke onstabiliteit binne 'n ontwikkelende staat, hoe groter die versoeking vir plaaslike Kommuniste om hierdie magte vir hulle eie voordeel uit te buit. In hierdie proses is rewolusionêre oorlogvoering by uitstek die aangewese middel wat deur die Kommuniste gebruik word om rewolusie te bevorder. Dit geld veral China en Kuba, vanweë ervarings in rewolusionêre oorlogvoering op eie bodem, sowel as in nabygeleë of selfs aangrensende lande.

Die ongekende populariteit van rewolusionêre oorlogvoering weerspieël ook verder 'n versteuring in die tradisionele politieke, maatskaplike en ekonomiese bande onder die ontnugterde massas van die ontwikkelende lande. Dit dui verder ook op die steeds groeiende gaping tussen ryk en arm, tussen die onderdrukkende militêre mag van regeerders en die groeiende verset van die ondrdrukte massa wat alles bydra tot die skepping van 'n vrugbare teelaarde vir rewolusionêre bewegings.

As aangewese wapen in die hande van die swakkere bied rewolusionêre oorlogvoering verder 'n uitdaging aan die krag wat in moderne wapentuig en modern-toegeruste, konvensionele leërmagte skuil. Viëtnam en Algerië kan hier veral as voorbeelde dien waar die moderne "oorlogsmasjien" in 'n moeras vasgeval het en ook die onderspit moes delf, nie as gevolg van die fisieke krag van die rewolusionêre magte nie, maar as gevolg van die krag wat skuil in politieke en ideologiese

indoktrinasie, die mobilisering van die massa en die gees van onoorwinlike vasberadenheid wat daardeur in dien mense wakker geroep is.

Gesien teen die agtergrond van die spanning tussen ryk en arm lande, tussen Ooste en Weste, tussen rassegroepe en die gesagskrisis wat bykans die hele wêreld omspan, word die ontsettende gevare wat rewolusionêre oorlogvoering inhou, by die dag groter.

Wat is nou die aard en die kenmerke van hierdie vorm van oorlogvoering soos dit hom onderskei van rewolusie, staatsgreep en ander krygsvorme? In die volgende afdeling sal die soeklig op hierdie vraag val.

## 4. DIE AARD EN DIE KENMERKE VAN REWOLUSIONÊRE OORLOGVOERING.

Die eerste wat by die bestudering van hierdie verskynsel opval, is die feit dat dit hier gaan om 'n bepaalde vorm van oorlogvoering. Die aanwending van geweld vir die bereiking van bepaalde politieke oogmerke dui al dadelik op die rewolusionêre aard daarvan. Ons het hier te make met die gewelddadige omkeer van staatkundige en/of maatskaplike toestande, 'n ommekeer wat nie slegs van politieke aard is nie, maar waarby die verandering van ekonomiese, sosiale en kulturele verhoudinge ook wel deeglik inbegrepe is. Rewolusionêre oorlogvoering is 'n rewolusionêre aksie waar dit nie gaan om die blote oorname van 'n bestaande regering nie, maar om die totale vernietiging van 'n bestaande politieke stelsel en 'n bestaande sosiale orde, en dan die vestiging van 'n algehele nuwe orde met andersoortige waardesisteme. Bloot oppervlakkig herinner dit sterk aan rewolusie in sy oorspronklike betekenis.

Die hele proses van rewolusionêre oorlogvoering verskil egter wesenlik van die betekenis wat gewoonlik aan die begrip "rewolusie" geheg word. Die begrip "rewolusie" dui op 'n eksplosiewe omwenteling van sosiale en politieke aard. Die algemene kenmerk daarvan is dat dit onverwags en spontaan plaasvind. Die ontstaan en die verloop daarvan kan gewoonlik ná die rewolusie verklaar word, maar dit kan nie vooraf voorspel word nie, alhoewel die simptome daarvan soos dit binne 'n bestaande rewolusionêre situasie voorkom, gewoonlik reeds geruime tyd vóór die uitbreek van die rewolusie duidelik merkbaar mag wees.

In 'n rewolusie is dit die massa wat in beweging kom, en dit is eers gedurende die rewolusie of daarna dat die leiers van rewolusionêre bewegings na vore tree. Die neiging bestaan somtyds om rewolusies te assosieer met leiersfigure, as sou hulle die skeppers daarvan wees. In werklikheid kan geen leier die voorwaardes vir 'n rewolusie skep nie. Die teendeel is egter waar, nl. dat hy teer op 'n bestaande rewolusionêre situasie wat die gevolg is van ontwikkelinge en veranderinge op politieke en sosiale gebied, en wat uit die aard van hulle ingewikkeldheid nie die werk van enkelinge kan wees nie. Die leiersfigure tree na vore as sosiale en politieke hervormers eers wanneer 'n rewolusionêre situasie werklik bestaan, en die massa daadwerklik in beweging kom.

By rewolusionêre oorlogvoering vind ons die omgekeerde proses waar die omwenteling die vrug is van 'n lang, uitgerekte stryd. 'n Rewolusionêre oorlog kan egter ook nie uit die bloute geïnisieer word nie, m.a.w. die nodige voorwaardes vir die inisiëring van rewolusionêre oorlogvoering moet bestaan. Hierdie voorwaardes neem gewoonlik die vorm aan van ontevredenheid en griewe wat hulle oorsprong het in faktore van politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele en selfs godsdienstige aard. Rewolusionêres moet dus beskik oor 'n kragtige motief waarmee hulle die massa kan indoktrineer en mobiliseer. In die proses maak hulle gewoonlik gebruik van 'n wye verskeidenheid van bymotiewe waarmee hulle poog om die regering in onguns by die massa te bring. In die proses word alle swak punte in die administrasie van die regering blootgelê en uitgebuit. Baie keer word die eintlike motief verskuil agter ander bymotiewe. Die Kommuniste is veral meesters op hierdie gebied, en ons vind dikwels dat hulle hulle ideologiese oogmerke verskuil hou agter populêre motiewe soos bv. korrupsie en wanbestuur van die regering, nasionalistiese aspirasies, die rassekwessie, ens. Namate die steun van ten minste 'n groot deel van die massa vir die saak van die rewolusionêre verkry is, word die politieke stryd geleidelik gekoppel aan militêre aksie. Waar die massa tydens 'n rewolusie gewoonlik op 'n ongeorganiseerde wyse in beweging kom, word die massa dus in rewolusionêre oorlogvoering militêr en polities georganiseer vir die rewolusionêre stryd, en ons het in der waarheid met 'n besondere vorm van oorlogvoering te make.

'n Verdere belangrike kenmerk van rewolusionêre oorlogvoering is die selvormige ontwikkeling daarvan, 'n rewolusionêre stryd dus wat in sy ontwikkelingsgang verskillende fases deurloop vanaf politieke

beïnvloeding en subversie tot openlike geweld, opstand en selfs mobiele oorlogvoering, wat dikwels lei tot burgeroorlog. In die hele proses is die rol wat guerrilla-oorlogvoering speel, van deurslaggewende belang. Die stryd word metodies gevoer, stap vir stap, 'n uitgerekte proses dus wat moet lei tot die verwesenliking van bepaalde korttermyn-oogmerke, en wat dan uiteindelik moet voer tot die algehele omverwerping van 'n bestaande regering, en van 'n bestaande sosiale orde. Die begin daarvan kan ewemin voorspel word, omdat die begin daarvan so subtiel van aard is. Kenmerkend van die verloop van die stryd is dat leiers eers hulle verskyning maak, en dat die massa dan in beweging gebring word.

Meer bepaald kan rewolusionêre oorlogvoering gesien word as 'n versmelting van guerrilla-oorlogvoering en sielkundige oorlogvoering. Beide kompenente moet in hulle breedste betekenis beoordeel word. Guerrilla-oorlogvoering sluit alle operasies in wat deur indiwidue en kleiner groepe uitgevoer word. Dit sluit o.a. in sabotasie, terreur, hinderlae, strooptogte, tot selfs mobiele oorlogvoering. Sielkundige oorlogvoering sluit alle gewelddadige sowel as nie-gewelddadige middele in wat hoofsaaklik daarop gemik is om die opponent te beïnvloed en te intimideer eerder as om hom fisiek uit te wis. Dit sluit enige iets in van 'n plaaslike gerug tot die heimlike indoktrinasie van burgerlikes tot selfs dade van terrorisme wat op selektiewe wyse uitgevoer word en wat deel vorm van 'n proses van intimidering van die burgerlike bevolking.

In rewolusionêre oorlogvoering is daar dus twee aksies wat duidelik van mekaar onderskei kan word, maar wat in die praktyk nooit van mekaar geskei kan word nie, nl. die politieke aksie en die militêre aksie. Terwyl die politieke aksie in die beginfase van die stryd die belangrikste plek inneem, vind hierdie twee aksies in die verdere verloop van die stryd gelyktydig plaas en hulle kan op geen stadium van mekaar geskei word nie. Die militêre aksie het as doelwit die stelselmatige uitputting en uitwissing van vyandelike, militêre magte, maar dit vervul terselfdertyd ook 'n politieke funksie met die indoktrinasie en mobilisering van die massa. Albei hierdie aksies word op hulle beurt beheer en gelei deur die party. Die veel aangehaalde definisie van Clausewitz, nl. dat oorlog die voortsetting van die politiek is,

slegs met ander middele, word dus tot die uiterste konsekwensie gevoer. Daarom kan Mao Tse-tung dan ook verklaar dat oorlog politiek is met bloedvergieting, en dat politiek oorlog is sonder bloedvergieting. Na analogie van Clausewitz kan dus met reg beweer word dat: " Insurgency is the persuit of the policy of a party, inside a country, by every means."(4)

* * *

Ten einde die besondere plek van rewolusionêre oorlogvoering as magsaanwendingsmiddel in sy rewolusionêre verband duideliker te bepaal, is dit nodig om ook kortliks te verwys na 'n ander eeue-oue verskynsel, nl. die staatsgreep.

In teenstelling met rewolusionêre oorlogvoering kan 'n staatsgreep alleenlik uitgevoer word deur 'n bepaalde groep persone wat reeds 'n aandeel het in die bestaande staatsbestuur. In besonder word gewoonlik gesteun op die hulp van sekere faksies binne die weermag. Die laaste stap in 'n rewolusionêre oorlog, nl. die daadwerklike oorname van die regering van die land, vorm die eerste en beslissende stap in 'n staatsgreep. 'n Rewolusionêre oorlog mag vir baie jare aanhou; in 'n staatsgreep daarenteen hang alles af van die beslissende eerste paar uur.

Daar word gewoonlik na drie soorte staatsgrepe verwys, nl. die sogenaamde paleisrewolusie, die hervormende staatsgreep en die rewolusionêre staatsgreep, waarvan laasgenoemde ons aandag vereis. Die rewolusionêre staatsgreep verskil basies van die ander twee in die sin dat doelbewuste pogings ná die voltrekking van die staatsgreep aangewend word om ingrypende politieke, sosiale en ekonomiese veranderinge teweeg te bring. Dit gaan gewoonlik gepaard met die aanwending van geweld wat o.a. gerig is teen weerstandsgroepe binne die gemeenskap. Dit mag dan ook verder uitloop op 'n volskaalse burgeroorlog.

---

4. Gulula, D. Counter insurgency-warfare. London and Dunmow, Pall Mall Press, 1964. p.3.

Waar 'n rewolusionêre oorlog dus 'n rewolusie van buite na binne is, is die rewolusionêre staatsgreep 'n rewolusie van binne na buite. Ons kan rewolusionêre oorlogvoering beskou as 'n vorm van uitputtingsoorlog wat teen die regering sowel as teen die gemeenskap gevoer word, terwyl die rewolusionêre staatsgreep 'n blitsoorlog teen die regering is, en daarna die vorm aanneem van 'n uitputtingsoorlog teen die gemeenskap. Dit toon, wat hierdie punt betref, die duidelike verskil aan tussen die Russiese Rewolsusie en die rewolusionêre stryd in China; die verskil tussen die rewolusionêre staatsgreep en rewolsuionêre oorlogovering.

Dit is verder interessant om te let op die rol wat die leër gespeel het in die Franse Rewolusie ( wat 'n rewolusie in die ware sin van die woord was), die Russiese Rewolusie ( wat niks anders as 'n rewolusionêre staatsgreep was nie), en die Chinese Burgeroorlog (waar ons met rewolsuionêre oorlogvoering in sy ware betekenis te doen het). Net soos die Franse Rewolusie die ou aristokratiese leërs van die Bourbons op die ashoop gegooi het, en die Russiese Rewolusie die gedemoraliseerde leërs van die Tsaars vernietig het, so was die rewolusionêre stryd in China daarvoor verantwoordelik dat die semi-feodale, militêre stelsel van Chiang Kai-shek vernietig is. Daar is egter een groot verskil: in Frankryk en in Rusland is geen nuwe leërs gevestig vóór die magsoorname deur die rewolusionêres nie, maar eers daarna. In China daarenteen is 'n nuwe leër gedurende die rewolusionêre stryd geskep en opgebou. Dit was dus intiem ingeweef in die rewolusionêre proses en dit is in die loop van die stryd opgebou tot 'n magtige leër wat die oorlog in die stede in die laaste fase van die stryd suksesvol deurgevoer het.

Uit die voorgaande word dit ook duidelik dat 'n rewolusionêre oorlog nooit iets anders kan wees as 'n vorm van totale oorlog nie. Namate die stryd vorder, neem die omvang daarvan steeds toe, sodat dit in die latere fases met reg bestempel kan word as 'n volksoorlog.

* * *

Samevattend kan rewolusionêre oorlogvoering soos volg omskryf word: Rewolusionêre oorlogvoering dui op 'n uitgerekte, interne stryd alhoewel eksterne invloede ook 'n belangrike rol mag speel. Die

insurgensie word van stapel gestuur en gelei deur 'n interne groep of groepe. Die strategiese oogmerke van hierdie groep of groepe, of hulle nou deur internasionale Kommunisme geïnspireer word en of hulle onafhanklik optree, is die omverwerping van 'n gevestigde regering. In die proses word hoofsaaklik gesteun op die aktiewe samewerking van die massa of ten minste 'n groot deel daarvan. In rewolusionêre oorlogvoering vind ons die versmelting van militêre, politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele en psigologiese elemente tot 'n volkome geïntegreerde en effektiewe wapen. Die hele proses neem die vorm aan van 'n selvormige ontwikkeling waartydens die magte van die insurgente stelselmatig opgebou word. In die proses word hoofsaaklik gesteun op guerrilla-oorlogvoering, nie in sy suiwer militêre betekenis nie, maar in die betekenis van rewolusionêre guerrilla-oorlogvoering, waarby guerrillas 'n ewe belangrike politieke funksie vervul in die indoktrinering en mobilisering van die massa. Ten einde die oorwinning te kan behaal, moet daar egter in die laaste fase van die stryd oorgegaan word tot mobiele oorlogvoering.

Die drie basiese elemente van rewolusionêre oorlogvoering is dan: guerrilla-oorlogvoering, die mobilisering van die binnefront en mobiele oorlogvoering. In die laaste fase van die rewolusionêre stryd moet al drie hierdie elemente tot een magtige wapen saamgesnoer word. Sukses hang af van die doeltreffende wisselwerking tussen hierdie drie elemente, met mobiele oorlogvoering as die dolk wat die laaste doodsteek moet toedien - 'n vorm van oorlogvoering dus waarvan die momentum in die loop van die stryd opgebou word, en dan uiteindelik kulmineer in 'n volskaalse, totale oorlog.

Rewolusionêre oorlogvoering soos in hierdie hoofstuk beskryf, is die resultaat van 'n historiese bouproses. Die werk van diegene wat in die loop van die jare die boustene voorsien het, sal nou verder in oënskou geneem word.

-------oooooo00000oooooo----------

# HOOFSTUK 3.

## VON BÜLOW EN VON CLAUSEWITZ : NASIONALE VERDEDIGING EN DIE BINNEFRONT.

In die tyd toe nasionale oorloë en massaleërs die veiligheid van baie state in Europa bedreig het, het Bülow en Clausewitz sekere strategiese beginsels neergelê wat direk betrekking gehad het op die verdediging van die vaderland teen invalle van buite, maar wat indirek ook 'n groot invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering. In hierdie verband is dit veral die klem wat hulle op die binnefront gelê het wat later so 'n belangrike rol sou speel in die teorie van rewolusionêre oorlogvoering.

Die vlaag van nasionalisme wat deur die Franse Rewolusie ontketen is, het sy invloed oor die hele Europa laat geld. Die stryd in Pruise en sy herrysing as 'n magtige staat is dan ook die gevolg van die opbruising van patriotisme en nasionale gevoel. Die ou verslane leër van 1806 is opgebou en gereorganiseer tot die magtige leër van 1813.

Terwyl die rewolusionêre leërmagte van Frankryk oorwinnings oor die hele kontinent behaal het, het die Pruisiese veldhere en stratege steeds vasgekleef aan die uitgediende strategiese beginsels van Frederik die Grote. Die verering vir hierdie groot veldheer was trouens so groot dat enige afwyking van sy strategiese beginsels as heiligskennis beskou is. Dit was veral bogenoemde twee stratege wat die grootste aandeel gehad het in die verandering wat plaasgevind het. Dit kon ook haas nie anders nie, want die rewolusionêre tydsgees het verandering noodsaaklik gemaak. Dit is veral Clausewitz wat riglyne in die strategie neergelê het wat tot vandag nie hulle geldigheid verloor het nie.

Bülow het hom veral besig gehou met nasionale verdediging, terwyl Clausewitz die profeet van mobiele, offensiewe oorlogvoering was, maar wat ook die sesde boek van sy werk "Vom Kriege" wy aan nasionale verdediging en waarin guerrilla-oorlogvoering ook die aandag geniet.

## I. ADAM HEINRICH DIETRICH FREIHERR VON BÜLOW (1757-1807).

Gedurende sy besoeke aan Amerika, België, Engeland en Frankryk het hy onder die indruk gekom van die nuwe gees wat in die wêreld vaardig geword het. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog het veral 'n diep indruk op hom gemaak en hy het in hierdie oorlog die begin gesien van 'n nuwe politieke en militêre tydvak.

In sy eerste militêre werk "Geist des Neuern Kriegssystems" (1798) word die grondslag van sy strategie duidelik neergelê: "In the newer warfare the advantage is on the side of justice and freedom; that is, the nature of things favors defensive war and, in case of oppression, an uprising of the citizens of the state, if they have arms, against a disciplined standing army."(1)

In nasionale verdediging het hy dus die sterkste vorm van oorlogvoering gesien. Waar die volk in sy geheel deel het aan die stryd, is die oorwinning verseker. Nasionale mag omvat volgens hom die fisieke, morele en ekonomiese kragte van die ganse volk. In bogenoemde aanhaling spreek die invloed van die Franse Rewolusie en die Amerikaanse Rewolusie duidelik. Daar is sprake van opstand teen onderdrukking wat, hoewel baie vaag, reeds dui op die binnefront. Dit spreek verder duidelik dat wat die opstand van die bevolking betref, verwys word na 'n gewapende opstand, met ander woorde, 'n interne oorlog.

---

1. Aangehaal uit: Sveics, V.V. Small nation survival. New York Exposition Press. 1970. p. 79.

Die strategie wat hy voorstaan, is indirek van aard, nl. indirekte maneuvers, operasies wat gemik is teen die vyand se agter - hoede en flankaanvalle. Strydig met die strategiese beginsels van daardie tyd beweer hy verder: "One cannot hurt the enemy more than by going where he is not."[2] Dit is nie bekend of Bülow Sun Tzu gelees het nie, maar hierdie aanhaling herinner sterk aan die Chinese militêre filosoof wat so 'n groot invloed gehad het op die denke van Mao-Tse-tung. Hierdie aanhaling dui beslis op 'n handeling wat daarop gemik is om vyandelike troepe te dwing om te versprei, 'n bepaalde aksie wat hier nog in sy suiwer militêre betekenis gesien moet word. Van 'n doelbewuste koppeling van politieke aksie aan die militêre aksie van verspreiding van magte wat as een van die beginsels van rewolusionêre oorlogvoering geld, is hier nog geen sprake nie.

By Bülow vind ons ook reeds die idee dat die grootste mate van wanorde en verwarring in die geledere van vyandelike magte geskep moet word. Die doel daarvan is om die magte van die vyand te verdeel, te verwar en te isoleer. Hy verwys na politieke en sielkundige faktore. Hierdie faktore bring hy egter in verband met die algemene moreel van die volk en die gewapende magte. Entoesiasme, patriotisme en veggees is vir hom die bepalende faktore in enige rewolusionêre stryd.

Alhoewel ons 'n innige versmelting van politiek en oorlog by Bülow vind, beskou hy politieke strategie as die hoogste vorm van strategie. Hy stel dus oorlog ondergeskik aan politiek, soos dit later ook die geval by Clausewitz is. Sy oogmerke was die verpolitisering van die Pruisiese leër. In hierdie verband beweer hy dan ook dat die bevordering van nasionalisme die belangrikste plek moet inneem by die opleiding van soldate in vredestyd.

Die kern van Bülow se idees oor oorlogvoering lê dus in die noue verband wat hy sien tussen oorlog en politiek, en daarmee saam die hegte band tussen patriotisme en militêre diensplig en die beklemtoning van die rol van die burgerlike bevolking waar dit gaan om die

---

2. Ibid., p. 80.

verdediging van die vaderland en geregverdigde opstand teen onderdrukking. Wat sy strategie en taktiek betref, vind ons reeds by hom die spore van ongereelde oorlogvoering.

## 2. KARL VON CLAUSEWITZ (1780-1831).

Clausewitz is by uitstek die apostel van offensiewe, mobiele oorlogvoering, en Napoleon se veldslae het hoofsaaklik die grondslag gevorm van sy groot werk "Vom Kriege". Die grootste deel van die werk staan dan ook in die teken van mobiele oorlogvoering. Die sesde boek van hierdie werk het hy egter gewy aan nasionale verdediging wat vir hierdie studie van belang is.

Clausewitz was 'n aanhanger van die idees van Hegel, en daarom kom die idee van teenstelling, die botsing tussen tese en antitese om te kom tot die sintese, in die werk sterk tot uiting. Hy het hierdie idees slegs van toepassing gemaak op die militêre denke. Ons dink hier veral aan sy idee van totale oorlog wat vir hom alleen in sy abstrakte betekenis bestaan het. In die praktyk het oorlog vir hom egter alleen in sy beperkte vorm bestaan. Tussen hierdie twee vorme wat oorlog kan aanneem, is daar 'n wye verskeidenheid vorme (sintese) wat oorlog in die praktyk kan aanneem, afhangende van bepaalde politieke en strategiese oogmerke wat deur oorlogvoerendes nagestreef word. Die plek wat totale oorlog in sy abstrakte betekenis in sy leer beklee, het aanleiding daartoe gegee dat Clausewitz dikwels verkeerdelik voorgehou word as die apostel van totale oorlog. Hierdie selfde begrip van teenstellende kragte vind ons later weer by Mao Tse-tung wat hy via Marx en Lenin gekry het en wat hy, net soos Clausewitz, op die militêre denke van toepassing gemaak het.

Clausewitz is gebore in 1780, en reeds op twaalfjarige ouderdom sluit hy in 1792 by die Pruisiese leër aan, waar hy op vroeë ouderdom deelgeneem het aan die Rynse veldtog van 1793-1794. Hy dien in die Pruisiese leër tot met Napoleon se Russiese veldtog toe hy oorgeplaas is na die Russiese leër. Dit het hom in direkte kontak gebring met die mobiele oorlogvoering van Napoleon, maar dan gelyktydig ook met die weerstand van die Russiese troepemagte en die Russiese volk teen

die Franse invalsmagte. Die weerstand van die Spaanse guerrillas teen die invalsmagte van Napoleon in Spanje het as 'n verdere prikkel vir sy idees oor nasionale verdediging gedien.

Die aandag sal vervolgens gewy word aan die sesde boek van "Vom Kriege" waar dit uitsluitlik gaan oor nasionale verdediging, die verhouding tussen offensief en defensief en die rol van die burgerlike bevolking in die hele proses. Laasgenoemde is veral belangrik omdat hier gehandel word met die binnefront en die daarmee gepaardgaande idee van 'n volksoorlog wat weer dadelik herinner aan Mao Tse-tung se idee van 'n volksoorlog, alhoewel hy dit in 'n gans ander verband gebruik het.

2. 1. Nasionale verdediging en die rol van die burgerlike bevolking.

Wanneer dit kom by nasionale verdediging, maak Clausewitz die bewering dat 'n defensiewe oorlog die sterkste vorm van oorlogvoering is. Volgens hom bestaan daar baie faktore wat, ongeag die absolute sterkte en kwaliteit van gevegsmagte, die taktiese sowel as die strategiese resultaat beïnvloed. Hieronder noem hy die voordeel dat die verdediger oor deeglike kennis beskik van die land of bepaalde gebied wat teen 'n inval verdedig moet word, en verdere voordele wat uit bogenoemde voortspruit, nl. verrassing en skielike aanval, aanvalle vanuit verskillende rigtings (die konvergerende vorm van aanval), die steun van die massa en die benutting van die morele krag van die burgerlike bevolking.

Hy maak 'n duidelike onderskeid tussen wat hy "Landswehr" noem, wat min of meer ooreenkom met die burgermag soos ons dit vandag ken, en die verdediging van die land deur die burgerlike bevolking in sy geheel in georganiseerde vorm. So beweer hy dat:

> *"- there always lies in the idea of a"Landswehr" the notion of a very extensive more or less voluntary co-operation of the whole mass of the people in support of the War, with all their feelings, and a ready sacrifice of all they possess. The more its organiszation deviates from this, so much the more the forces thus created will become a standing Army under another name, and the more*

*it will have the advantages of such a force; but it will also lose in proportion the advantages which belong properly to a patriotic levy, viz., those of being easily increased by appealing to the feelings and patriotism of the people. In these things lies the essence of a militia; in its organization, latitude must be allowed for this co-operation of the whole people; if we seek to obtain something extraordinary from a militia, we are only following a shadow."(3)*

Die ware setel van krag in nasionale verdediging lê dus vir hom in die milisie, die georganiseerde massa, en hy beklemtoon die moreel as van deurslaggewende betekenis vir 'n volk wat hom in 'n oorlogsituasie bevind, en waar dit gaan om die verdediging van die eie vaderland. Voorts beweer hy: "---the spontaneous co-operation of the people, proceeding from the true attachment, is in all cases most important, as it never fails in all these points where service can be rendered without any sacrifice."(4)

Waar dit kom by die aktiewe deelname van die burgerlike bevolking in 'n strategiese, defensiewe oorlog, beskou hy dit as 'n oorlog wat deur die volk in sy geheel gevoer word. 'n Nuwe mag word sodoende geskep, 'n mag wat veel meer is as 'n blote manifestasie van verhoogde samewerking van die kant van die massa. Dit is dan in die ware sin van die woord 'n volksoorlog, waarin die moreel van die ganse volk van deurslaggewende betekenis is. In hierdie verband is die invloed van Clausewitz op die stryd wat Mao Tse-tung in China gevoer het, baie duidelik.

---

3. Clausewitz, Genl. Carl von. On War, Vol. II, Book VI, London, Kegan Paul, Trench, Trubner & Co., Ltd., 1918. p. 157-158.

4. Ibid, p. 159.

## 2. 2. Die verhouding tussen offensief en defensief in 'n strategies defensiewe oorlog.

In die voorgaande afdeling is gedui op die klem wat Clausewitz lê op die beginsel dat die burgerlike bevolking in sy geheel betrek moet word in 'n strategies defensiewe oorlog, d.w.s. wanneer die vaderland verdedig moet word teen invalle van buite. In hierdie afdeling word die strategiese beginsels wat hy neergelê het vir die voer van 'n defensiewe oorlog, onder die loep geneem.

Clausewitz definieer verdediging as die afweer van 'n slag. Hy onderskei twee fases, nl. die fase van afwagting en die fase van offensiewe aksie, en hy voeg dan by: ".....for without the first, there would be no defensive, without the second no War."[5]

Hy beskryf verskillende vorme van defensiewe operasies, waarvan ons die aandag slegs wil bepaal by wat hy noem " retreat into the interior". Dit dui op 'n strategies defensiewe operasie waardeur invalsmagte in die land ingetrek of ingelok word. Die doel daarvan word deur hom soos volg gestel:

> *" ----to cause a diminution in the enemy's strength, and to wait until its effects are such that his forward march is of itself discontinued, or at least until the resistance which we can offer him at the end of his career is such as he can no longer overcome." (6)*

Die doel met die terugwyking die binneland in is dus om die kragte van vyandelike magte uit te put en af te mat. Die hele proses van terugwyking vorm dus deel van die proses van afwagting waarin tyd 'n uiters belangrike rol speel, want inheemse magte het tyd nodig om die gunstige omstandighede èn voorwaardes te skep wat moet lei tot die stelselmatige versterking van die defensief met die oog op toekomstige offensiewe aksie.

'n Defensiewe aksie van terugwyking beteken egter nie slegs 'n toestand of fase van passiewe afwagting nie, want dit moet in een of

---

5. Ibid. , p. 172.
6. Ibid. , p. 172.

ander stadium oorgaan tot die strategiese offensief. Meer nog, offensiewe aksie lê reeds opgesluit in die strategies defensiewe aksie, waar dit slegs verskuif word na 'n ander vlak, nl. die taktiese vlak, waarby taktiese offensiewe aanvalle op verspreide vyandelike magte meehelp om die kragte van die vyand uit te put. Die belangrike oogmerk in hierdie proses is dus om die vyand te dwing om sy magte te versprei ten einde aan inheemse magte die geleentheid te bied om hulle stuksgewyse uit te wis, en op hierdie wyse dan by te dra tot die uitputting van sy kragte.

Die tweede fase word deur Clausewitz soos volg beskryf:

> *" As long as the defensive is gaining strength, the postponement of the decision is in the interest of the former: but as soon as the culmination point of this progressive advantage has arrived, as it must do, were it only by the ultimate influence of the general loss to which the offensive has exposed himself, it is time for the defender to proceed to action, and bring on a solution, and the advantage of the "waiting for" may be considered as completely exhausted."(7)*

Die hele proses moet dus voer tot daardie punt, die kulminasiepunt, waar die kragte van die vyandelike leërmagte sodanig uitgeput is dat hulle nie meer kan volhou met die strategiese offensief nie. Dit is dan vir die inheemse magte die beslissende oomblik om tot die strategiese offensief oor te gaan. Waar die klem by Clausewitz nog val op die stelselmatige uitputting van vyandelike leërmagte as 'n natuurlike, logiese proses, val die klem by Mao Tse-tung, soos later behandel sal word in hoofstuk 6, hoofsaaklik op die doelbewuste poging van inheemse troepe in samewerking met die burgerlike bevolking in sy geheel om die vyandelike magte stelselmatig af te mat.

Clausewitz skets ook die hele proses in breë algemene trekke sonder om oor besonderhede uit te wy. Tog vind ons in bostaande aanhaling die riglyne waarop later gebou is, en ons vind in breë trekke hier 'n aanduiding van die drie fases wat rewolusionêre oorlogvoering in sy ontwikkelingsgang deurloop, en wat ook van toepassing gemaak is

---

7. Ibid., p. 177. Skrywer onderstreep.

op 'n interene rewolusionêre stryd. In hierdie proses is die idee van teenoorgestelde kragte ook duidelik merkbaar, en die swakke word ook teenoor die sterke gestel. Dit is veral interessant dat Clausewitz die morele krag van die volk stel teenoor die fisieke krag van die vyand, 'n beginsel wat 'n ereplek beklee in die leer van rewolusionêre oorlogvoering.

In die ses-en-twintigste hoofstuk van Boek VI handel Clausewitz meer bepaald met volksbewapening en die rol van die burgerlike bevolking in die hele proses, en waarin guerrilla-oorlogvoering ook die aandag geniet.

2. 3. Volksbewapening.

Alhoewel Clausewitz in sy "Bekenntnisdenkschrift" van 1812. wat saamgeval het met die hoogtepunt van sy strewe om 'n einde te probeer maak aan die Pruisiese onderwerping aan Franse oorheersing, die idee van volksopstand propageer het, verwerp hy in sy boek "Vom Kriege" volksbewapening as 'n rewolusionêre middel vir die omverwerping van wettige gesag. Dit gaan by hom dus uitsluitlik om die verdediging van die vaderland teen vreemde invalsmagte.

Uit die bespreking van die verhouding tussen offensiewe en defensiewe aksie vloei dit nou logies voort dat die strategiese defensiewe aksie oor 'n breë front versprei moet word in 'n groot aantal kleiner offensiewe operasies op taktiese vlak. Die beginsel van magsverspreiding lê dus hierdie aksie ten grondslag. Hierdie beginsel vorm ook een van die belangrikste grondslae van rewolusionêre oorlogvoering.

In die volgende aanhaling wat volledig aangehaal word, en waarin al die elemente teenwoordig is wat later so 'n belangrike plek ingeneem het in rewolusionêre oorlogvoering, beskryf Clausewitz die proses soos volg:

> *" The greater that surface and the greater the contact with the enemy's Army consequently the more that Army spreads itself out, so much greater will be the effects of arming the Nation. Like a slow gradual heat, it destroys the foundations of the enemy's Army. As it*

> *requires time to produce its effects, therefore whilst the hostile elements are working on each other, there is a state of tension which either gradually wears out if the people's War is extinguished at some points, and burns slowly away at others, or leads to a crisis, if the flames of this general conflagration envelop the enemy's Army and compell it to evacuate the country to save itself from utter destruction.*"(8)

Uit sy ondervinding in Spanje het Napoleon na guerrilla-oorlogvoering verwys as die kanker van die Ryk. Clausewitz verwys daarna as 'n verterende vuur wat geleidelik vernietig. Ons vind dus hier reeds die teenstelling van die fisiek swakkere teenoor die fisiek sterkere en waarin tyd die beslissende faktor is vir die omskepping van swakheid in krag. In Mao Tse-tung se leer van 'n lang uitgerekte oorlog word hierdie idee nog sterker beklemtoon.

Met betrekking tot die rol van die burgerlike bevolking beklemtoon Clausewitz die feit baie sterk dat 'n volksoorlog altyd in kombinasie met konvensionele leërmagte gevoer moet word, en dat die operasies van beide gekoördineer moet word ter bevordering van die geheel.

Voorts lê hy dan die volgende voorwaardes neer vir geslaagde guerrilla-oorlogvoering:

1. Die operasies moet in die binneland gevoer word, m.a.w. die vyand moet die land binnegelok word.
2. Beslissings in guerrilla-oorlogvoering hang nie af van enkele gevegte of slae nie. Die uitgerektheid van die stryd word daarmee aangedui.
3. Die oorlogstoneel moet 'n uitgestrekte gebied omvat.
4. Die oorlogspoging moet deur die volk gesteun word.
5. Die topografie van die land moet eienskappe van onreëlmatigheid, onbegaanbaarheid en ontoeganklikheid vertoon.

---

8. Ibid. , p. 342. Skrywer onderstreep.

Al die basiese beginsels van rewolusionêre oorlogvoering is opgesluit in hierdie vyf voorwaardes, behalwe die strategiese, politieke en geografiese basisgebiede wat eers later deur Mao Tse-tung ontwikkel sou word.

Volkstroepe en gewapende kleinboere tree ook nie op teen die hoofmag van die vyand nie. "---they must not attempt to crush the nut, they must only gnaw on the surface and the borders."(9) 'n Kenmerkende eienskap van guerrilla-operasies by Clausewitz is die ongekoördineerde wyse waarop guerrilla-eenhede opereer. Ten opsigte van magskonsentrasie lê Clausewitz die volgende beginsel neer wat later die grondslag gevorm het van Mao se guerrillataktiek: "---it is also requisite that they should have such a position and place that the battle may be fought under favourable circumstances."(10)

Dan volg die veelseggende beeld wat ons telkens weer by latere teoretici oor rewolusionêre oorlogvoering vind:

> *"According to our idea of a people's War, it should, like a nebulous vapoury essence, never condense into a solid body; ---Still, however, on the other hand, it is necessary that this mist should collect at some points into denser masses, and form threatening clouds from which now and again a formidable flash of lightning may burst forth. These points are chiefly on the flanks of the enemy's teatre of War." (11)*

Dit is 'n pragtige beeld wat Clausewitz hier gebruik om guerrilla-operasies mee te beskryf. Daarmee beklemtoon hy ook die mistieke alomteenwoordigheid van die guerrilla, en lê hy terselfdertyd klem op die beginsels van magsverspreiding en magskonsentrasie.

## 2. 4. Oorlog as die voortsetting van die politiek.

Enige studie oor Clausewitz sal seker onvolledig wees as nie ook verwys word na die veel aangehaalde definisie van oorlog, nl. dat oorlog die voortsetting van die politiek is, slegs met ander middele. Dit is dan ook hierdie definisie wat teoretici oor rewolusionêre oorlogvoering die meeste aangegryp het.

---

9. Ibid., p. 345.
10. Ibid., p. 359.
11. Ibid., p. 346. Skrywer onderstreep.

Wanneer Clausewitz beweer dat oorlog die voortsetting van die politiek is, slegs met ander middele, moet nie daarin gesoek word wat nie duidelik daarin geskryf staan nie. Die bewering kan seker met reg gemaak word dat Clausewitz een van die skrywers is wat die meeste aangehaal word, maar wat die minste werklik gelees of bestudeer word. Oorlog as die <u>voortsetting</u> van die politiek en nie die <u>opskorting</u> daarvan nie, dui nie op 'n algehele verbreking van diplomatieke verhoudinge nie, maar dit dui op die voortsetting daarvan met ander middele, o.a. oorlog.

Clausewitz sien dus oorlog as een van vele middele wat aangewend kan word ter verwesenliking van bepaalde politieke oogmerke. Hy praat o.a. ook van troepesametrekkings op die grens wat as afskrikmiddel moet dien. Dit is ook nog maar dieselfde beginsel wat vir die huidige tyd geld waar kernafskrikking as politieke wapen gebruik word ter verwesenliking van bepaalde strategiese oogmerke.

Oorlog as die voortsetting van die politiek bly egter vir hom ondergeskik aan die politiek. Slegs wanneer politieke oogmerke saamval met die militêr-strategiese oogmerke, wat neerkom op die totale vernietiging van die vyand, word nader beweeg aan 'n totale oorlog soos dit in sy abstrakte betekenis by Clausewitz bestaan. Die moontlikheid van die ontstaan van so 'n situasie is veral groot in die geval van 'n rewolusionêre oorlog omdat die politieke en militêre oogmerke dieselfde vorm aanneem. In die idees van Mao Tse-tung, Giap en Guevara het oorlog en politek dan ook binne die raamwerk van rewolusionêre oorlogvoering sinoniem geword, en hulle kan in geen stadium van die stryd van mekaar geskei word nie.

## 2. 5. <u>Moreel en patriotisme</u>.

Moreel en patriotisme is twee begrippe wat 'n sentrale plek inneem in die militêre denke van Clausewitz. Hy stel drie vereistes vir welslae in oorlogvoering, nl. dinamiese leierskap, militêre deug en patriotisme. In sy poging om 'n "Landesturm" in Pruise te help bevorder, het hy hom veral beywer om die morele kragte van die hele volk te mobiliseer. Wanneer hy dan morele krag opweeg teen fisieke krag, kom hy tot die slotsom dat morele krag van deurslaggewende belang is. Die klem val dus op die mens, en nie soseer op die wapen nie.

Sy idee hieromtrent word op treffende wyse soos volg uitgebeeld: "---and we might say that the physical are almost no more than the wooden handle, whilst the moral are the noble metal, the real bright-polished weapon." (12)

In sy leer lê Mao ewe-eens groot klem op bogenoemde drie elemente. By hom word hulle egter onder die leiding van die Kommunistiese party as eenheid saamgesnoer binne ideologiese verband. By Mao vind ons ook verder die teenstelling van mens teenoor wapen wat later deur hom verder gevoer sou word, en waar die mens deur politieke en ideologiese indoktrinasie verhef sou word tot die absolute beslissende faktor in oorlogvoering.

* * *

In 'n tyd toe nasionale oorloë aan die orde van die dag was, was dit Bülow en Clausewitz wat onder die besef gekom het van die groot krag wat daar skuil in die organisering van die binnefront in 'n nasionale, defensiewe oorlog. Bülow het selfs die waarde daarvan besef in 'n geregverdigde opstand teen onderdrukking. Wat die rol van die burgerlike bevolking betref, het Bülow die klem hoofsaaklik laat val op die fisieke, morele en ekonomiese mobilisering daarvan. Alhoewel hy sterk klem lê op die verpolitisering van die weermag, is daar nog geen sprake van 'n direkte koppeling van militêre aksie aan politieke aksie wat die organisering van die binnefront betref nie. Wat strategie en taktiek bepaald betref, vind ons by hom reeds die spore van ongereelde oorlogvoering. Waar Bülow die aandag vestig op die binnefront in sy breë verband, is dit Clausewitz wat op sy beurt bepaalde strategiese beginsels neerlê waardeur hy poog om die binnefront direk te koppel aan oorlogvoering en waardeur hy 'n groot bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

In enige studie oor rewolusionêre oorlogvoering is dit hoofsaaklik om by Clausewitz te begin omdat hy in sy leer van nasionale verdediging die verhouding tussen offensief en defensief en die besondere

---

12. Aangehaal uit: Greene, J.I. The living thoughts of Clausewitz. London, Cassel and Company. 1945, p. 33.

rol van die binnefront binne die raamwerk van nasionale verdediging sekere beginsels neergelê het wat latere rewolusionêre handig te pas gekom het. Dit is ook een van die treffende kenmerke van sy boek, nl. dat dit nie 'n dogmatiese studie is nie, maar dat sy beginsels oor oorlogvoering en strategie uiters plooibaar is en van toepassing gemaak kan word op 'n veelheid van situasies. Dit is ook die vernaamste rede waarom sy werk, ook wat die huidige betref, min van sy waarde verloor het.

Clausewitz kan egter moeilik as direkte voorloper van rewolusionêre oorlogvoering in sy huidige betekenis beskou word waar rewolusionêre oorlogvoering die aangewese middel geword het vir die omverwerping van 'n wettige regering. In 'n artikel in Military Review maak W.D. Franklin die bewering dat "Vom Kriege" is "---an early blueprint for insurgency and counter-insurgency of the type being conducted today in Vietnam." (13)

Hierdie bewering is natuurlik heeltemal uit die lug gegryp, want in die sesde boek van sy werk maak hy juis beswaar teen sekere kringe wat 'n volksoorlog sien "---in a political sense as a revolutionary means, a state of anarchy declared lawful, which is as dangerous as a foreign enemy to social order at home", en hy vervolg dan dat hierdie siening "--does not concern us here, for we look upon people's War merely as a means of fighting, therefore, in its connection with the enemy."(14)

Die waarde wat Clausewitz dus aan die organisering van die binnefront heg, en die besondere plek wat hy in die proses aan guerrilla-oorlogvoering toeken , moet dus gesien word teen die agtergrond van die verhewe ideale van nasionale verdediging, d.i. die verdediging van die vaderland teen invalle van buite.

Die kerngedagte in sy behandeling van nasionale verdediging, en soos dit ook verband hou met die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering, is m.i. sy begrip van die strategiese defensief in

---

13. Franklin, W.D. Clausewitz on limited war, in Military Review Vol. XLVII, No. 6, 1967. p. 29.
14. Clausewitz, op . cit., p. 342.

nasionale verdediging in samehang met die begrip van aktiewe verdediging soos dit uitgevoer word deur offensiewe operasies op taktiese vlak; 'n uitgerekte proses waardeur die vyandelike magte stelselmatig uitgeput word, en wat sy draaipunt bereik wanneer die vyandelike magte sodanig uitgeput en afgemat is dat inheemse magte tot die strategiese offensief kan oorgaan. Hierdie beginsel is dan later wel deeglik toegepas in rewolusionêre oorlogvoering waar dit bepaaid gaan om die omverwerping van 'n wettige regering. Baie belangrik in hierdie verband is die skepping van die binnefront in sy breë strategiese betekenis as hulp en steun vir gereelde troepe. Hy het slegs die breë strategiese riglyne neergelê, sonder om op besonderhede in te gaan. Hy het min aandag gegee aan die organisasie van die binnefront as samehangende deel van die strategie in sy geheel. Guerrilla-eenhede is ook weinig meer as hulptroepe wat 'n ondersteuningsfunksie verrig vir gereelde troepe. Nietemin is Clausewitz die militêre denker wat guerrilla-oorlogvoering binne die raamwerk van oorlogvoering in sy geheel geplaas het. Hy het daarmee beginsels neergelê wat verreikende gevolge in die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering sou hê. As Duitser was sy strategie suiwer landgerig en daarom miskien so aanvaarbaar vir die profete van interne rewolusionêre oorlogvoering.

------oooOOooo------

# HOOFSTUK 4.

## DIE MARXISTE EN T.E. LAWRENCE: DIE DIREKTE VOORLOPERS VAN REWOLUSIONÊRE OORLOGVOERING.

Soos reeds in die voorgaande hoofstuk bespreek is, was Clausewitz die eerste militêre denker wat die belangrikheid van die burgerlike bevolking in 'n nasionale defensiewe oorlog besef het, en dat die skepping van die binnefront daaruit voortgevloei het en waarin die guerrilla 'n besondere funksie vervul het. Die werklike bestaan van 'n oorlogsituasie was egter by Clausewitz die voorwaarde vir die bestaan en ontwikkeling van die binnefront. Waar die binnefront by Clausewitz uit 'n bestaande oorlogsituasie ontwikkel, neem die binnefront by die Marxiste 'n permanente vorm aan; dit ontstaan in vredestyd en het as hoofdoel die omverwerping van wettige regerings en van 'n bepaalde sosiale orde deur middel van rewolusie. By die Marxiste word die binnefront egter beman deur die proletariaat wat die draers is van die gedagte van permanente rewolusie. Met hierdie koppeling van oorlogvoering aan rewolusie, waarin die binnefront so 'n belangrike rol moet vervul en wat deur Lenin nog 'n stap verder gevoer is met die skepping van die party as die voorhoede van die proletariaat, kan Marx, Engels en Lenin as die ware voorlopers van rewolusionêre oorlogvoering beskou word.

Die leer van Marx en Engels was bepaald gerig teen die heersende politieke en ekonomiese toestande van daardie tyd. As gevolg van die tegniese ontwikkeling wat deur die Industriële Rewolusie meegebring is, het daar 'n samelewingsklas van permanente loonarbeiders ontstaan. Uit die armoede, onderdrukking en die haglike toestande waaronder die arbeiders moes leef en werk, het Marx se teorieë van klassestryd, rewolusie en die diktatuur van die proletariaat hulle ontstaan gehad. In medewerking met Engels het die Manifes van die Kommunistiese party in Februarie 1848 die lig gesien. In die proletariaat het Marx en Engels 'n magtige leër gesien wat deur middel van rewolusie 'n verandering teweeg kon bring in die heersende toestande. Hulle geloof in die noodsaaklikheid en die onafwendbaarheid van rewolusie as middel in die proses van verandering het hulle noodwendig in aanraking gebring met geskrifte oor oorlogvoering en die oorloë en burgerlike opstandsbewegings van daardie tyd.

Alhoewel hy in geen verband staan met die Marxiste nie, word T.E. Lawrence ook in hierdie hoofstuk behandel as een van die direkte voorlopers van rewolusionêre oorlogvoering. Waar guerrilla-eenhede voorheen as los, ongekoördineerde bendes opgetree het, was dit Lawrence wat 'n verdere dimensie verleen het aan guerrilla-oorlogvoering. Met sy daadwerklike koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan politieke aspirasies het hy die deurbraak gemaak wat nog by die Marxiste ontbreek het.

## 1. KARL MARX (1818-1883).

Marx het o.a. geleer dat 'n rewolusie nie geskep kan word deur 'n party of enige groep mense nie. Rewolusie is die gevolg van 'n bestaande rewolusionêre situasie. Laasgenoemde is op sy beurt die gevolg van bepaalde politieke en ekonomiese faktore. Rewolusie kan ook nooit slaag as die massa nie oortuig is dat die bestaande regime moet verdwyn nie. Wanneer die rewolusie uitbreek, is dit altyd gewelddadig van aard. Geweld word gebruik vir die opruiming van die oue om daarmee die weg te berei vir die nuwe. Hierdie idee van "rewolusie" het die denke van die Marxiste oorheers, en dit was dan ook die vernaamste struikelblok dat hulle nooit volkome daarin kon slaag om rewolusie aan oorlogvoering te koppel nie.

Onder die invloed van Engels en gebeure in Europa, veral die rewolusionêre opstandsbewegings van 1848-1849, die optrede van die Paryse Kommune en die Spaanse weerstandsoorlog, kry die rol wat oorlogvoering, en meer bepaald guerrilla-oorlogvoering, in die mobilisering van die binnefront kan speel, vir hom nuwe betekenis. Hy kom egter nie tot 'n duidelike strategiese en taktiese plan wat rigting en koers moet gee aan enige positiewe aksie aan die kant van die proletariaat nie. Sy denke is daarvoor nog te sterk veranker in die betekenis wat hy aan die begrip "rewolusie" heg.

In 1849 beweer hy dat "--a nation fighting for its liberty ought not to adhere rigidly to the accustomed rules of warfare, to the etiquette of war",(1) waarin hy die beginsel van ongereelde oorlogvoering onderskryf.

---

1. Neue Reinische Zuitung, April 1848. <u>Aangehaal uit</u>: Miksche, F.O. Secret Forces. London, Faber and Faber, 1950. p. 25.

In sy kommentaar oor die rewolusie in Spanje word die woord "insurreksie" gebruik, wat dui op 'n positiewe handeling om 'n bestaande regering tot 'n val te bring. Hy beweer dat "----the insurrectionary career once entered upon, act with the greatest determination, and on the offensive. The defensive is the death of every armed rising."(2) Dit is duidelik dat hy hier verwys na 'n gewapende opstand as 'n eksplosiewe handeling. Daarom lê hy die klem op offensiewe aksie. Daar is nog geen sprake van 'n langdurige stryd waarin insurgente hulle in die beginfase van die stryd op die strategiese defensief bevind nie. Die element van verrassing beklee egter reeds 'n erepiek by hom wanneer hy voortgaan: "Surprise your antagonists while their forces are scattering, prepare new successes, however small, but daily, keep up the moral ascendency which the first successful rising has given you."(3)

In hierdie aanhaling vind ons ook reeds spore van die beginsel dat daar steeds gepoog moet word om die vyandelike magte te versprei. In aansluiting by die vorige aanhaling voltrek hierdie verspreidingshandeling hom egter binne die raamwerk van offensiewe aksie, en dit is nie die gevolg van 'n strategies defensiewe aksie aan die kant van insurgente soos ons dit vind in rewolusionêre oorlogvoering nie. Offensiewe aksie en verrassing word verseker deur die sukses wat met die eerste opstandshandeling behaal word. Alles dui dus op die blitsige voltrekking van die opstand in sy geheel.

Oor die bepaalde rol van die guerrilla as katalisator in die mobilisering van die binnefront spreek hy hom soos volg uit:

> *"As to the guerrillas, it is evident that, having for some years figured upon the Theater of sanguinary contests taken to roving habits, freely indulged, all their passions of hatred, revenge and love of plunder, they must, in times of peace, form a most dangerous mob, always ready at a nod*

---

2. Karl Marx and Frederick Engels, Revolution in Spain. International Publishers, 1939. p. 52. Aangehaal uit: Pomeroy, W.J. Guerrilla warfare and Marxism. London, Lawrence and Wishart, 1969. p. 53.
3. Ibid., p.53

*in the name of any party or principle, to step forward for him who is able to give them good pay or to afford them a pretext for plundering excursions."(4)*

Uit bostaande beskrywing wat hy van guerrillas gee,moet afgelei word dat hulle niks meer is as bloot net 'n bende professionele misdadigers nie. In die moderne terminologie sou ons na hulle kan verwys as terroriste.

Marx se bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering lê daarin opgesluit dat hy die waarde daarvan erken het. Deur die koppeling van rewolusie aan oorlogvoering deur middel van die mobilisering van die binnefront het hy egter 'n groot bydrae gelewer tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering. Sy idees kom egter nie tot volle ontplooiing nie, omdat sy denke nog te vas wortel in die idee van rewolusie in die betekenis van 'n eksplosiewe omwenteling.

## 2. FRIEDRICH ENGELS (1820-1895)

Waar Marx geen praktiese ervaring in enige vorm van oorlogvoering gehad het nie, het Engels o.a. deelgeneem aan die oorlog in Baden (1849). Hy het nie net aktief deelgeneem aan oorlogvoering nie, maar hy het ook 'n diepgaande studie van Clausewitz gemaak. Hy het dus oor 'n deeglike kennis beskik van strategie, taktiek en oorlogvoering. Hy het o.a. ook baie kommentare geskryf oor beroemde veldslae wat hy bestudeer het.

Na die oorlog tussen Italië en Oostenryk (1848-1849) het hy besonder oor guerrilla-oorlogvoering geskryf. Sy mening oor rewolusionêre oorlogvoering stem ooreen met die van Marx. Hy beskryf die hele proses soos volg:

---

4. Ibid., p. 57.

> *" Ein Volk dass sich seine Unabhängigkeit erobern will, darf sich nicht auf die gewöhnlichen Kriegsmittel beschränken. —-Aufstand in Masse, Revolutionskrieg, Guerrilla überall, das ist das einzige Mittel, wodurch ein kleines Volk mit einem grossen fertig wird, wodurch eine mindere starke Armee in den Stand versetzt werden kann, der stärkeren und besser organisierten zu widerstehen."* (5)

Hy onderskryf dus ook die beginsel van ongereelde oorlogvoering. Die verwysing na massa-opstand, rewolusionêre oorlog en guerrillas die hele wêreld vol dui ook nog op 'n onsamehangende, ongekoördineerde aksie van die binnefront waar dit oorlogovering bepaald aanbetref. In hierdie aanhaling vind ons egter die teenstelling van die klein, swak georganiseerde leërmag van die insurgente teenoor die sterk, goed georganiseerde leërmag van die onderdrukker. Hoewel vaag, dui dit tog op 'n langdurige stryd.

Hy beskou guerrilla-oorlogvoering as 'n gewapende stryd waardeur rewolusionêres hulle vryheid, in sy nasionale sowel as in sy sosiale betekenis, moet ontworstel. Dit is vir hom die aangewese middel oral waar daar van vryheidsoorloë en van opstande teen vyande van binne sowel as van buite sprake is. Hy bring guerrilla- oorlogvoering ook in verband met 'n volksoorlog, 'n oorlog van die massa waar die doelwit die omverwerping van die bestaande sosiale orde op die grondslag van die klassestryd is. Dit is dus die aangewese vorm van oorlogvoering vir die proletariaat, waarteen gereelde troepe volgens hom geen verweer het nie.

By Engels vind ons dus 'n sterker klem op rewolusionêre guerrilla-oorlogvoering as middel in die hande van die proletariaat. 'n Vaste sisteem ontbreek egter ook by hom, en guerrilla-eenhede is ook niks anders nie as los bendes wat ongekoördineerd opereer. Met die koppeling van rewolusie aan oorlogvoering het Marx en Engels 'n baie groot bydrae gelewer tot die latere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering en hulle kan inderdaad beskou word as die grondleggers van die totale oorlog.

---

5. Engels, F. Der Krieg in Italien. Ausgwählte militärische Schriften. Aangehaal uit: Hahlweg, W. Guerrilla. Krieg ohne Fronten. Stuttgart, W. Kohlhammer Verlag, 1968. p. 79.

Marx en Engels se bydrae kan in die woorde van Hahlweg soos volg opgesom word:

> *" Der Kleinkrieg ging damit eine permanente Verbindung mit Aufstand, Umsturz, Widerstandskampf und Revolution der Volksmassen ein -jene Verbindung, wie sie seitdem für den Stellenwert des Partisanenkrieges im Bereich des revolutionären Marxismus bis auf den heutigen Tag kennzeichnend ist."* (6)

## 3. VLADIMIR I. LENIN (1870-1924)

Lenin se vroeë ervarings as rewolusionêr het hom genoop tot 'n omvattende studie van militêre aangeleenthede en oorlog. Ten einde die stryd teen imperialisme te voer, moes hy 'n diepgaande begrip van voorlogvoering hê. Deur die geskrifte van veral Engels het hy met Clausewitz kennis gemaak, en tydens sy verbanning na Switserland het hy 'n deeglike studie van "Vom Kriege" gemaak. Clausewitz het trouens so 'n groot invloed op Lenin gehad dat hy hom na die Kommuniste se bewindsoorname in Rusland, toe die gevaar bestaan het dat Rusland deur die Europese moondhede binnegeval kon word, beroep het op Clausewitz se beginsels oor oorlogvoering en strategie, en nie geput het uit die ervarings van Russiese weerstandsmagte tydens Napoleon se inval in Rusland nie.

"Infiltrasie" en "subversie" is begrippe wat heel dikwels in Lenin se werke voorkom. Soos dit in enige rewolusionêre staatsgreep die geval is, was die leër 'n belangrike doelwit in Lenin se strewe na mag. Hy verklaar dat "----not a single great revolution has ever taken place, without the "disorganization" of the army."(7) Deur middel van subversie en insypeling moes die leër omskep word in 'n handige wapen wat die sukses van sy rewolusionêre strewe moes help verseker.

---

6. Hahlweg, W. Guerrilla: Krieg ohne Fronten. Suttgart, W. Kohlhammer Verlag, 1968. p. 95.
7. Lenin, V.I. The proletarian revolution and the renegade Kautsky Peking, Foreign Languages Press, 1965. p. 76.

Net soos in die geval van Marx en Engels was sy denke nog diep geanker in die idee van rewolusie as 'n eksplosiewe, gewelddadige omwenteling. Sy besondere bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering is dat hy daadwerklike pogings aangewend het om die begrippe "rewolusie" en "oorlogvoering" met mekaar te verenig. In hierdie verband is die skepping van die Kommunistiese party as voorhoede van die proletariaat van die grootste belang. Onder die heerskappy van die party is die leër ná die rewolusie omskep in 'n magsinstrument wat op gewelddadige wyse gebruik is om die rewolusie oor die hele land te voltrek. Van oorlogvoering in die ware betekenis van die woord was daar egter nog geen sprake nie.

Alhoewel Lenin oor geen praktiese ervaring in rewolusionêre oorlogvoering as sodanig beskik het nie, het hy tog wat die teorie daarvan betref, sekere riglyne neergelê waarop later met vrug voortgebou is.

Na sy intensiewe studie van Clausewitz se geskrifte is daar veral ses dinge wat 'n diep indruk op hom gemaak het, nl. die aard van oorlogvoering, en hier veral Clausewitz se idees oor nasionale verdediging; die verhouding tussen politiek en oorlog; moreel; die belangrikste vorme van oorlogvoering; die massa en oorlog, en die taak van die opperbevel van die leër.

Van groot belang is sy beskouing oor die besondere verhouding tussen politiek en oorlog. Die beskouing wat Clausewitz gehuldig het, was vir Lenin egter te algemeen, en hy het dit gaan vereng ten einde dit aan te pas by Kommunistiese politieke en strategiese oogmerke. In die verband beweer hy dat: "War for a Communist state is the continuation of the revolution by other means." (8) Oorlog en rewolusie verkry dan dieselfde betekenis, en in die proses van rewolusie en oorlog is alle middele geoorloof. Dit is daarom ook verstaanbaar dat vrede vir hom nie 'n doelwit op sigself is nie, maar dat dit, net soos oorlog, 'n instrument van die politiek is. Dit vorm 'n belangrike grondslag van die Marxisme-Leninisme wat later ook 'n ereplek ingeneem het in die militêre filosofie van Mao Tse-tung.

---

8. Aangehaal uit: Miksche, F.O. Secret Forces. London, Faber and Faber, 24. Russel Square, m.c.m. l. p. 12.

Wat sy opvatting van strategie en taktiek betref, huldig hy 'n standpunt wat sterk herinner aan die Chinese militêre filosoof, Sun Tzu. Hy verklaar: " The soundest strategy in any campaign is to postpone attack, until the moral dislocation of the enemy renders the delivery of a decisive blow practicable."(9) As gebore rewolusionêr wat groot klem laat val op subversie en insypeling het hy hiermee 'n belangrike beginsel neergelê vir die verdere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering. Subversie, insypeling en politieke maneuvers moet dien as 'n vorm van sielkundige artillerie waardeur die moreel van die vyand, sy wil om te veg, gebreek moet word. Oorlog moet dus gewen word voordat daar tot die fisieke magsaanwending oorgegaan word. In hierdie opsig wyk hy van Clausewitz af, wat die mening gehuldig het dat die moreel van die vyand deur direkte, militêre aksie gebreek moes word.

In sy idees oor insurgensie, wat hy beskou as 'n besondere vorm van politieke stryd, vind ons beginsels soos vasberadenheid, magskonsentrasie, getalle-oorwig op die punt van beslissing, die massa, offensief en defensief, verrassing en moreel. Dit verteenwoordig almal begrippe wat hy oorgeneem het uit die leer van Clausewitz. Veelseggend is veral die kombinasie van getalle, magskonsentrasie en moreel wat later 'n belangrike rol sou speel in rewolusionêre oorlogvoering. Al hierdie dinge voer hy egter nie tot 'n punt waar daar enigsins sprake is van 'n deeglike uitgewerkte strategie en taktiek vir die voer van rewolusionêre oorlogvoering nie.

Oor die bepaalde oogmerke van insurreksie laat hy hom soos volg uit:

> *" Armed struggle pursues two different aims, which must be strictly distinguished: in the first place, this struggle aims at assasinating individuals, chiefs and subordinates in the army and police; in the second place, it aims at the confiscation of monetary funds both from the government and from private persons."* (10)

---

9. Aangehaal uit: Liddell Hart, B.H. Strategy: the indirect approach. London, Faber and Faber, 1967. p. 224.
10. Lenin, V.I. Collected Works, Vol. II, 1962. p. 213-223. Aangehaal uit: Pomeroy, W.J. Guerrilla warfare and Marxism, London, Lawrence and Wishart, 1969. p. 87.

Uit hierdie aanhaling spreek duidelik dat die begrippe soos dit betrekking het op rewolusionêre oorlogvoering nog in die lug hang, en dat daar van 'n uitgewerkte plan van aksie nog geen sprake is nie. Wat hy hier neergeskryf het, kom eintlik meer neer op ongekoördineerde dade van sabotasie en terrorisme wat maar 'n gedeelte uitmaak van rewolusionêre oorlogvoering. Maar nietemin het hy in teorie die breë riglyne uitgestippel waarop daar later in teorie en praktyk voortgebou is.

Wat guerrilla-oorlogvoering as sodanig betref, wil dit voorkom of hy nie presies geweet het hoe om dit in te pas in die patroon van rewolusie nie. Hy aanvaar die beginsel wanneer hy guerrillabedrywighede voor die party probeer regverdig. Hy versoek dat "ongeorganiseerde" guerrillagroepe by die rewolusie ingelyf moet word. In die kritiek wat destyds bestaan het, nl. dat guerrilla-bedrywighede grootliks bydra tot die disorganisasie van die beweging lê hy die blaam op "--weakness of a party which is incapable of taking such actions under its control. That is why the anathemas which we Russians usually hurl against guerrilla actions go hand in hand with secret, casual, unorganized guerrilla actions." Hy gaan voort deur te beweer: "Our complaints against guerrilla warfare are complaints against our party weakness in the matter of an uprising."[11] Hy sê egter nie op watter wyse en in watter vorm guerrilla-oorlogvoering in die rewolusionêre patroon geïntegreer moet word nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat Lenin oor geen praktiese ervaring aangaande rewolusionêre oorlogvoering beskik het nie. Uit hierdie aanhaling word dit verder duidelik dat daar in Rusland teenkanting bestaan het teen guerrilla-oorlogvoering. Hierdie houding kom later weer baie duidelik na vore wanneer Mao se guerrillastrategie wat hy gedurende die uitwissingsveldtogte van Chiang Kai-shek toegepas het, summier deur Stalin en die Russe verwerp is.

Hy maak egter die belangrike bewering dat guerrilla-oorlogvoering alleen beperk is tot 'n sekondêre rol in die rewolusionêre stryd.

---

11. Ibid., p. 90.

Daarmee onderstreep hy 'n belangrike beginsel wat reeds deur Clausewitz neergelê is en wat ook 'n belangrike plek ingeneem het in die strategie van Mao, Giap en Guevara.[12] Guerrilla-oorlogvoering m oet dus in alle omstandighede ondergeskik wees aan gereelde oorlogvoering, en "---must be ennobled by the enlightening and organizing influence of socialism."[13] Ons vind dan hier die interessante verskynsel dat dit die invloed van die sosialisme moet wees wat die guerrillabendes moet "veredel" ten einde hulle vir die rewolusionêre stryd aanvaarbaar te maak. By Mao Tse-tung vind ons heeltemal die teenoorgestelde proses. Soos later bespreek sal word, is dit by hom juis die georganiseerde guerrilla-eenhede as instruemente in die hande van die Kommunistiese party wat moet dien as suurdeeg ten einde die "veredelingsproses" onder die massa te bevorder.

Alhoewel nog vas geanker in rewolusie en rewolusionêre staatsgreep dui hy ook op die moontlikheid van 'n langdurige stryd waar die party die leiding moet neem in die bearbeiding van die massa. Hy beklemtoon die feit dat 'n insurgensie nie in alle omstandighede en altyd die vorm kan aanneem van 'n blitsige omwenteling nie. Dit is duidelik dat hy hier verwys na die Russiese Rewolusie. Hy voorsien ook omstandighede waarin dit onvermydelik is dat 'n opstand

> *"-----assume the higher and more complicated form of a protracted civil war enmeshing the entire country. Such a war must be conceived as a series of a few big battles, separated by comparatively long intervals, and a large number of small engagements, which take place during these interim periods."(14)*

Dit is die taak van die party om die organisasie te skep waarmee die proletariaat gemobiliseer moet word vir die stryd en dit so voor te berei dat "---they will not fail to exploit opportunities through which the strengths of the opponent can be sapped."[15]

* + +

---

12. Sien p. 40.
13. Ibid., p. 92.
14. Aangehaal uit: Osanka, F.M. Modern guerrilla warfare. New York, The Free Press of Glencoe. 1962. p. 78.
15. Ibid., p. 78.

Waar ons by Clausewitz die ontwikkeling van die binnefront vind in die vorm van die "Landssturn" of volkstroepe wat eers in 'n bestaande oorlogsituasie tot stand kom en dan wel in 'n strategies defensiewe oorlog waar dit gaan om die verdediging van die vaderland, vind ons by die grondleggers van Marxisme-Leninisme 'n belangrike verandering, nl. dat die binnefront nou deur die proletariaat gevorm word. 'n Verdere baie belangrike verskil is dat die binnefront nie geskep word in 'n werklike oorlogsituasie nie, maar dat dit 'n permanente vorm aanneem. Daarmee is rewolusie gekoppel aan die binnefront, 'n stap wat as vername prikkel gedien het in die verdere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering. Opvallend is egter die feit dat geeneen van die Marxiste kom tot 'n volledig uitgewerkte strategie waarin rewolusie en die binnefront gekoppel word aan oorlogvoering, en meer bepaald guerrilla-oorlogvoering nie. Dit moet daaraan gewyt word dat dit hulle ontbreek het aan ervaring van rewolusionêre oorlogvoering.

## 4. OPROER IN DIE WOESTYN: BYDRAE VAN T.E. LAWRENCE

In Junie 1916 het die opstand van die Arabiere begin, maar die moderne leër van die Turke was veels te sterk vir die woestynbewoners. Vyf maande later het Lawrence op die toneel verskyn toe algehele neerlaag die Arabiere in die gesig gestaar het. Uit sy ervarings in hierdie stryd het sy boek "Seven Pillars of Wisdom" sy oorsprong gehad. In hierdie werk word die offensiewe krag van guerrilla-oorlogvoering op meesterlike wyse behandel. Dit is die produk van sy eie ervarings en oorpeinsings gedurende die opstand wat tegelyk 'n onafhanklikheidstryd asook 'n deel van die Geallieerdes se oorlogspoging teen Turkye was.

In teenstelling met Clausewitz was Lawrence van mening dat guerrilla-oorlogvoering in sekere omstandighede die aangewese alternatief is vir die verwesenliking van bepaalde strategiese oogmerke selfs al is gereelde troepe beskikbaar. In die stryd in die woestyn het hy ook ortodokse strategiese beginsels wat tot neerlaag kon lei, oorboord gegooi. Sy strategie was hoofsaaklik gegrond op inligting, misleiding, verrassing, die uitbuiting van die vrye ruimtes van die woestyn en die individualistiese karaktereienskappe van die Arabiere.

Hierdie faktore het hy as beslissend vir die Arabiere beskou.

Die opvallende kenmerk van die Arabiere was hulle beweeglikheid. Hulle het oor geen swaar wapentuig beskik wat hulle beweeglikheid aan bande kon lê nie. Die perd was die guerrilla se voertuig, en die geweer was sy enigste wapen. Hulle het uit die aard van die saak egter baie plofstof met hulle saamgedra wat hulle vir sabotasiedoeleindes gebruik het. Vanweë die gebrek aan doeltreffende wapentuig moes hulle dus hoofsaaklik op hulle mannekrag steun, en as gevolg daarvan was hulle minder bestand teen lewensverliese as die ortodokse, konvensionele leërs van die Turke. Die Turke daarenteen was meer kwesbaar waar dit die verliese van oorlogsmateriaal betref, omdat hulle 'n skaarste daaraan ondervind het. Die turke was verder opgelei in stellingoorlogvoering en hulle was dus nóg fisiek in staat om aan die eise wat hierdie uiters vloeibare vorm van oorlogvoering stel, te voldoen. Die strategie van die Turke was daarop gemik om die uitgestrekte gebied te beheer met groot aantal troepe, maar wat op verre na nie genoeg was om elke duim daarvan doeltreffend te beheer nie. Daarby was hulle ook afhanklik van lang en kwesbare verbindingslinies.

Gekonfronteer deur 'n goedopgeleide en goedtoegeruste leër moes die Arabiere enige vorm van konvensionele oorlogvoering vermy. Waar gereelde leërmagte steeds poog om kontak met vyandelike troepe te maak, het die Arabiere enige direkte konfrontasie vermy. Waar die doelwet in konvensionele oorlogvoering die uitwissing van vyandelike magte is, was die Arabiere daarop uit om slegs oorlogsmateriaal te vernietig. In hierdie proses het hulle ook slegs daardie strategiese punte uitgesoek waar geen vyandelike troepe teenwoordig was nie. In hierdie verband was die sabotering van spoorlyne wat 'n belangrike plek ingeneem het in die strategie van die Turke van groot belang, asook die opblaas van treine waarin vyandelike troepe saamgehok was. Aanvalle van hierdie aard deur klein, beweeglike eenhede oor 'n wyduitgestrekte gebied het die Turke weerhou van enige vorm van troepekonsentrasie en hulle is op hierdie wyse ook gedwing om hulle eie magte te versprei. Juis in hierdie verspreiding het die krag van die Arabiere gelê. Die magteloosheid en die fustrasie van die Turkse troepe was daarin geleë dat daar feitlik nooit doelwitte was waarop húlle kon losbrand nie.

Lawrence het sy guerrilla-eenhede so klein as moontlik gehou wat groot eise aan individuele guerrillas gestel het. Hieroor laat hy hom soos volg uit:

> " *The moral strain of isolated fighting made "simple" war very hard upon the soldier, exacting from him special initiative, endurance, enthusiasm. Irregular war was far more intellectual than a bayonet charge, far more exhausting than service in the comfortable imitative obedience of an ordered army. Guerrillas must be allowed liberal work room; in irregular war, of two men together, one was being wasted. Our ideal should be to make our battle a series of single combats, our ranks a happy alliance of agile commanders-in-chief.*" (16)

In hierdie aanhaling vind ons die grondslag van die dissipline soos dit in guerrilla-eenhede geld. In wese kom dit neer op selfdissipline in die hoogste mate, en hierdie selfdissipline groei nie uit 'n harde dissipline wat van buite op guerrillas afgedwing word nie, maar dit groei hoofsaaklik uit 'n fanatieke entoesiasme en liefde vir die saak wat gedien word. Hierdie beginsel is later deur Mao en sy navolgers sterk beklemtoon. Vir Mao, Giap en Guevara is die guerrilla in die eerste plek 'n sosiale hervormer, en uit hierdie verhewe taak groei die dissipline wat in hulle militêre aksies geld. Hierdie selfdissipline wat gebore is uit entoesiasme en liefde vir die saak stel guerrillas in staat om onvermoeid en vir 'n onbepaalde tyd die stryd voort te sit. Hieruit is slegs een groot les te leer, nl. dat as militêre opleiding van enige aard nie gepaar word met liefde en entoesiasme wat wortel in die iele volkskultuur nie die hoop op sukses in enige vorm van oorlogvoering maar skraal is.

Verspreiding van troepemagte, soos ons dit ook vind in mobiele oorlogvoering, bring altyd by 'n groter groep offisiere, tot in die laagste range, groter verantwoordelikheid mee. Dit stel geweldige hoë eise aan die inisiatief van bevelvoerders asook aan die moreel van die troepe in sy geheel. Die moreel van troepemagte is op sy beurt slegs 'n manifestasie van die algemene moreel van 'n volk, en hierin lê die vertrekpunt m.i. vir die beplanning van 'n effektiewe teenstrategie teen rewolusionêre oorlogvoering. In die slothoofstuk sal verder oor hierdie saak gehandel word.

---

16. Lawrence, T.E. Seven Pillars of Wisdom. London, Jonathan Cape, Thirty Bedford Square, 1942. p. 348.

In die koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan nasionale en politieke aspirasies, en waarin die guerrilla die organiseerder van die binnefront geword het kan Lawrence m.i. as die wegbereider vir rewolusionêre oorlogvoering beskou word.

Ten slotte word die aandag nou bepaal by die volgende drie elemente wat as grondslag vir sy strategie gedien het:

4. 1. Die algebraïse element.

Die gebied waarin die oorlog gevoer is, het 140 000 vk. myl beslaan, en dit was vir Lawrence duidelik dat die Turke nie elke duim daarvan doeltreffend kon beheer nie. Daarvoor het die Turke 'n leër van ongeveer 600 000 man nodig gehad wat natuurlik vir hulle onmoontlik was. Die rol van guerrilla-eenhede in hierdie wyduitgestrekte ruimtes het Lawrence soos volg beskryf:

> *"——but suppose we were (as we might be) an influence, an idea, a thing intangible, invulnerable, without front or back, drifting about like gas? Armies were like plants, immobile, firmrooted, nourished through long stems to the head. We might be a vapour, blowing where we listed. Our Kingdoms lay in each man's mind, and as we wanted nothing material to live on, so we might offer nothing material to the killing. It seemed a regular soldier might be helpless without a target, owning only what he sat on, and subjugating only what, by order, he could poke his rifle at."(17)*

Net soos Clausewitz beskryf hy guerrilla-oorlogvoering ook as 'n newelagtige, wasige iets wat selde 'n soliede vorm aanneem. In die aanhaling vind ons ook 'n sterk aanduiding van die vestiging van politieke basisse in die gees van die mens. By Mao vind ons natuurlik die vervolmaking van hierdie idee.

Dit is nodig dat op hierdie stadium reeds gedui word op die verskil tussen guerrilla-oorlogvoering soos deur Lawrence gevoer, en guerrilla-oorlogvoering volgens die styl van Mao Tse-tung. By Lawrence het ons te make met uitgestrekte leë ruimtes, en 'n kern van guerrilla-eenhede wat vryelik daarin beweeg. Die binnefront het bestaan uit lokale stamme wat hy gemobiliseer het vir bepaalde operasies wat

---

17. Ibid., p. 198.

binne die betrokke gebiede plaasgevind het. In die geval van Mao was hierdie uitgestrekte gebiede dig bewoon, en politieke en geografiese basisgebiede het 'n meer permanente vorm aangeneem.

4. 2. Die biologiese element.

Hierdie element het betrekking op beide mens en materiaal. Lawrence se strategie was veral gemik op die vernietiging van krygsmateriaal - die vernietiging van brûe , treinspore, masjinerie en wapentuig. Aan die kant van die Arabiere beskryf hy die toestand soos volg:

> *" In the Arab army at the moment we were chary both of materials and of men. Governments saw men only in mass; but our men, being irregulars, were not formations, but individuals. An individual death, like a pebble dropped in water, might make a brief hole; yet rings of sorrow widened out therefrom. We could not afford casualties."(18)*

Ten einde hulle eie mannekrag te spaar, het hulle hulle aanvalle toegespits op materiaal, en in die proses het hulle enige direkte konfrontasie met vyandelike troepemagte vermy. Die strategie van Mao was ook gegrond op die beginsel van verspreiding van mag, maar by hom is magsverspreiding opgevolg deur die stelselmatige uitwissing van geïsoleerde troepe-eenhede. Die metode wat hy gevolg het, was dus een van losmaking, omsingeling en uitwissing. Hierdie verskil kan ook teruggevoer word na die feit dat die uitgestrekte ruimtes in China digbevolkte gebiede was.

4. 3. Die sielkundige element.

Die stryd teen die Turke was ook 'n onafhanklikheidstryd, en hierdie strewe is deur Lawrence op meesterlike wyse gebruik om die vonk van entoesiasme tot 'n magtige vuur aan te blaas. Die stryd kon alleen gewen word deur 'n verandering teweeg te bring in die gees van die mense. Dit het Lawrence bereik deur vir die mense te "preek". Die mobilisering van politieke krag het vir hulle groot moontlikhede ingehou: "A province would be won when we taught the civilians to die for our ideal of fredom; the presence or absence of the enemy

18. Ibid., p. 199.

was a secondary matter. Final victory seemed certain, if the war lasted long enough for us to work it out."[19]

Politiek het dus die primêre wapen geword in die hele stryd, terwyl militêre aksie slegs 'n opruimingsfunksie vervul het. Hierdie idee sou by latere rewolusionêres 'n uiters belangrike plek inneem. Geen rewolusionêre oorlog kan ooit suksesvol gevoer word sonder die steun van ten minste 'n groot deel van die massa nie.

Lawrence se strategie vorm dus 'n direkte teenstelling met die aanvaarde strategiese beginsel in konvensionele oorlogvoering, nl. dat die vyandelike magte deur middel van militêre geweld vernietig moet word. Sy uitgangspunt was dat die ware oogmerk van guerrilla-oorlogvoering nie noodwendig 'n vegtery beteken nie. In die verheffing van ongereelde oorlogvoering tot 'n strategiese, offensiewe wapen het hy 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

Ons vind by hom ook vir die eerste keer die hegte koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan die binnefront, waarby die guerrilla nie slegs 'n militêre funksie vervul nie, maar ook 'n politieke funksie. Deur die verspreiding van sy guerrilla-eenhede kon hulle hul politieke funksie vervul in die kontak wat hulle gemaak het met verspreide, lokale stamme. Die sukses wat hulle daarmee gehad het, het hulle verseker van 'n effektiewe bron van inligting waardeur guerrillas ten volle op hoogte gehou is van die beweging sowel as van die sterkte van vyandelike magte, en daardeur is die militêre funksie van guerrilla-eenhede op sy beurt weer bevorder.

Hy het dus sterk klem gelê op 'n kerngroep van aktiewe vegters wat as 'n soort katalisator moes optree in die proses van stryd. Hy maak ook die bewering dat slegs twee persent van die totale bevolking vir hierdie kerngroep voldoende is om die stryd suksesvol te voer.

---

19. Ibid., p. 202.

Ten spyte van die sukses wat Lawrence behaal het met hierdie ongereelde vorm van oorlogvoering, is dit veral die Kommuniste wat met waardering kennis geneem het van sy werk en nie sy eie mense nie. Dat hy daarmee 'n groot invloed uitgeoefen het op die verdere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering spreek vanself.

* * *

Wanneer 'n gereg voorberei word, word al die bestanddele daarvoor noukeurig afgeweeg. Die afsonderlike bestanddele is nog duidelik onderskeibaar van mekaar soos hulle op die tafel uitgestal staan. Alhoewel al die bestanddele gereed en bymekaar uitgestal staan, is daar nog geen sprake van die eindproduk nie. Dit is eers die kunstige hand van die bakker wat al die bestanddele bymekaar moet voeg en deurmekaar moet roer tot 'n mengsel. Daarna word dit eers in die oond geplaas voordat die eindproduk te voorskyn kom. Hierdie beeld kan van toepassing gemaak word op die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering tot op hierdie stadium. Al die bestanddele is van die rak afgehaal en noukeurig afgeweeg: Mobiele oorlogvoering, rewolusie, die binnefront, guerrilla-oorlogvoering, strategie en taktiek is afgeweeg en blootgelê. Al wat kort, is die kunstige hand wat hierdie bestanddele bymekaar kan voeg en tot 'n samehangende geheel kan saambind. Dit bring ons by die grootmeesters van rewolusionêre oorlogvoering wat al hierdie los bestanddele saamgevoeg het en dit gelouter het deur die oond van praktiese ervaring voordat die eindproduk sy verskyning kon maak. In die volgende hoofstukke sal nou ingegaan word op die werke van die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering.

------ooooOOOooooo-------

# HOOFSTUK 5.

## MAO TSE -TUNG: DIE VADER VAN REWOLUSIONÊRE OORLOGVOERING.

In die voorgaande hoofstukke is al die elemente waaruit rewolusionêre oorlogvoering ontwikkel het, bespreek. Van rewolusionêre oorlogvoering in sy ware betekenis is daar egter nog geen sprake nie. Dit was Mao Tse-tung wat al die los drade saamgeknoop het tot 'n samehangende geheel. Hy is nie alleen die vader van die beginsels van rewolusionêre oorlogvoering nie, maar dit was in die praktiese toepassing daarvan dat hy as briljante strateeg uitgestyg het. J.S. Pustay som Mao se rol in hierdie proses baie mooi soos volg op: " He has been a perfector of the traditional dimensions of this composite theory, a prolific originator of its new dimension, and a masterful organizer of both."(1)

As die belangrikste werke waarin die kerngedagte oor rewolusionêre oorlogvoering vervat is, kan die volgende genoem word:

" On the rectification of incorrect ideas in the party." (1929)
" Strategic problems of China's revolutionary war." (1936)
"Yu Chi Chan." (guerrilla-oorlogvoering) (1937)
" On protracted conflict." (1938)

Sy militêre filosofie wat innig vervleg is met politieke, ideologiese en psigologiese elemente, het sy oorsprong in sy diepe insig in en waardering vir die idees van Sun Tzu, 'n militêre filosoof wat ongeveer vier eeue voor Christus geleef het. Sy denke is verder bevrug deur die geskrifte van Clausewitz, T.E. Lawrence, Marx, Engels en Lenin.

Mao se stryd in China moet egter veral beoordeel word teen die agtergrond van die toestande wat in daardie tyd in China geheers het. Voordat Mao in 1920 'n volslae kommunis geword het en sy ideaal die skepping van 'n nuwe China volgens die leerstellings van Marx

---

1. Pustay, J.S. Counteringsurgency warfare. New York, The Free Press, 1966. p. 28.

en Lenin geword het, was hy as jong seun reeds diep bekommerd oor die vervalle toestand waarin sy volk hom bevind het. Sy nasionale gevoel is dus gebore uit die geskiedenis van die Chinese volk wat gekenmerk word deur die een rewolusie na die ander. Dit was veral na die verval van die Manchu-dinastie dat die hele China verdeel is onder 'n groot aantal militêre heersers wat in 'n gedurige stryd met mekaar gewikkel was. Dr. Sun Yat-sen met sy Kuomintang-party kon nie daarin slaag om orde in die chaos te skep nie. Ook sy opvolger, Chiang Kai-shek, het in hierdie strewe misluk.

Te midde van hierdie gedurige stryd het die Chinese volk in die grootste armoede en agterlikheid geleef. Op kulturele, politieke en ekonomiese terreine het die grootste wanorde geheers, en daar was in der waarheid geen sprake van 'n nasie nie. Die miljoene kleinboere het die prooi van almal geword, en die lewe van die kleinboer was in werklikheid net een lang stryd om voortbestaan. Hulle was saamgehok in duisende klein gemeenskappies. Openbare dienste het glad nie bestaan nie; daar was geen dokters, geen skole, geen elektrisiteit, geen strate en geen riolering nie. Hierdie miljoene is op die gruwelikste wyse uitgebuit deur militêre heersers,soldate en grondeienaars.

Daarby het eksterne faktore veel bygedra tot die chaos wat geheers het. Die hebsug van vreemde moondhede waaronder Frankryk, Brittanje, Duitsland en Rusland het China omskep in niks meer as 'n internasionale kolonie nie.

Hierdie drie faktore, nl. die interne verdeeldheid, die uitbuiting en onderdrukking van die kleinboere deur die grondeienaars en die hebsug van vreemde moondhede,het saam met die invloed van Marxisme-Leninisme as vonk gedien vir die opkoms van Mao in China. Uit hierdie drie faktore vloei die hoofpylers van sy leer voort, nl. nasionale eenheid, sosialisme en anti-imperialisme. Hierdie drie elemente het ook deurgaans gedien as motief waarmee hy die kleinboere geïndoktrineer en gemobiliseer het.

In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk word die verloop van die rewolusionêre oorlog in China kortliks geskets om as agtergrond te dien, voordat oorgegaan word tot die bespreking van Mao se manier van oorlogvoering in besonder. Hierdie historiese agtergrond is veral

ook nodig omdat Mao se teorieë oor oorlogvoering in 'n groot mate gegroei het uit sy praktiese ervarings wat hy in die loop van die stryd opgedoen het.

In sy breë verband kan die rewolusionêre stryd in China in die volgende drie fases opgedeel word, wat ook die algemene verloop van die rewolusionêre oorlog kenmerk:

Die organisasiefase waarin die strategie uitsluitlik deur die Kremlin voorgeskryf is (1921-1927);
die fase van guerrilla-oorlogvoering, of die fase van stryd, waarby die lang mars en die weerstandsoorlog teen Japan inbegrepe is (1927-1947); en
die fase van mobiele oorlogvoering (1947-1949).

Hierdie drie fases sal nou agtereenvolgens bespreek word in die behandeling van die historiese verloop van die rewolusionêre stryd in China.

## 1. DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE REWOLUSIONÊRE STRYD IN CHINA.

### 1. 1. Die organisasiefase (1921-1927).

Teen 1920 is verskeie verenigings in die lewe geroep vir die bestudering van Marxisme, waarin Mao 'n baie groot aandeel gehad het. Daarin is nog vasgehou aan die ortodokse Marxisties-Leninistiese idees, o.a. die idee dat rewolusie uit die industrieproletariaat moet kom. Geen voorsiening is gemaak vir samewerking met die bourgeoisie vir die gemeenskaplike doel van nasionale eenwording, vry van buitelandse inmenging nie. In 1920 het die Russe vir George Voitinsky en 'n Nederlander met die naam van Maring na China gestuur ten einde 'n Kommunistiese party te stig. Hierdie party is in Julie 1921 formeel te Shangai gestig, alhoewel die Rooi Chinese 4 Mei 1919 gewoonlik as die beslissende datum in die opkoms van Kommunisme in China beskou. (2)

---

2. Op 4 Mei 1919 was daar 'n grootskaalse opstand in Peking teen die verraad wat teenoor China gepleeg is met die ondertekening van die vredesverdrag van Versailles op 28 Junie 1919. 'n Belangrike gevolg van hierdie betogings was dat die Chinese afvaardiging geweier het om die verdrag te onderteken.

Met die stigting van die Chinese Kommunistiese Party het die Kremlin gepoog om beheer in China te verkry deur o.a. ook politieke en militêre adviseurs daarheen te stuur. Hulle het verder ook finansiële hulp verleen aan die Kuomintang, die nasionalistiese party wat deur Sun Yat-sen in die lewe geroep is om nasionale eenheid te probeer bewerkstellig, vry van die inmenging van vreemde moondhede. Die Kremlin was nie ten gunste daarvan dat die Kommunistiese party in China 'n onafhanklike koers moes inslaan nie, maar hulle strategie was daarop gemik dat die lede van die Chinese Kommunistiese Party die Kuomintang moes binnesypel, en sodoende sleutelposisies moes bekom as voorbereidende stap vir die uiteindelike oorname daarvan. Dit is dan ook 'n interessante feit dat die Kremlin die Kuomintang dwarsdeur die stryd gesteun het, en dat die eerste positiewe optrede ten gunste van Mao se Chinese Kommunistiese Party die erkenning van die Volksrepubliek van China in 1949 was.

In 1925 het Mao bewus geword van die rewolusionêre krag wat daar geskuil het in die kleinboere. Op 30 Mei 1925 het 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind wat van beslissende betekenis sou wees vir die rewolusionêre beweging in China. Op daardie dag is 'n Chinese werker deur 'n Japannese voorman doodgeskiet in die provinsie Hunan, waarvan die inwoners bekendheid verwerf het vir hulle aggressiwiteit. Betogings en opstande het gevolg. Mao was veral beïndruk deur die aandeel wat die kleinboere daarin gehad het. Hy beweer dat:

> *"Formerly I had not fully realised the degree of Class struggle among the peasantry, but after the May 30 Incident ---and during the great wave of political activity which followed it, the Hunanese peasantry became very militant. I left my home, where I had been resting, and began a rural organisational campaing."(3)*

Dit vorm een van die belangrikste waterskeidings in die rewolusionêre stryd in China omdat Mao hier gebreek het met 'n belangrike beginsel van die Russiese Kommunistiese Party deur die stedelike proletariaat te vervang met die kleinboer. In Hunan het hy verder ywerig voortgegaan met die organisering van die kleinboere terwyl hy terselfdertyd

---

3. Aangehaal uit: Schram, S. Mao Tse-tung. Political leaders of the Twentieth Century. Penguin Books, Harondsworth, Middlesex, England, 1966. p. 82.

'n hoë posisie in die Kuomintang beklee het in die Departement van Propaganda en die departement wat die belange van die kleinboere behartig het.

Intussen het daar ook 'n breuk ontstaan in die samewerking wat daar bestaan het tussen die Kuomintang en die Kommunistiese party. In September 1927 het 'n verdere gebeurtenis gevolg wat 'n ingrypende verandering teweeggebring het in die loopbaan van Mao Tse-Tung. Hy word naamlik deur die Sentrale Komitee van die Chinese Kommunistiese Party wat op daardie stadium nog in Shangai gesetel was, na Hunan gestuur waar hy 'n gewapende opstand moes organiseer. Vanselfsprekend wend hy hom tot die kleinboere, 'n stap wat nie die goedkeuring van die Sentrale Komitee weggedra het nie. Hierdie opstand, bekend as die opstand van die Herfs-oes, loop op 'n mislukking uit en Mao se 10 000 man word deur die troepemagte van Chiang Kai-shek omsingel waarop Mao en ongeveer 1 000 man vlug na die Ching-kangshan-berge wat tussen die Hunan- en Kiangsi-provinsies geleë is.

Hier het hy 'n geïsoleerde basis geskep waar hy genoegsaam tyd gehad het om te besin oor sy neerlaag, asook om te besin oor 'n geskikte strategie wat hom op die pad van oorwinning kon plaas. Met hierdie stap het hy sy voet geplaas op 'n weg wat hom uiteindelik na oorwinning sou lei - die lang moeisame pad na Peking. In hierdie basisgebied het hy ook begin met die doelbewuste en stelselmatige indoktrinering van die kleinboere asook dié in die aangrensende gebiede. Hierdie veldtog het hy ook gekoppel aan sy grondhervormingsplan.

Na hierdie mislukte opstand is die Kommunistiese party amptelik verban. Dit is gedurende hierdie tyd dat die finale breuk ook gekom het tussen Mao en die Kremlin. Die Kremlin was ten gunste van 'n proletariese rewolusie, 'n proses waardeur eers beheer verkry moes word oor die stede vanwaar die rewolusie dan uitgebrei moes word oor die hele land, soos dit die geval in 1917 in Rusland was. Vir Mao was dit egter 'n uitgemaakte saak dat die rewolusie in China deur die kleinboere op die platteland begin moes word, en dat die stede as laaste vestings oorwin moes word. Hierdie stap was die gevolg van sy ervarings in 1925 in Hunan. Dit was vir hom verder duidelik dat die rewolusie in China nooit uit die stedelike proletariaat kon

kom nie omdat hulle te min in getal was. As praktiese Marxis het hy sodoende hierdie beginsel aangepas by die besondere toestande in China. Met sy klem op die Kommunistiese party as die allesoorheersende en rigtinggewende liggaam in die stryd het hy egter getrou gebly aan die beginsels soos neergelê deur Lenin. 'n Verdere stimilus was die feit dat die groot kleinboerebevolking onderworpe was aan 'n onderdrukkende feodale stelsel wat vir hom die geleentheid gebied het om met sy beleid van grondhervorming te begin. Grondhervorming het dus reeds vroeg in die stryd een van die middele geword wat hy aangewend het om die steun van die massa mee te mobiliseer en waarmee hy ook skitterend geslaag het.

Die rewolusionêre stryd in China het dus van die Russiese Rewolusie verskil in dié sin dat die Chinese Burgeroorlog in die eerste plek 'n rewolusie van die kleinboere was. Die stryd is verder gekenmerk deur die uitgerektheid daarvan.

Die eerste faktor het gelei tot 'n koöperatiewe vorm van agraries-kulturele ontwikkeling wat 'n skerp kontras vorm met die ontwikkeling in Rusland ná die rewolusie aldaar, waar kleinboere geplunder is en aan 'n stelsel van gedwonge kollektiwisme onderwerp is.

Die tweede faktor het gelei tot die on-Marxistiese klem op indiwiduele inspanning en stryd. Omdat die stryd hoofsaaklik 'n guerrillastryd was, moes dit noodwendig lei tot 'n strewe om die goedgesindheid van die massa te bly behou. Hieruit vloei die massa-idee van Mao se leer voort, 'n leer wat o.a. die idees bevat: Dat mag uit die massa groei en dat dit alleen deur die massa gesanksioneer kan word. (Vandaar die groot massa-byeenkomste en -betogings wat 'n kenmerk is van Mao se manier van doen).

Dat 'n onbeperkte mag hom skuilhou in die massa wat net wag om vrygelaat te word. (Vandaar die "Great Leap Forward.")

Dat burokrasie gedurig beveg moet word en dat die momentum en die permanentheid van die rewolusie daardeur bewaar moet word. (Vandaar die Kulturele Rewolusie.)

## 1. 2. Die fase van stryd (1927-1947)

Daar word ook na hierdie periode verwys as die Kiangsi-periode. Nadat Mao moes vlug nå die opstand in Hunan het hy hier in Kiangsi onder die besef gekom dat hy die stryd nie sonder 'n ~~gewpanede~~ gewapende mag kon voer nie. Met die hulp van Chu Teh en Lin Piao het hy toe begin om die grondslag te lê van die Chinese Rooi Leër. Dit was veral Chu Teh wat dwarsdeur die stryd as briljante veldheer, Mao se regterhand was. Daar is dus onmiddellik oorgegaan tot die skepping van 'n konvensionele leër en van guerrilla-eenhede. Laasgenoemde het 'n uiters belangrike rol gespeel in die indoktrinering en mobilisering van die kleinboere-bevolking - bedrywighede wat gelei het tot die vestiging van die Chinese Sowjet-Republiek op 7 November 1931.

In 1929 onderneem Chiang Kai-shek sy uitwissingsveldtogte teen Mao se Kommuniste. Tydens die eerste veldtog behaal Mao sy eerste noemenswaardige oorwinning met sy leër van 10 000 man. Hierdie sukses was uitsluitlik te danke aan sy guerrillataktiek. Chiang Kai-shek het nog drie veldtogte van stapel gestuur, maar elke keer het hy die onderspit gedelf. Deur middel van die proses van indoktrinering en mobilisering het Mao se mannekrag intussen gestyg tot 300 000. In die eerste vier uitwissingsveldtogte het Mao hoofsaaklik gesteun op die beginsel van die strategiese terugwyking, die proses waarin die vyandelike magte van Chiang Kai-shek in die basisgebied van die Kommuniste ingelok en stelselmatig uitgewis is.

Voordat Chiang Kai-shek sy vyfde uitwissingsveldtog van stapel gestuur het, het daar belangrike verwikkelinge in die Chinese Kommunistiese Party plaasgevind wat direk aanleiding gegee het tot die neerlaag wat die Kommuniste in die vyfde uitwissingsveldtog gely het.

Die Kommunistiese party in China is tot op hierdie stadium vanuit Moskou beheer, en die Sentrale Komitee van die Chinese Kommunistiese Party was nog steeds in Shangai gesetel. Omdat sake vir hulle daar moeilik geword het, en hulle self gevoel het dat hulle

ver verwyder was van die ware setel van die Kommunistiese mag, het hulle hulle in Juichin, die hoofstad van die Chinese Sowjet-Republiek, gevestig. Onder hulle was Chou En-lai. Daarmee het die posisie van Mao in die gedrang gekom omdat daar van die kant van die Kremlin teenkanting was teen die guerrillastrategie wat hy gevolg het tydens die eerste vier uitwissingsveldtogte, asook teen sy idee dat die rewolusie deur die kleinboere gevoer moes word en nie deur die stedelike proletariaat nie. Die Sentrale Komitee van die Chinese Kommunistiese Party het die beleid van die Kremlin, soos neergelê deur Stalin, gesteun. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Chou En-lai in Mei 1933 as politieke Kommissaris van die Rooi Leër aangestel is. Hierdie houding van die Russe is veral insiggewend. Soos in die vorige hoofstuk [4] aangedui is, was daar steeds teenkanting teen guerrilla-oorlogvoering as magsaanwendingsmiddel binne rewolusionêre verband. In hierdie lig moet die verwerping van Mao se guerrillastrategie dan ook gesien word. Die kiem wat hulle op die proletariese rewolusie in die stede gelê het, dui daarop dat hulle nog steeds vaskleef aan die idee van'n rewolusionêre staatsgreep of 'n rewolusie in die betekenis van 'n eksplosiewe omwenteling.


In die vyfde uitwissingsveldtog is Chiang Kai-shek van raad bedien deur Duitse militêre raadgewers in die persone van Von Falkenhausen en Von Seekt. Chiang se strategie het neergekom op die algehele blokkade van die Kommunistiese gebied, o.a. deur die oprigting van blokhuise. Dit sou interessant gewees het om te sien wat Mao teen hierdie strategie sou uitgerig het.

Die gevolg van die verwikkelinge binne die Chinese Kommunistiese party waarna hierbo verwys is, was dat daar in die vyfde uitwissingsveldtog afgesien is van die Maoïstiese guerrillastrategie. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat die Kommuniste in hierdie veldtog die onderspit moes delf. In 'n mate kan hierdie afwyking ook toegeskryf word aan 'n gees van optimisme en selfvertroue wat gespruit

---

4. Hoofstuk 4. p. 54.

# DIE LANG MARS




Rewolusionêre basisgebiede van die Rooi Leër

Die lang mars – die hoofroete

Die lang mars – ander eenhede van die Rooi Leër

het uit hulle vorige oorwinnings in die vorige vier uitwissingsveldtogte.

Na hierdie neerlaag het Mao die wyk geneem en die epiese lang mars van 126 903 km. onderneem na die Shensi -provinsie. Hierdie mars wat hy met 100 000 man begin het, is beëindig toe hy Yenan in 1935 met nagenoeg 30 000 man bereik het. Gedurende die hele mars is hulle onderwerp aan die aanvalle van Chiang Kai-shek se troepe. Die uiterste weersomstandighede en die onbegaanbaarheid van die gebiede waardeur hulle getrek het, het ook 'n baie hoë tol geëis. Sy magte is egter versterk deur vlugtelinge wat Yenan langs twee ander roetes bereik het. Sy magte was desnieteenstaande egter so verswak dat Chiang Kai-shek hulle nie meer as 'n ernstige bedreiging beskou het nie. Mao het egter anders oor die saak gedink en die basiese wet vir sy strategie neergelê wat hy oorgeneem het van Sun Tsu, nl. "Ken die vyand en ken jouself , en jy sal honderd gevegte kan veg sonder om 'n neerlaag te ly." (5) In hierdie lig het hy ook sy terugwyking uit Kiangsi nie as 'n neerlaag beskou nie, maar bloot as 'n strategiese terugwyking.

Met die dreigende Japannese inval en die leuse van Mao se Kommuniste dat Chinese nie Chinese beveg in die aangesig van dreigende gevare van buite nie, en dat kragte saamgesnoer moet word om hierdie gevaar die hoof te bied, het hulle die steun van 'n groot deel van die massa gewen. Groot getalle Chinese het ook kennis geneem van die dissipline, uithouvermoë en die goeie behandeling wat kleinboere van Mao se Rooi Leër ontvang het tydens die lang mars, en dit het verder daartoe bygedra dat nog groter getalle hulle geskaar het aan die kant van die Kommuniste. Chiang Kai-shek het gedreig met die voortsetting van sy uitwissingsveldtogte.

Hy is egter deur sy eie troepemagte gevange geneem en gedwing om in samewerking met die Kommuniste die stryd teen Japan te voer. Die Kommuniste sou Chiang Kai-shek dan as staatshoof en

---

5. Mao Tse-tung. Selected works, Vol. 11. Peking, Foreign Languages Press, 1963. p. 27.

opperbevelhebber van die Chinese magte erken. In ruil daarvoor sou die Kommuniste beheer oor hulle eie troepe behou, asook die administratiewe en politieke beheer oor die noordwestelike gebied van die Shensi-provinsie. Die bestaan van die Kommunistiese party is ook weer gewettig. In hierdie proses is die Rooi Leër ook hernoem na die Agste Roeteleër. Dit was hierdie leër onder aanvoering van veral Mao en Chu Teh wat soveel roem verwerf het in die stryd teen die Japannese invalsmagte.

Dit is nodig dat reeds op hierdie stadium gewys word op die geweldige verering wat veral die kleinboere vir hierdie leër gekoester het. Die agting wat die kleinboere vir Mao se Rooi Leër gehad het tydens die lang mars, het byna in aanbidding oorgegaan in sy nuwe gedaante. Die kleinboere het beweer dat die Agste Roeteleër "---is just like your own father and mother."(6) Die Kommunistiese party het die saak van sy kant weer sô gesien: " We are descendants of the people; and the people are our ancestors" (7) Hierdie invloed op die massa was onberekenbaar en dit het 'n groot bydrae gelewer tot Mao se uiteindelike oorwinning. Dit was dus vir hom 'n magtige middel waarmee hy die binnefront gemobiliseer het. Die gevolg van hierdie verering word mooi deur Beldin soos volg opgesom:

> *" When you look on another force as your own father and mother, you are recognizing that force as the only authority in life. And you are going to fashion all your hopes, actions and ideas on the moral codes set up by this force which claims to represent the general will. A power like this of the Chinese Communists, which claims descent from the masses, therefore tends to become not only egalitarian, not only social, but also total." (8)*

Die samewerking met die troepemagte van die Kuomintang het vir die Kommuniste 'n tweeledige doel gedien. In die eerste plek


---

6. Beldin, J. China shakes the world. New York, Monthly Review Press, 1970. p. 469.
7. Ibid. , p. 469.
8. Ibid. , p. 469.

# DIE VERLOOP VAN DIE STRYD 1945-46



# DIE SITUASIE IN MEI 1948



was daar die korttermyn oogmerke wat neergekom het op die uitsetting van die Japannese invalsmagte. In die tweede plek moes hierdie stryd die Kommuniste se langtermyn oogmerke bevorder, nl. die oorname van die regering van die land deur die Kommuniste. Die nasionalistiese motief van nasionale verdediging moes dus dien om die volk te verenig. Die Kommuniste het dit egter slegs gebruik ter bevordering van hulle uiteindelik sosialistiese oogmerke. Mao was verder die mening toegedaan dat die Nasionalistiese magte van Chiang Kai-shek te swak was om 'n konvensionele oorlog teen die Japanners te wen. Aan die ander kant was hy vol selfvertroue dat sy guerrillamagte in samewerking met die massa 'n uitgerekte oorlog teen die Japanners sou kon wen, en dat hulle uiteindelik as die onbetwiste heersers oor die hele China uit die stryd sou tree.

Dit was ook so dat die Kommunistiese magte, tesame met die massa wat hy mobiliseer het vir 'n volskaalse oorlog, die meeste sukses gehad het in die stryd teen die Japanners. Chiang Kai-shek het hom gedurende die stryd meer daarop toegelê om hom voor te berei vir die hervatting van die stryd teen die Kommuniste. In hierdie verband het hy sy hoop gevestig op hulp van buite, veral van die kant van die V.S.A.

Die oorlog is egter gouer beëindig as wat Mao kon voorsien, en die Nasionaliste het na die oorlog as erkende regeerders in China uit die stryd getree. Met hierdie toedrag van sake het die Kommuniste egter nie genoeë geneem nie, en nieteenstaande inmenging van Amerikaanse kant is die burgeroorlog hervat.

1. 3. <u>Die fase van mobiele oorlogvoering (1947-1949)</u>.

In April 1948 het die Kommuniste die provinsie Hunan ingeneem, nadat hulle Mantsjoerye onderwerp het met behulp van wapens wat die Russe daar agtergelaat het. Hulle het hulle opmars voortgesit na Tsinan, die hoofstad van Shantung, wat hulle met 'n groot troepemag in 'n direkte offensiewe aanval ingeneem het. Hierdie aanval het gedui op 'n verandering wat in die strategie en taktiek van die Kommuniste ingetree het. Guerrilla-oorlogvoering het sy doel gedien en die Kommuniste-leërmagte was nou sterk genoeg om die leërmagte van

Chiang Kai-shek in konvensionele oorlogvoering aan te durf, en groot stede te beset.

Die guerrilla-eenhede is gereorganiseer in die nuwe Vierde Leër. Die Agste Roeteleër was veral bedrywig in die noordelike provinsies, terwyl die Vierde Leër in Sentraal-China geopereer het.

Na die slag van Huai Hai was die weerstand van die Nasionaliste gebreek, en op 1 Oktober 1949 het die Volksrepubliek van China tot stand gekom.

Gedurende die hele stryd was die organisasie van die Kommuniste uitmuntend, en die mobilisering van die massa was 'n groot sukses. Die Nasionalistiese magte van Chiang Kai-shek en die Japanse invalsmagte was gereed en opgelei om die stryd op militêr - tegniese grondslag te voer, maar hulle het geen verweer gehad teen die psigologies-ideologiese stryd nie, en tesame met militêre operasies was dit by uitstek die wapen wat Mao in die stryd gebruik het.

* * *

As Mao se hele stryd in oënskou geneem word, is daar bepaalde belangrike punte wat ten slotte beklemtoon moet word:

Eerstens noem ons die mobilisering van die binnefront wat hy op byna volmaakte wyse van stapel gestuur het. Deur die doelbewuste koppeling daarvan aan oorlogvoering soos dit die geval was gedurende die Kiangsi-periode, het hy beslag gegee aan rewolusionêre oorlogvoering, iets wat sy voorgangers nie kon vermag nie. In die verdediging van die Kommunistiese basisgebied in Kiangsi en veral wat die strategiese terugwyking betref, is die invloed van veral Clausewitz ooglopend.

Wat verder opval, is die politieke mobilisering van die kleinboere wat openlik gevoer is voordat die Kommunistiese party verban is, en wat daarna ondergronds gevoer is nå die vestiging van die basisgebied in Kiangsi.

Derdens is daar die lang periode van guerrilla-oorlogvoering wat gevolg het op die neerlaag wat die Kommuniste gelei het in die vyfde uitwissingsveldtog. Wat veral opvallend is, en wat ook Mao as persoon en sy strategie kenmerk, is die verbete wyse waarop hy die lang mars aangepak het. Hy aanvaar terugslae en neerlae, maar dit moet bloot gesien word as deel van die vloei van die hele rewolusionêre stryd. Wat saak maak, is die uiteindelike oorwinning. Tyd speel geen rol nie.

In die vierde plek is die tipiese Kommunistiese strategie gedurende die weerstandsoorlog teen die Japannese invalsmagte opvallend. Dit kom veral tot uiting in die bedrewe wyse waarop Mao sy uiteindelike sosialistiese oogmerke verberg agter nasionalistiese motiewe wat hy verbind het met die beginsel van nasionale verdediging.

Laastens word gewys op die briljante wyse waarop hy in die laaste fase van die stryd mobiele oorlogvoering verbind het met guerrilla-oorlogvoering en beide gekoppel het aan die binnefront en daardeur 'n georganiseerde volksleër geskep het.

In die verdere bespreking sal die aandag nou bepaal word by die beginsels wat Mao se militêre filosofie en manier van oorlogvoering ten grondslag lê,

## 2. DIE GRONDSLAE VAN MAO TSE-TUNG SE MILITêRE FILOSOFIE.

Soos alle Kommuniste voor hom aanvaar Mao die beginsel van die historiese noodsaaklikheid van oorlog as die aangewese middel tot rewolusie. In hierdie verband verhef hy die mens tot die beslissende faktor in enige vorm van oorlogvoering. Hy beweer dat: " The people, and the people alone, are the motive force of world history."(9) Anders as sy voorgangers het hy sy idees oor oorlog en strategie in rewolusionêre verband asook die rol van die mens daarin noukeurig en volledig gesistematiseer. In die proses het hy dikwels afgewyk

---

9. Mao Tse-tung. Selected Works, Vol. III. Peking, Foreign Languages Press, 1965. p. 257.
Die aandag word by herhaling daarop gevestig dat alle aanhalings uit die werke van Mao, Giap en Guevara gedoen word uit die Engelse vertalings daarvan.

van die ortodokse Marxisme-Leninisme deur sy eie interpretasie te heg aan bestaande beginsels om dit sodoende toepaslik te maak op die besondere omstandighede in China. So het hy in 1930 beweer dat die teoretiese bydrae en die praktiese ervaring van die Russe ten opsigte van rewolusie nie onveranderd in China toegepas kan word nie. Indien dit wel gedoen sou word, "--- it will also be like whittling down our feet to fit the shoes, and we shall be defeated."(10)

In die ontleding en waardeskatting van enige bepaalde strategie word die waarde en die geldigheid daarvan grootliks bepaal deur die vooropgesette oordeel van die ontleder, m.a.w. die beoordeling van die belangrikheid en juistheid van 'n bepaalde strategiese beslissing hang af van die maatstawwe wat deur die ontleder toegepas word. Wat die Westerse historikus betref, is die mate waarin vooropgesette oordele 'n remmende invloed uitoefen op die vertolking van Westerse militêre geskiedenis gering, omdat dit wat aan ontleding onderwerp word, deel vorm van die eie kulturele en geestelike erfenis. Dieselfde geld vir die optrede van die Westerse veldheer of staatsman wat handel met 'n hoofsaaklik Westerse konflik-situasie. Die situasie word beoordeel volgens gevestigde, vooropgesette strategiese beginsels wat wortel in die Westerse militêre denke. Wanneer die strategiese en taktiese beginsels van Mao Tse-tung egter bestudeer word, en veral wanneer besin word oor 'n geskikte teenstrategie, moet hierdie belangrike feit nie uit die oog verloor word nie, nl. dat Westerse maatstawwe nie meer geldig is wanneer dit kom by 'n konfrontasie waarby strategiese en taktiese beginsels aangewend word wat wortel in 'n kultuur wat geheel en al verskil van die eie. Om Maoïstiese strategie suiwer te beoordeel volgens Westerse maatstawwe is fataal. Maoïstiese strategie leun wel sterk op Marxisties-Leninistiese beginsels, maar dit dra 'n sterk Chinese karakter wat die onderliggende dinamika daarvan betref. Dit is 'n strategie wat soms wemel van skynbare teenstellings wanneer dit beoordeel word volgens Westerse militêre maatstawwe. Hier word bv. gedink aan die aanwending van vloeibare, operasionele metodes aan die een kant, en die waarde wat aan die ander kant geheg word aan betreklik stabiele

---

10. Aangehaal uit: Garthoff, R.L. Unconventional Warfare in Communist strategy, in Foreign Affairs, Julie 1962.

basisgebiede; aan die klem wat op kragdadige aksie gelê word aan die een kant, en die uitrekking van die stryd aan die ander kant; aan die ingewikkeldheid van Mao se strategiese plan van aksie wat soms moeilik onderskeibaar is van sy taktiese beginsels, en daarteenoor die redelik padlangse wyse waarop Westerse strategie gevoer word.

Die aandag sal vervolgens geskenk word aan eerstens Mao se beginsel van "eenheid in teenstellings", en vervolgens die verloop van die guerrillastryd deur die drie fases van ontwikkeling.

## 2. 1. Mao se beginsel van "eenheid in teenstellings."

Die kern van Mao Tse-tung se leer oor rewolusionêre oorlogvoering vind ons in sy beginsel van "eenheid in teenstellings". Kennis van oorlog spruit ook voort uit 'n kennis en begrip van die dialektiese materialisme. Die begrip van teenstellings vorm vir hom die basiese grondslag van die denkproses. Hy spreek hom soos volg daaroor uit: " The law of contradiction in things, that is the law of unity of opposites, is the most basic law of nature, society and war and therefore also the basic law of thought."(11) Oorlog word ook hierby ingesluit: " In a war, offence and defence, advance and retreat, victory and defeat are all contradictory phenomena. Without the one the other cannot exist."(12)

Sy leer bevat verder die militêr-politieke aanpassing van die eeue-oue Chinese begrip van Yin-Yang, wat beteken dat daar krag in swakheid skuil, en ook andersom, en dat daar 'n gedurige botsing tussen hierdie teenoorgestelde kragte bestaan. Tipies van die Kommunistiese rewolusionêr is sy leer dinamies en mensgerig. In alle dinge bestaan daar teenoorgestelde kragte wat deur menslike

---

11. Mao Tse-tung. Selected Works, Vol. 11. London, Lawrence and Wishart, 1954. p. 13.
12. Ibid., p. 18.

bemoeiing lei tot 'n gedurige proses van verandering. Sy leer van teenoorgestelde kragte, en die beginsel dat daar krag in swakheid skuil, word dan toegepas op oorlogvoering, waarin die binnefront, d.i. die rol van die mens daarin van deurslaggewende betekenis is. Hierdie beginsel pas hy soos volg toe:

Hy stel die klein, swak toegeruste guerrilla-eenhede teenoor die goedtoegeruste, konvensionele troepemagte. Die swakheid van guerrilla-eenhede bestaan daarin dat hulle in klein groepies opereer wat in 'n direkte konfrontasie met gereelde troepe binne 'n baie kort tyd uitgewis kan word. Maar juis omdat hulle in klein groepies opereer, kan hulle vinniger en in die geheim agter die vyandelike linies beweeg: " In conventional tactics, dispersion of forces invites destruction; in guerrilla war, this very tactic is desirable both to confuse the enemy and to preserve the illusion that the guerrillas are ubiquitous."(13)

Wat die sterkteverhouding tussen opponerende magte betref, stel hy kragte teenoor mekaar wat deel vorm van dieselfde begrip, maar wat op afsonderlike vlakke bestaan. So word die vyand se militêre en ekonomiese vermoëns opgeweeg teen die groeiende mannekrag, die geesteskrag en die hoë mate van vasberadenheid van die insurgente, m.a.w. wat die verhouding tussen mens en materie betref, is die mens die absolute beslissende faktor. In oorlogvoering word die mens so teenoor die wapen gestel, en Mao beweer dat:" Weapons are an important factor in war, but not the decisive one; it is man and not material that counts. The contest of force is not only a contest of military and economic power, but also one of the power and moral of man." (14)

---

13. Mao Tse-tung. On guerrilla warfare. Translated and with an introduction by Brigadier Samuel B. Griffith. New York, Frederick A. Praeger, Publisher, 1961. p. 25.

14. Mao Tse-tung, Selected military writings. Peking, Foreign Languages Press, 1963. p. 117-118.

Die rede waarom die Westerling dikwels verwys na rewolusionêre oorlogvoering as 'n primitiewe vorm van oorlogvoering moet in hierdie paradoks gesoek word. Die vergelyking wat gewoonlik gemaak word, het slegs betrekking op die tegniese aspekte van oorlogvoering. Sukses in rewolusionêre oorlogvoering hang egter nie af van die gladde en doeltreffende werking van 'n magdom van meganiese instrumente en toestelle nie. Dit hang ook nie af van 'n volmaak georganiseerde, logistiese stelsel, of van die akkuraatheid van elektriese rekenoutomate af nie. Guerrilla-oorlogvoering kan in bykans enige gebied gevoer word, in alle weersomstandighede, in enige klimaat, in moerasse, berge en selfs op vlaktes. In hierdie vorm van oorlogvoering is dit die mens wat van deurslaggewende betekenis is. As mens beskik hy oor vermoëns wat hom in staat stel om selfs die aanslag van die modernste wapens te kan weerstaan. Hy is toegerus met verstand, emosies, wilskrag en vasberadenheid, en die mobilisering van hierdie kragte binne militêre verband in samehang met ideologiese en politieke oogmerke skep 'n magtige wapen wat volgens Mao verhewe is bo en selfs bestand is teen die kernwapen. Mao vind dit dan nie moeilik nie, hoe onverstaanbaar dit ook vir die Westerling mag klink, om lugmag te stel teenoor inligting, tenks teenoor propaganda, gemeganiseerde troepe teenoor inligting en die mobilisering van industriële vermoëns teenoor politieke mobilisering.

Mao se beginsel van eenheid in teenstelling raak verder die begrippe "ruimte" en "tyd". Ruimte en tyd verteenwoordig die twee sleutelwoorde in rewolusionêre oorlogvoering. Insurgente moet daarop voorbereid wees om die stryd vir 'n onbepaalde tyd te voer. In die strategie van rewolusionêre oorlogvoering speel tyd geen rol nie- wat saak maak, is die uiteindelike oorwinning. Vir die Westerling is die betekenis van hierdie idee ook vreemd. Binne strategiese verband is ruimte en tyd vir die Westerling twee begrippe wat nou aan mekaar verbonde en onderling afhanklik van mekaar is. Wanneer strategiese oogmerke dus bepaal word, word dit onmiddellik gekwalifiseer met 'n tydsbepaling. Mao daarenteen is bereid om ruimte in te boet vir tyd. Gedurende die rewolusionêre stryd in China het hy dikwels stede ontruim voordat die Nasionalistiese

troepe op hom kon toeslaan. Hoe moeiliker die terrein, hoe langer sal die uitwisselingsproses duur. Tyd is die bepalende faktor waarop enige insurgensie teer. Tyd bied aan 'n klein swak toegeruste mag die geleentheid om die massa sodanig te organiseer en te mobiliseer dat dit in stygende mate die kollektiewe basis vir sukses vorm.

Mao heg egter nog 'n verdere betekenis aan die begrip ruimte wanneer hy skynbaar paradoksaal beweer dat indien tyd gewen wil word, ruimte behou moet word. In hierdie sin verwys hy nie na ruimte as 'n bepaalde geografiese punt soos ons dit in stellingoorlog vind nie, maar in die sin dat die politieke organisasie en guerrillamagte oor bewegingsvryheid oor 'n uitgestrekte gebied moet beskik sodat vyandelike magte oor 'n breë front bedreig kan word, en sodoende gedwing word om hulle magte te versprei. Hy gebruik die begrip ruimte ook nie slegs in sy fisieke betekenis nie, maar hy pas dit ook op geestelike vlak toe. Insurgente moet, wat die politieke aksie betref oor die nodige bewegingsvryheid beskik om alle lae van die bevolking te kan binnesypel. Vandaar sy idee van strategiese basisse in die gees van die mense. Bewegingsvryheid binne ruimte en tyd verseker dat die inisiatief altyd in die hande van die insurgente bly.

## 3. Die verloop van die guerrillastryd deur die drie fases van ontwikkeling.

Uit die bespreking van die historiese verloop van die rewolusionêre stryd in China en die grondslae wat Mao se militêre filosofie ten grondslag lê, kan die volgende beeld oor die verloop van 'n rewolusionêre oorlog vir insurgente gekonstrueer word. Volgens die geskrifte van Mao is daar drie fases wat duidelik van mekaar onderskei kan word.

Eerstens is insurgente op die strategiese defensief; tweedens kom die ewewigstoestand tussen opponerende magte; en derdens is insurgente op die strategiese offensief.

3. 1. Die eerste fase.

Hierdie fase neem sy aanvang met die geboorte van die rewolusionêre beweging. Daarna volg die vestiging van basisgebiede, politieke indoktrinasie en mobilisering van die bevolking binne genoemde gebiede, die opbou van guerrillamagte, en daar word ook reeds aandag gegee aan die skepping van gereelde troepemagte. Die klem val op die ontwikkeling van die strategiese basisgebiede asook op die uitbreiding daarvan wat meesal ondergronds gevoer word. Sporadiese gevalle van sabotasie, sluipmoorde op regeringsamptenare, versteuring en vernietiging van kommunikasie, ens. mag ook reeds voorkom. Aanvalle deur guerrilla-eenhede kom met tussenpose voor, maar dit is eintlik niks meer nie as 'n verdedigingsaksie ter beskerming van basisgebiede om sodoende die groei en konsolidasie daarvan te beskerm en te bevorder. Die belangrikste oogmerk in hierdie fase is om die beweging te beskerm totdat dit sterk genoeg word om ten volle tot aksie oor te gaan.

Dit is opvallend dat Mao nie breedvoerig handel met die organisasiefase wat gewoonlik as afsonderlike fase vóór genoemde eerste fase plaasvind nie. Die rede moet daarin gesoek word dat die Kommunistiese party in sy samewerking met die Kuomintang sy organisasie openlik kon doen, met die gevolg dat toe die Kommunistiese party in 1927, na die mislukte opstand van die Herfs-oes verban is, hy 'n groot aanhang gehad het, en hy kon dus dadelik oorgaan tot die vestiging van 'n stewige basis in die Chingkangshan-berge vanwaar redelik gou tot aksie oorgegaan kon word.

Die eerste fase waarna Mao dus verwys, dui daarop dat die organisasiefase suksesvol deurloop is, en dat 'n stewige kern as basis vir die rewolusionêre beweging reeds gevestig is. Die basisgebiede waarna hy verwys, is dus gebiede wat deur rewolusionêres beheer word, en waar die indoktrinasie en mobilisering van die bevolking in volle gang is. Vanuit hierdie basisgebiede word propagandiste dan uitgestuur om bewoners wat in aangrensende gebiede woon te oorreed om met die guerrillas saam te werk vir die saak van die rewolusie. Die gevolg is dat daar 'n beskermingsgordel van

simpatiseerders en ywerige medewerkers om die basis getrek word wat meehelp in die voorsiening van voedsel, rekrute, inligting en selfs wapens. Die patroon van aksie is dus "conspiritual, clandestine, methodical and progressive, Military operations will be sporadic."(15)

3 2. Die tweede fase.

In hierdie fase word oorgegaan tot die militêre aksie wat die begin aandui van oorlogvoering in die ware betekenis van die woord. Hierdie fase neem 'n aanvang wanneer die beweging organisatories, polities, ekonomies en militêr gevestig is.

In konvensionele oorlogvoering is die doelwit van militêre aksie die vernietiging van vyandelike troepemagte. Dit kom dus neer op die magskonsentrasie van alle middele op land, in die lug en in sommige gevalle op die see. Die aangewese strategie is dus om sterker as die vyand te wees op 'n beslissende punt, want "----- victory almost always demands material and moral superiority at the proper place and time; in other words, concentration in time and space."(16) Dit sou dan hiervolgens logies wees vir guerrillamagte om die swaartepunt van die vyand se mag te soek in die sterkte van sy weermag, om dié te oorwin, en om sodoende die politieke oogmerke wat bestaan in die omverwerping van 'n bestaande regering en 'n bestaande sosiale orde, te bereik. Soos reeds aangetoon, is guerrillamagte nie opgewasse vir so 'n taak nie. Om hierdie rede soek Mao die swaartepunt van die vyand se mag nie in die fisieke sterkte van sy leërmagte nie, maar wel op politieke vlak waar die klem val op psigologiese oorlogvoering. Wanneer

---

15. Mao Tse-tung. On guerrilla warfare. p. 21.

16. Miksche, F.O. Secret forces: the technique of underground movements. London, Faber and Faber, 1950. p. 62. skrywer onderstreep.

Mao dan beweer dat die basiese beginsel in oorlogvoering selfbehoud is teenoor die uitwissing van die vyand, bedoel hy daarmee "---to deprive him of his power to resistance and not to annihilate him completely in a physical sense. "(17) Hy soek met ander woorde die swaartepunt van die vyand se mag in sy wil om te veg. Sy hele strategie is daarop gemik, en anders as wat die geval is in konvensionele oorlogvoering, berus dit op "dispersion in time and space. "(18) Die aanvalle wat klein guerrilla-eenhede oor 'n uitgestrekte gebied onderneem, dra so by tot die frustrasie en verwarring in die geledere van die regeringsmagte, en speel sodoende 'n belangrike rol in die ondermyning van die vyand se moreel.

Aan die ander kant koppel hy hierdie militêre aksie aan politieke metodes om hierdie proses te help bevorder. Hierdie metodes sluit die volgende in, nl. eerstens die opruiing van die massa deur middel van agitasie, propaganda en indoktrinasie, tweedens die sistimatiese organisering en mobilisering van die massa, en derdens die doelbewuste pogings om 'n verbrokkeling in die geledere van die vyand te bewerkstellig deur hom te beroof van die lojaliteit van sy ondersteuners. Militêre aksie en politieke indoktrinering en mobilisering is dus so intiem met mekaar verweef dat dit nooit op enige stadium van mekaar geskei kan word nie. Aangaande die taak van die Rooi Leër laat Mao hom soos volg uit:

> *" The REd Army fights not merely for the sake of fighting but in order to conduct propaganda among the masses, organize them, arm them, and help them to establish revolutionary political power. Without these objectives, fighting loses its meaning and the Red Army loses the reason for its existence."(19)*

Die tweede fase is veral die fase van positiewe uitbreiding. Guerrillataktiek van blitsige aanvalle, en dan weer vinnig die wyk

---

17. Mao Tse-tung. Selected Works, Vol. II. London, Lawrence and Wishart, 1958. p. 205.
18. Miksche, op. cit., p. 62.
19. Mao Tse-tung. Selected military writings. p. 52 .

neem ("hit and run") bly van toepassing. Hinderlae, strooptogte en sabotasie neem toe. Hoofkwartiere en kommunikasiesentrums vorm verdere doelwitte ten einde bevelskanale en kommunikasie te ontwrig. Verskerpte pogings word aangewend om wapens, ammunisie en ander belangrike voorrade te bekom, terwyl uitbreiding en aaneenskakeling van basisgebiede plaasvind. Guerrilla-eenhede opereer oor 'n uitgestrekte gebied ten einde die regeringsmagte te dwing om hulle eie magte te versprei sodat hulle stuksgewyse deur guerrillamagte uitgewis kan word. Die oorlog sal dan geleidelik die ewewigstoestand bereik waar die sterkte van die guerrillamagte saam met die steun van 'n groot deel van die massa gelyk is aan dié van die vyand, met die guerrillas wat kleiner gebiede beheer maar wat nog steeds die inisiatief op taktiese vlak bly behou.

Dit is ook die beslissende stadium van die oorlog, waartydens guerrillamagte gereed moet maak om ook die inisiatief op strategiese vlak oor te neem. Dit is dus noodsaaklik dat guerrilla-eenhede geleidelik omskep moet word in mobiele, konvensionele eenhede. Guerrilla-eenhede verdwyn egter nooit heeltemal van die toneel nie. Dit is hulle taak om in hierdie stadium van die stryd die gunstige toestande te skep vir konvensionele magte om toe te slaan. Geleidelik ontworstel rewolusionêres die inisiatief ook op strategiese vlak deur middel van die koördinering van guerrilla-oorlogvoering met mobiele oorlogvoering, 'n proses waarin mobiele oorlogvoering 'n steeds belangriker rol speel. In sy momentum word die beweging dus gedra deur die toestand van ewewig deur die gunstige voorwaardes wat geskep is vir die oorskakeling tot die strategiese offensief.

Die basiese vereiste in hierdie fase is dat guerrillamagte in alle omstandighede die inisiatief op taktiese vlak moet bly behou en dat die regeringsmagte deur die verspreidingsaksie van guerrillamagte stelselmatig uitgewis word. Dit moet uiteindelik lei tot die ontworsteling van die inisiatief ook op strategiese vlak, 'n proses waarin 'n groot deel van die guerrillamagte geleidelik omskep word in mobiele, konvensionele eenhede.

## 3. 3. Die derde fase.

In die derde fase gaan insurgente dan oor tot die strategiese offensief waartydens mobiele, konvensionele troepemagte die hooftaak verrig. Guerrillamagte verdwyn dus nie van die toneel nie, maar speel 'n belangrike aanvullende rol. Die uiteindelike oorwinning word behaal deur gereelde troepe met die hulp van guerrilla-eenhede, gerugsteun deur die massa wat in stygende mate by die gewapende stryd betrek word.

In Mao se strategie speel guerrilla-oorlogvoering dus deurgaans 'n belangrike rol. Selfs wat die derde fase betref, kan sy operasies beskou word as guerrilla-oorlogvoering op 'n hoër vlak. Hy maak self die bewering dat:

> " *In a revolutionary civil war, there cannot be fixed battle lines. —but should honestly admit the guerrilla character of the Red Army. It is no use being ashamed of this. On the contrary, this guerrilla character is precisely our distingquishing feature, our strong point, and our means of defeating the enemy.*" (20)

* * *

Mao Tse-tung is nie alleen net teoretikus nie, maar is by uitstek die briljante veldheer. In 'n baie groot mate is sy militêre filosofie en sy teorieë oor strategie en taktiek die vrug van sy praktiese ervarings wat hy opgedoen het in die loop van die rewolusionêre stryd in China. Hy is die praktiese Marxis wat glo in die praktiese toepassing van Marxisties-Leninistiese beginsels, en daarmee saam ook die aanpassing van hierdie beginsels by die heersende toestande in China. Uit die praktiese toepassing daarvan word die teorie op sy beurt verder bevrug en verryk. Dit is dus 'n uitgerekte proses waarin die wedersydse beïnvloeding van teorie en praktyk tot volmaaktheid moet lei. Ons vind dus hier ook die kerngedagte van die Marxisme, nl. dat uit die stryd tussen teenoorgestelde kragte ontwikkeling gebore word.

---

20. ibid. p. 137.

Waar daar in hierdie hoofstuk gehandel is met die historiese verloop van Mao se stryd in China, en met die grondslae wat sy militêre filosofie ten grondslag lê asook met die verloop van 'n rewolusionêre oorlog deur die drie fases van ontwikkeling, val die klem in die volgende hoofstuk hoofsaaklik op die strategiese en taktiese beginsels wat Mao in die stryd toegepas het. In die doelbewuste koppeling van die militêre aksie aan die politieke aksie binne strategiese verband het hy 'n middel geskep waardeur die binnefront op doeltreffende wyse georganiseer en gemobiliseer is, iets wat by sy voorgangers nog grootliks ontbreek het.

-----oooo000oooo-------

# H O O F S T U K 6.

## MAO TSE-TUNG (vervolg): OORLOG, STRATEGIE EN TAKTIEK.

Soos daar in die vorige hoofstuk (5) aangedui is, kan die rewolusionêre stryd in China in drie algemene fases ingedeel word. Die Kommuniste verwys ook na die stryd in sy geheel, insluitende die oorlog teen die Japannese invalsmagte, as 'n weerstandsoorlog, 'n stryd wat gevoer is teen imperialisme, feodalisme en teen die nasionalistiese leërmagte van Chiang Kai-shek. In sy geheel gesien was dit vir die Kommuniste dus 'n stryd om beheer oor die land te verkry, en waarin die stryd teen die Japannese invalsmagte op meesterlike wyse deur Mao gebruik is ter bevordering van sy eie politieke en ideologiese oogmerke.

As 'n mens egter Mao se militêr-politieke filosofie slegs wil inpas in bogenoemde drie algemene fases, sou 'n mens jou beslis skuldig maak aan growwe veralgemenings sodat die essensie van die hele werk daardeur verlore sal gaan. As vader van 'n besondere vorm van oorlogvoering , nl. rewolusionêre oorlogvoering, moet noodwendig ook aandag geskenk word aan sy strategiese en taktiese beginsels wat as grondslag dien vir die militêre aksie en waaraan die politieke aksie onlosmaaklik gekoppel is. In hierdie lig is dit ook nodig om Mao se beskouing oor oorlog onder die loep te neem.

Voordat daar in besonderheid oorgegaan word tot die bespreking van Mao se strategiese en taktiese beginsels word eers aandag geskenk aan die drie strategiese periodes wat die stryd in China deurloop het, nl. die burgeroorlog, die weerstandsoorlog teen Japannese invalsmagte en die periode van mobiele oorlogvoering, of soos Mao daarna verwys, die periode van die volksoorlog.

### I. OORLOG

Oorlog is vir Mao die hoogste vorm van stryd wat daar bestaan vir die oplossing van teenstellings. Hy definieer oorlog as:

"---the highest form of struggle for resolving contradictions, when they are developed to a certain stage, between classes, nations, states, or political groups and it has existed ever since the emergence of private property and of classes." (1)

Voorts erken hy die bestaan van bepaalde wette wat van toepassing is op 'n verskeidenheid soorte oorloë, afhangende van die bepaalde omstandighede waarin hulle gevoer word. Hierdie omstandighede het betrekking op die bepaalde tyd waarin die oorlog plaasvind, die plek waar dit plaasvind en die bepaalde vorm wat die oorlog aanneem. Wat die aard van oorlogvoering betref, onderskei hy rewolusionêre oorlogvoering van alle ander vorme van oorlogvoering. Hy beklemtoon ook die feit dat die vorm wat rewolusionêre oorlogvoering aanneem,noodwendig moet verskil van land tot land omdat bepaalde omstandighede en bydraende faktore in geen twee lande dieselfde is nie.

As Marxis is oorlog vir hom verder die aangewese middel waarmee alle oorloë op aarde beëindig moet word, wat dui op 'n permanente vorm van rewolusie wat eers beëindig sal word wanneer sosialisme oor die hele wêreld uitgebrei is. In hierdie verband sien hy die stryd in China as 'n regverdige oorlog waarvan die voorbeeld as prikkel en aansporing in die hele wêreld moet dien. Die wortels van die Marxisme spreek duidelik uit die volgende aanhaling:

> *(die stryd in China is vir hom) "---a most lofty and glorious undertaking for the salvation of mankind and China, and a bridge to a new era in world history. When human society advances to the point where classes and states are eliminated, there will be no more wars, -----that will be the era of perpetual peace for mankind. Our study of the laws of revolutionary war springs*

---

1. Mao Tse-tung. Selected military writings. Peking, Foreign Languages Press, 1963. p. 76.

> *from the desire to eliminate all wars; herein lies the distinction between us Communists and all the exploiting classes."(2)*

Rewolusionêre oorlogvoering is dus vir hom die aangewese middel vir die uitbreiding van die Marxisme-Leninisme oor die hele wêreld, en dit is juis, wat hierdie punt betref, wat Mao in botsing gebring het met Kroesjtsjef se idee van vreedsame naasbestaan, en wat in 'n mate ook teruggevoer kan word tot die vorm wat die rewolusionêre stryd in die twee lande aangeneem het, nl. rewolusie en rewolusionêre staatsgreep teenoor rewolusionêre oorlogvoering.

Wat die verband tussen politiek en oorlog betref, sien hy oorlog net soos Lenin nie net bloot as 'n voortsetting van die politiek nie, maar oorlog is inderdaad politiek, en ook andersom. Oorlog is dus vir hom politiek met bloedvergieting, en politiek is oorlog sonder bloedvergieting. Vrede is vir hom ook slegs 'n instrument van die politiek.

In 'n rewolusionêre oorlog kom hierdie innige versmelting tussen oorlog en politiek op sy suiwerste na vore, waar oorlog nooit beperk kan word tot die grense van militêre aksie alleen nie. Die doel van rewolusionêre oorlogvoering is immers die vernietiging van 'n bestaande regering en 'n gevestigde sosiale

---

2. Ibid., p. 79.
   Dit was Lin Piao wat later hierop verder uitgebrei het. Hy het nl. die Chinese stryd geprojekteer op die internasionale situasie. Net soos Mao die stryd gevoer het vanaf die platteland na die stede, so moet die stryd op internasionale vlak ook gevoer word vanaf die platteland na die stede. In hierdie verband beskou hy die onderontwikkelde lande van Afrika, Asië en Latyns-Amerika as die "platteland", en Amerika en Wes-Europa as die "stede". Hierdie idee het natuurlik 'n baie groot invloed uitgeoefen op die Chinese buitelandse beleid wat ook direk aanleiding gegee het tot die botsing tussen Rusland en China.

orde en die daaropvolgende vestiging van 'n nuwe orde met andersoortige waardesisteme. Ten einde dit te kan verwesenlik moet militêre, politieke, ekonomiese, sosiale en psigologiese elemente tot 'n eenheid versmelt word. Die dinamiese aard van rewolusionêre oorlogvoering tree meteens skerp na vore asook die baie fasette wat hierdie vorm van oorlogvoering vertoon. Dit is dus duidelik dat ons hier met 'n besondere vorm van oorlogvoering te make het wat glad nie aangepas kan word by die strategiese en taktiese beginsels wat konvensionele oorlogvoering ten grondslag nie, en wat so dikwels gekenmerk word deur die verstarde, dogmatiese vorm daarvan.

Wat die verskillende maniere van oorlogvoering betref, maak Mao onderskeid tussen drie vorme van oorlogvoering. Mobiele oorlogvoering sien hy as 'n uitwissingsoorlog; stellingoorlog as 'n oorlog van uitputting; terwyl guerrilla-oorlogvoering albei funksies vervul. Die volgende aanhaling gee 'n pragtige beeld van mobiele oorlogvoering in die tipies Maoïstiese styl:

> " *Our main forces should employ mobile warfare over an extended line, shifting, and indefinite front; a strategy depending for success on a high degree of mobility in difficult terrain and featured by swift attack and withdrawal, swift concentration and dispersal.*" (3)

Die guerrillakarakter van Mao se manier van oorlogvoering word duidelik in hierdie aanhaling weerspieël.

In hierdie besondere vorm van oorlogvoering het hy gebruik gemaak van strategiese en taktiese beginsels wat eie daaraan is. Voordat nou oorgegaan word tot die bespreking van hierdie beginsels, is dit nodig om eers kortliks die verloop van die stryd in China in sy militêr-strategiese verband te skets.

---

3. Ibid., p. 144.

## 2. DIE REWOLUSIONÊRE STRYD IN CHINA: 'N MILITÊR-STRATEGIESE OORSIG.

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui is, kan Mao se rewolusionêre stryd in sy breë verband in drie fases verdeel word. Wat die militêr-strategiese aspek van die stryd betref, kan dit in drie periodes verdeel word, met elk sy eie onderliggende strategiese fases.

Die eerste periode (1929-1937) het betrekking op die uitwissingsveldtogte wat Chiang Kai-shek onderneem het teen die Chinese Sowjet-Republiek van Mao wat in Kiangsi gevestig was. Dit sluit die lang mars in asook die verdere ontwikkelinge in die Shensi-provinsie tot vóór die Japannese inval van 1937.

Dit is 'n interessante verskynsel dat Mao die rewolusionêre oorlog in hierdie periode verdeel in die volgende twee fases:

i. Die vyand (Kuomintangtroepe) offensief ingestel, terwyl die Rooi Leër defensief ingestel is.

ii. Die Rooi Leër offensief ingestel, terwyl die vyand defensief ingestel is.

Die fase waarin die ewewigstoestand tussen die opponerende magte bereik word, word nie hier deur Mao aangedui nie. In die verdere bespreking van sy strategie maak hy egter melding van 'n oorgangsfase van die defensief na die teenoffensief, voordat hy by die ware offensief kom. Die teenoffensief is dus 'n begrip wat hy duidelik onderskei van die ware offensief. Die oorgaan tot die teenoffensief moet dus gesien word as sinoniem met die ewewigstoestand, 'n begrip wat hy later ontwikkel het gedurende die weerstandsoorlog teen die Japannese invalsmagte.

Gedurende die eerste fase, waarby die teenoffensief ingesluit is, was guerrilla-oorlogvoering die uitsluitlike vorm van oorlogvoering, terwyl mobiele oorlogvoering gesteun deur guerrilla-

eenhede in die tweede fase die belangrikste vorm van oorlogvoering was. Die mobiele oorlogvoering waarvan hier sprake is, was volgens Mao van 'n tipies Chinese aard. Dit kan as konvensionele oorlogvoering bestempel word in die sin dat daar wel in 'n mate oorgegaan is tot die vorming van konvensionele troepe-eenhede. Hierdie proses het dan ook gepaard gegaan met 'n mate van sentralisasie en beplanning wat bevelvoering en organisasie betref. In wese is die kenmerkende guerrillakarakter behou, en dit kan slegs as gereelde oorlogvoering op 'n baie lae vlak beskou word, en dit kan bv. nie vergelyk word met die gereelde oorlogvoering van gewone, konvensionele troepe nie. Mao verwys dan ook daarna as guerrilla-oorlogvoering op 'n hoër vlak.

Die tweede periode, wat betrekking het op die weerstandsoorlog teen Japan (1937-1945), verdeel Mao in die volgende drie strategiese fases:

i. Die vyand (Japannese invalsmagte) offensief ingestel, terwyl die Chinese magte (vir Mao die Agste Roeteleër) defensief ingestel is.

ii. Die fase waarin die ewewigstoestand tussen die twee magte bereik is.

iii. Die Chinese magte offensief ingestel, terwyl die vyand defensief ingestel is.

In die eerste twee fases is hoofsaaklik gesteun op guerrilla-oorlogvoering, terwyl mobiele oorlogvoering deur gereelde troepe, ondersteun deur guerrilla-eenhede, in die tweede fase die belangrikste vorm van oorlogvoering was.

Daar bestaan egter 'n verskil tussen die guerrilla-oorlogvoering van die eerste fase van die weerstandsoorlog en dié van die eerste fase van die burgeroorlog, omdat verspreide guerrilla-operasies in eersgenoemde geval uitgevoer is deur die Agste Roeteleër wat in 'n groot mate reeds die vorm aangeneem het van gereelde troepe. In dieselfde mate verskil die gereelde oorlogvoering in

die tweede fase van die weerstandsoorlog van die tweede fase van die burgeroorlog, omdat daar 'n hoër mate van sentralisasie en beplanning was ten opsigte van bevelvoering en organisasie. Moderne militêre toerusting het ook veel bygedra tot hierdie verskil.

Tot aan die einde van die weerstandsoorlog kan daar dus twee periodes onderskei word, nl. die burgeroorlog en die weerstandsoorlog; wat die strategie betref wat deur Mao gevolg is, kan onderskei word tussen vier strategiese periodes. In die hele proses is die strategie dus driemaal verander. Die eerste verandering was dié van guerrilla-oorlogvoering na gereelde oorlogvoering gedurende die burgeroorlog; die tweede was die verandering van gereelde oorlogvoering na guerrilla-oorlogvoering aan die begin van die weerstandsoorlog; en die derde was die verandering van guerrilla-oorlogvoering na gereelde oorlogvoering gedurende die weerstandsoorlog.

Die derde periode (1945-1949) behels die hervatting van die burgeroorlog waarna Mao ook verwys as die periode van die volksoorlog. In hierdie periode is die hooftaak verrig deur gereelde troepe in die proses waarvan guerrilla-eenhede nie verdwyn het, of heeltemal opgeslurp is deur gereelde eenhede nie. Mao verwys ook na hierdie periode as die fase van die volksoorlog.

Vir hierdie periode het Mao tien beginsels neergelê vir sy troepe. In hierdie laaste beweging is dit Mao die dirigent wat met die volle sterkte van alle instrumente in die orkes die tema van sy komposisie in sy geheel herhaal en dit tot 'n magtige crescendo voer. In hierdie tien beginsels word alle krygsoperasies gekombineer, van guerrilla-oorlogvoering, die herorganisering van guerrilla-eenhede in mobiele konvensionele eenhede tot mobiele oorlogvoering waarin guerrilla-eenhede as hulptroepe optree. Die operasies vind dan hulle hoogtepunt in die besetting van die stede. In die hele proses word die binnefront ook tot 'n eenheid saamgesnoer. Die tien

beginsels wat hy neergelê het is die volgende:

i. Verspreide en geïsoleerde vyandelike magte moet eerste aangeval word.

ii. Wapens moet van die vyand afgeneem word ten einde guerrillas daarmee te bewapen.

iii. Geen geveg mag onvoorbereid aangepak word nie, en alleen wanneer 'n oorwinning verseker is.

iv. In elke geveg moet gekonsentreer word op magsoorwig wat die getalsterkte van die guerrillas betref. Dit geld natuurlik hulle operasies op taktiese vlak.

v. Die strewe moet steeds wees om die vyand te vernietig terwyl hy beweeg.

vi. Guerrillas moet bereid wees om op te offer, en hulle moet fisiek sowel as geestelik gehard wees teen uitputting en ontberings. Guerrillas moet ook sodanig opgelei wees dat hulle opeenvolgende gevegte binne 'n kort tyd kan voer.

vii. Die belangrikste oogmerk is die uitwissing van die vyand se militêre mag.

viii. Die periodes tussen veldslae moet aangewend word vir die heropleiding van troepe vir mobiele, konvensionele oorlogvoering.

ix. Kleiner dorpe moet eerste ingeneem en beset word.

x. Dorpe en stede waarvan die verdediging swak is, moet eerste ingeneem word, later die ander.

In die voorgaande bespreking sowel as in die bespreking van Mao se strategiese en taktiese beginsels moet steeds in gedagte gehou word dat dit hier in die eerste plek gaan om 'n politieke stryd, en dat die militêre aksie in alle omstandighede gepaard gaan met die politieke aksie. Politieke indoktrinasie en die mobilisering van die binnefront gaan dus hand aan hand met die militêre aksie, sodat die binnefront in die derde periode in der waarheid die vorm aanneem van 'n georganiseerde volksleër. Vervolgens sal nou oorgegaan word

tot die strategiese en taktiese beginsels wat as middel gedien het vir die volmaakte mobilisering van die binnefront.

## 3. DIE BEGINSELS WAT MAO TSE-TUNG SE STRATEGIE EN TAKTIEK TEN GRONDSLAG LÊ.

Wat die strategie betref wat Mao deurgaans toegepas het, kan dit herlei word tot ses basiese beginsels wat vir alle praktiese doeleindes van toepassing is op al drie bogenoemde periodes. Die burgeroorlog en die weerstandsoorlog is beide strategies defensiewe oorloë, en die enigste verskil tussen hulle is dat die weerstands-oorlog op groter skaal plaasgevind het as die burgeroorlog wat hom in die eerste periode hoofsaaklik afgespeel het in die basisgebied van die Kommuniste in Kiangsi.

Wanneer die strategie van Mao bestudeer word, is dit soms moeilik om 'n duidelike skeidslyn tussen strategiese en taktiese begrippe te trek. Die rede moet daarin gesoek word dat hierdie begrippe by Mao nie 'n dogmatiese vorm aanneem nie, maar dat dit uiters plooibare begrippe is wat aangepas kan word by 'n veelheid van situasies.

Ons noem vervolgens die ses beginsels wat Mao se strategie ten grondslag lê:

i. Die verhouding tussen offensiewe en defensiewe aksie met betrekking tot die rewolusionêre stryd in sy geheel.

ii. Strategiese defensief en strategiese offensief.

iii. Die vestiging van strategiese basisgebiede.

iv. Koördinasie van guerrilla-oorlogvoering met gereelde oorlogvoering.

v. Die ontplooiing van guerrilla-oorlogvoering in mobiele oorlogvoering.

vi. Die samehang tussen die verskillende vlakke van bevelvoering.

Hierdie beginsels sal nou agtereenvolgens bespreek word.

3. 1. Die verhouding tussen offensiewe en defensiewe aksie met betrekking tot die rewolusionêre stryd in sy geheel.

Hierdie beginsel word in die woorde van Mao soos volg gestel :

> *"On our own initiative, with flexibility and according to our own plan, carry out offensives in a defensive war, battles of quick decision in a protracted war, and exterior line operations within interior line operations."* (4)

In hierdie beginsel vind ons die kern van Mao se militêre filosofie wat die operasionele uitvoering daarvan betref. Ons vind daarin die sameloop van al die idees waaruit rewolusionêre oorlogvoering sy ontsaan gehad het - ons bespeur die invloed van Clausewitz, van Sun Tzu, van Lawrence en van die Marxiste. Dit vorm die grondslag vir die voer van 'n rewolusionêre oorlog waarvan die oogmerk die omverwerping van 'n gevestigde regering en 'n bestaande sosiale orde is. Dit vorm verder ook die grondslag van die verdediging van strategiese basisgebiede teen invalle van buite. Om hierdie rede word die bespreking van die tweede beginsel by die eerste ingesluit. Uit hierdie beginsel vloei al die ander beginsels dan ook voort. Dit vorm die grondslag vir die mobilisering van die binnefront, die proses waarin militêre aksie volkome met die politieke aksie versmelt. Dit is verder die beginsel wat die operasionele aksie van alle rewolusionêre oorloë wat gevolg het op Mao se stryd in China, ten grondslag lê.

Bloot oppervlakkig beskou, hou hierdie beginsel en alles wat dit impliseer, baie paradokse in. Soos reeds aangedui is guerrilla-eenhede nie in staat om gereelde troepe in 'n direkte konfrontasie

---

4. Ibid., p. 155.

aan te durf nie. Daarom is Mao se uitgangspunt dat insurgente hulle in die beginfase van die stryd op die strategiese defensief bevind. Tog maak hy die bewering dat:

> " *The proposition that a revolution or a revolutionary war is an offensive is of course correct. A revolution or a revolutionary war in its emergence and growth from a small force to a big force, from lack of political power to the seizure of political power, from lack of a Red Army to the creation of a Red Army, and from lack of revolutionary base areas to their establishment, must be on the offensive and cannot be conservative; and tendencies to conservatism must be opposed.*"(5)

Hierdie paradoks moet egter gesien word in die lig van die noue verband wat in die Maoïstiese strategie tussen politiek en oorlog bestaan. Op politieke vlak kan rewolusionêre oorlogvoering nooit defensief gevoer word nie, anders is die stryd verlore voordat daarmee begin is. In die ideologiese en politieke stryd is offensiewe aksie dus noodsaaklik om aan te pas by die offensiewe strategiese oogmerke, nl. die omverwerping van 'n gevestigde regering en 'n bestaande sosiale orde. Die offensiewe aard van hierdie aksie spreek duidelik uit die doelbewuste indoktrinering van die massa.

Op militêre vlak geld die omgekeerde egter, want ten einde sukses te behaal moet die militêre aksie van die insurgente op strategiese vlak defensief van aard wees. Dit bring ons by die volgende paradoks, nl. die idee van "carry out offensives in a defensive war". Ook hier beweeg Mao op twee verskillende vlakke wat hy op meesterlike wyse laat saamsmelt. Ons moet hier onderskei tussen twee aksies op twee afsonderlike vlakke wat gelyktydig plaasvind. Terwyl die insurgente die oorlog op strategiese vlak defensief voer, word die oorlog op taktiese vlak offensief gevoer. Die strategiese defensief is by Mao dus, net soos by Clausewitz, 'n aktiewe of offensiewe vorm van verdediging, gegrond op voortdurende offensiewe aksies op taktiese vlak.

---

5. Ibid., p. 100.

Hierdie aksie raak die organisering van die binnefront dus ook ten diepste. Mao verwys ook soos volg daarna : " Divide our forces to arouse the masses, concentrate our forces to deal with the enemy." (6) Deur die verspreiding van guerrillamagte word die vyandelike magte ook gedwing om te versprei, wat dit vir die guerrillamagte moontlik maak om deur middel van magskonsentrasie op taktiese vlak die vyandelike magte stuksgewyse en met verdrag uit te wis. Hierdie verspreiding van guerrillamagte vervul egter ook nog die belangrike funksie dat dit aan verspreide guerrilla-eenhede die geleentheid bied om hulle politieke funksie onder die massa te vervul in die vorm van politieke indoktrinasie en die mobilisering van die massa, waardeur die massa op sy beurt sy bydrae tot die stryd lewer in die vorm van inligting en rekrute, en in die voorsiening van belangrike voorrade. Elke guerrilla is dus ten alle tye ook 'n politieke agitator.

Hierdie begrip raak ook die eeue-oue beginsel van magskonsentrasie en magsverdeling. In die Maoïstiese strategie geld die beginsel van magskonsentrasie in die eerste fases van die stryd slegs op taktiese vlak waar dit op 'n menigte van kleiner gevegte van toepassing gemaak word. Die invloed van veral Sun Tzu is hier ooglopend. Die volgende aanhaling, wat hier volledig aangehaal word, gee 'n duidelike beeld van die toepassing daarvan veral wat die omsingelings en uitwissingsveldtogte in Kiangsi betref:

> *" An Army operating on strategically interior lines suffers from many disadvantages, and this is especially so in the case of the Red Army, confronted as it is with 'encirclement and suppression'. But in campaigns and battles we can and absolutely must change this situation. We can turn a big 'encirclement and suppression' campaign waged by the enemy against us into a number of small, separate campaigns of 'encirclement and suppression' waged by us against the enemy-. We can change the enemy's strategic superiority over us into our superiority over him in campaigns and battles ---.This is what we call exterior-line operations within interior-line operations, encirlement and suppression within 'encirlement and suppression', blockade within blockade, the offensive*

---

6. Ibid., p. 70

*within the defensive, superiority within inferiority, strength within weakness, advantage within disadvantage, and initiative within passivity. The winning of victory in the strategic defensive depends basically on this measure - concentration of troops." (7)*

Die sukses van die Rooi Leër in die rewolusionêre stryd skryf hy grootliks toe aan hierdie strategie, 'n strategie wat ook steun op die beginsel van magskonsentrasie, maar dan op taktiese vlak. In hierdie verband gaan hy voort:

*"When we say, 'Pit one against ten, pit ten against a hundred', we are speaking of strategy, of the whole war and the overall balance of forces, and in the strategic sense that is just what we have been doing. However, we are not speaking of campaigns and tactics, in which we must never do so. Whether in counter-offensives or offensives, we should always concentrate a big force to strike at one part of the enemy forces--- Our strategy is ' pit one against ten', and our tactics are ' pit ten against one'; these contrary and yet complementary propositions constitute one of our own priciples for gaining mastery over the enemy." (8)*

In hierdie verband lê Mao groot klem op deeglike beplanning. Hy beklemtoon dat elke geveg deel vorm van die organiese geheel. Indien 'n bepaalde geveg of operasie die rewolusionêre stryd in sy geheel skaad, moet selfs 'n taktiese oorwinning as 'n neerlaag beskou word. Dit is duidelik dat Mao hier weer eens verwys na die politieke dimensie van die stryd en die verhewendheid daarvan bo die blote taktiese elemente daarvan, . m.a.w. 'n taktiese oorwinning wat die saak van die insurgensie in sy geheel skaad, moet vir alle praktiese doeleindes as 'n strategiese neerlaag beskou word.

Wat dus op die oog af lyk na onverenigbare paradokse word deur Mao saamgebind tot 'n logiese , samehangende geheel. Let ook op die volgende insiggewende aanhaling:

---

7. Ibid., p. 131.

8. Ibid., p. 131.

*"The only entirely correct proposition is that a revolution or a revolutionary war is an offensive (in politieke betekenis bedoel) but also involves defence and retreat (in militêre betekenis bedoel). To defend (strategies) in order to attack (takties), to retreat (strategies) in order to advance (takties), to move against the flanks (takties) in order to move against the front (strategies), and to take a roundabout route in order to get on to the direct route - this is inevitable in the process of development of many phenomena, especially military movements."(9)*

Bostaande aanhaling dui op die subtiele, indirekte wyse waarop die Maoïstiese strategie gevoer word, en dan nie slegs wat die toepassing daarvan op militêre operasies betref nie, maar op alle terreine waar dit gaan om progressiewe ontwikkeling, insluitende die politieke.

Die volgende paradoks in genoemde beginsel spreek uit die "battles of quick decisions in a protracted war". Hierdie begrip vloei logies voort uit die vorige. Vanweë hulle swakheid wat getalle en hulpbronne betref, kan guerrillas alleen bly voortbestaan indien hulle enige direkte konfrontasie met die sterker vyandelike troepe vermy. Ten einde dan uitwissing vry te spring, moet die oorlog noodwendig van 'n uitgerekte aard wees om daarmee tyd te wen. Die stryd moet so lank duur as wat nodig is vir die rewolusionêre beweging om sy kragte stelselmatig op te bou wat hulle uiteindelik in staat moet stel om die vyand te kan verslaan. Daarom is insurgente aangewese op 'n lang uitgerekte defensiewe vorm van oorlogvoering op strategiese vlak. Die tweede element in hierdie begrip, nl. "battles of quick decision" het dan 'n taktiese betekenis. Op taktiese vlak word gevegte offensief gevoer, en vinnige beslissings moet in die guns van guerrillamagte afgedwing word.

Die basiese vereiste vir sukses in die hele proses is dat die inisiatief op taktiese vlak ten alle koste behou moet word. Mao beklemtoon die feit dat die behoud van die inisiatief in guerrillaoorlogvoering nog veel belangriker is as in mobiele oorlogvoering. Dit is ook logies omdat ons hier met 'n vorm van mobiele oorlogvoering in die hoogste graad te make het. In rewolusionêre oorlog-

9. Ibid., p. 100

voering het hierdie begrip nie slegs betrekking op die militêre aksie nie, maar dit is ewe belangrik wat die politieke aksie betref. Wanneer die inisiatief deur die insurgente verloor word, het hulle daarmee die stryd verloor. Dit is veral 'n belangrike punt wat onthou moet word wanneer besin word oor 'n effektiewe teenstrategie teen rewolusionêre oorlogvoering, omdat dit direk verband hou met die organisering van die binnefront.

Die behoud van die inisiatief op taktiese vlak hang ten nouste saam met buigsaamheid, spoed en misleiding. Buigsaamheid hang nou saam met magskonsentrasie en magsverdeling waarin die spoed waarmee eenhede kan beweeg,van deurslaggewende betekenis is. Spoed moet op sy beurt weer bydra tot die misleiding van vyandelike troepe. Hierdie operasie word deur Mao soos volg gestel :

> *"Deceptive measures, such as making a noise in the east while attacking in the west, appearing now in the south and now in the north, hit-and-run, and night action, should be constantly employed to mislead, entice and confuse the enemy."(10)*

Met hierdie eerste beginsel het Mao die grondslag gelê waarop die militêre aksie en die politieke aksie berus en wat direk ook verband hou met die organisering van die binnefront. Daarmee het hy ook die deurbraak gemaak wat nog by Clausewitz, Lawrence en die Marxiste ontbreek het. As Marxis moet die oogmerke wat Mao nastreef, aggressief en dinamies van aard wees. As gevolg daarvan word die optrede op politieke vlak altyd gekenmerk deur die offensiewe aard daarvan. Omdat die insurgente aan die begin van die stryd fisiek die swakste daaraan toe is, kan die stryd op militêre vlak nie offensief gevoer word nie. Op hierdie vlak word hulle dus defensief gedwing, in die proses waarvan hulle hulle eie magte versprei en die vyandelike magte sodoende ook dwing om te versprei. Dit bied aan hulle die geleentheid om verspreide vyandelike magte deur middel van magskonsentrasie op taktiese vlak uit te wis. In hierdie proses word die militêre aksie doelbewus aan die politieke aksie gekoppel

---

10. Mao Tse-tung. Selected works Vol. II. London, Lawrence and Wishart, 1958. p. 130.

waarin guerrillas ook hulle politieke funksie vervul in die indoktrinering en mobilisering van die binnefront - 'n kringloop dus waar die politieke aksie van guerrillas op taktiese vlak nou skakel met die offensiewe, ideologiese oogmerke wat die stryd in sy geheel kenmerk.

In die bespreking van bogenoemde beginsel en die verloop van 'n rewolusionêre oorlog deur die drie fases van ontwikkeling is reeds met die tweede beginsel, nl. die strategiese defensief en die strategiese offensief gehandel. Mao het hierdie beginsel bepaald toegepas in sy strategie van nasionale verdediging tydens die Japannese inval, asook tydens die uitwissingsveldtogte wat Chiang Kai-shek onderneem het teen die Chinese Sowjet-Republiek in Kiangsi. Ons het hier dus te make met die verdediging van insurgente-basisgebiede teen invalle van vyandelike troepe. Waar gevestigde basisgebiede 'n belangrike rol begin speel veral in die tweede en derde fases van die rewolusionêre stryd, spreek dit vanself dat die verdediging daarvan 'n belangrike plek sal inneem in die verloop van die rewolusionêre stryd. Weer eens vorm die organisering van die binnefront die grondslag vir sukses.

Die strategiese terugwyking ("strategic retreat") vorm vir Mao die basiese operasionele verdedigingsaksie in hierdie geval. Net soos Clausewitz glo hy nie aan passiewe stellingverdediging nie, maar wel aan 'n aktiewe, offensiewe vorm van verdediging. Waar Clausewitz egter slegs in die algemeen verwys het na die rol van die binnefront, het Mao die rol van die binnefront deeglik gesistematiseer in 'n fyn uitgewerkte strategie. Mao onderskei ook die strategiese defensief en die strategiese offensief, 'n proses waarin die strategiese defensief uiteindelik omskep moet word in die strategiese offensief. Hierdie uitwisselingsproses geskied deur die vyand diep in die bepaalde land, of strategiese basisgebied in te lok, hom stelselmatig af te mat, en hom dan uiteindelik uit te wis.

In die hele proses onderskei Mao drie fases, nl. die voorbereiding, die terugwyking en die teenoffensief, wat uiteindelik moet oorgaan in die ware offensief.

Mao beskou die voorbereidingsfase as van deurslaggewende betekenis. Dit behels militêre voorbereiding sowel as die politieke mobilisering van die massa. Laasgenoemde geskied onder die leiding van die party en is van groot belang omdat sukses in die laaste instansie afhang van die aktiewe samewerking van die massa.

Die tweede fase, nl. die strategiese terugwyking definieer Mao as "---a planned strategic step which an inferior force, unable to smash quickly the offensive of a superior force, adopts in order to conserve its strength and wait for an opportune moment for beating the enemy."(11)

Die strategiese terugwyking is dan die inlokking van die vyand in die basisgebied, waartydens die gunstige voorwaardes vir die teenoffensief deur die terugwykende magte, met die aktiewe steun van die massa, geskep moet word. In hierdie proses word die vyandelike magte getreiter en afgemat deur offensiewe taktiese aanvalle, soos reeds behandel is. Die verbindingslinies van die vyand wat steeds langer rek namate die vyand dieper in die gebied indring, is 'n belangrike doelwit in guerrilla-operasies.

Soos in hoofstuk vier aangedui is, het Clausewitz die uitputting van vyandelike troepe meer gesien as 'n natuurlike proses. By Mao word die uitputting van vyandelike troepe van die begin af doelbewus bewerkstellig deur die verspreiding van magte, die uitwissing van geïsoleerde eenhede en die aktiewe mobilisering van die binnefront. Die voorwaardes wat gedurende die strategiese terugwyking geskep moet word ten einde tot die strategiese teenoffensief te kan oorgaan, is die volgende :

Die steun en die aktiewe samewerking van die massa.

Die terrein moet geskik wees.

Alle hoofmagte van die Rooi Leër moet op strategiese plekke saamgetrek wees.

Die swak plekke in die mondering van die vyand moet blootgelê wees.

Vyandelike troepe moet as gevolg van uitgebreide guerrilla-operasies sodanig uitgeput en gedemoraliseer wees, dat die wil om te veg grootliks ontbreek.

Vyandelike troepe moet deur middel van misleiding in 'n posisie gedwing word om foute te maak.

---

11. Mao Tse-tung. Selected Works, Vol. I. London, Lawrence and Wishart, 1955. p. 210.

Wanneer hierdie voorwaardes gedurende die strategiese terugwyking geskep is, word eers oorgegaan tot die teenoffensief. Hierdie bepaalde punt kan vergelyk word met die kulminasiepunt by Clausewitz.

Mao beskou egter die teenoffensief nog as deel van die strategiese defensief, m.a.w. van die strategiese terugwyking, wat dan uiteindelik moet lei tot die ware offensief op strategiese vlak. In hierdie verband beweer hy dat: "The principles of the counter offensive are applied when the enemy is on the offensive. The principles of the offensive are applied when the enemy is on the defensive."(12)

In die fase van die teenoffensief moet guerrillamagte die inisiatief op strategiese vlak oorneem ten einde te kan oorgaan tot die ware offensief. In hierdie fase vind ons weer rewolusionêre oorlogvoering in sy ware Maoïstiese betekenis, waar ons die volmaakte wisselwerking vind tussen guerrillamagte en gereelde troepe met die aktiewe steun van die massa. In hierdie betekenis het Mao ook die lang mars wat hy onderneem het na die neerlaag in die vyfde uitwissingsveldtog, beskou as 'n strategiese terugwyking na die Shensiprovinsie waar die stryd dan voortgesit is.

Waar die eerste beginsel betrekking het op die verloop van rewolusionêre oorlogvoering in sy geheel, is die tweede beginsel die toepassing daarvan in die kleine, d.i. die verdediging van strategiese basisgebiede teen invalle van buite. Saam met die mobilisering van die binnefront vorm die vestiging van strategiese basisgebiede 'n belangrike grondslag in die militêre filosofie van Mao Tse-tung. Die verdediging van basisgebiede is van die grootste belang omdat die uiteindelike beheer oor die hele land afhang van die suksesvolle aaneenskakeling van basisgebiede waaroor insurgente beheer voer.

---

12. Ibid., p. 226.

## 3. 2. Die vestiging van strategiese basisgebiede.

Die vestiging van strategiese basisgebiede speel 'n baie belangrike rol in die Maoïstiese strategie. Basisgebiede is vir hom "--the strategic basis on which the guerrilla forces rely in performing their strategic tasks and achieving the object of preserving and expanding themselves and destroying and driving out the enemy."(13) Hieruit vloei voort dat hierdie basisgebiede aan guerrillas die geleentheid moet bied om hulle pligte ten opsigte van opleiding, selfbehoud en ontwikkeling uit te voer. Hy beklemtoon ook die feit dat die grondslag van alle guerrilla-operasies die vermoë van guerrilla-eenhede is om sonder agtergebied te kan opereer, en wat dus neerkom op bewegende, tydelike basisse binne die gebiede waarin guerrilla-eenhede opereer. Operasies kan egter nooit suksesvol wees indien daar vir 'n onbepaalde tyd daarmee volgehou word nie, en dit beskou hy as niks anders as "roving banditism". Hy kom dan tot die slotsom dat hierdie tiperende eienskap van guerrillas, d.i. die vermoë om sonder agtergebied te kan opereer, nie beteken dat guerrillas vir 'n onbepaalde tyd sonder die vestiging en ontwikkeling van strategiese basisgebiede moet of kan opereer nie.

Gebiede wat hy as geskik beskou vir die vestiging van strategiese basisgebiede is bergagtige en moerasagtige streke, beboste gebiede en selfs ook vlaktes. Hierdie gebiede moet veral gekenmerk word deur 'n groot mate van ontoeganklikheid. In hierdie verband verwys hy egter ook na vlaktes as geskikte gebiede vir die vestiging van basisgebiede. In hierdie geval moet guerrilla-oorlogvoering aangepas word by bepaalde jaargetye waarin die plantegroei in die somer, en bevrore riviere in die winter kan bydra tot suksesvolle guerrilla-oorlogvoering.

Hy onderskei verder tussen guerrilla-basisgebiede, waarin guerrillas volkome militêre en politieke beheer voer; gebiede wat

---

13. Mao Tse-tung. Selected military writings. ~~op. cit~~. p. 165.

deur die vyand beheer word; en laastens die oorgangsgebiede, wat bestrede gebiede is vir albei partye, ook guerrillagebiede genoem. Die strewe is dan om guerrillagebiede te omskep in guerrilla-basisgebiede, en verder om gebiede wat volkome deur die vyand beheer word, te omskep in guerrillagebiede.

Wanneer Mao van strategiese basisse praat, moet steeds in gedagte gehou word dat hy daarmee nie slegs basisse in geografiese sin bedoel nie. Dit behels ook politieke en ideologiese basisse. Dit is die basisse in die gees van die mens vanwaar politieke operasies deur middel van propaganda en sielkundige oorlogvoering uitgevoer word.

Hierdie basisse vervul egter ook 'n militêre funksie in die sin dat guerrillas vanuit hierdie basisse voorsien word van voorrade, rekrute, wapens en inligting. Veral belangrik in hierdie verband is dat 'n simpatieke bevolking 'n veilige basis vorm waarin die guerrilla, wanneer omstandighede dit vereis, eenvoudig deur die bevolking geabsorbeer word.

Belangrik in die vestiging van basisgebiede is dat periodes van ekspansie en ontwikkeling steeds opgevolg moet word deur periodes van konsolidasie, waarby organisering en mobilisering en opleiding van die massa van die uiterste belang is.

Wat die strategiese basisgebiede betref, vind ons dus die interessante verskynsel dat die klem aan die begin van die stryd op die onsigbare, politieke basisse val. Deur middel van operasionele metodes wat in die bespreking van die eerste twee beginsels die aandag geniet het, vind hierdie basisse in die loop van die stryd hulle neerslag in die sigbare, geografiese basisgebiede. Met die verdere mobilisering van die binnefront word die aaneenskakeling van die basisgebiede stelselmatig bewerkstellig totdat beheer oor die hele land verkry is.

3. 3. <u>Die ontplooiing van guerrilla-oorlogvoering in mobiele, konvensionele oorlogvoering, en die koördinering van guerrilla-oorlogvoering met mobiele oorlogvoering.</u>

Oor die rol van guerrillas in die rewolusionêre stryd spreek Mao hom duidelik uit. Hy beskou guerrilla-oorlogvoering nie as 'n onafhanklike vorm van oorlogvoering nie. In 'n rewolusionêre oorlog kan die oorwinning nooit behaal word deur slegs te steun op guerrilla-oorlogvoering nie. Guerrilla-oorlogvoering verteenwoordig slegs een aspek van die hele stryd. Guerrilla-eenhede moet algaande gereorganiseer word in mobiele, konvensionele troepe. Hieroor laat Mao hom soos volg uit: "To raise the quality of the guerrilla units we must improve them politically and organizationally, and along their lines of their equipment, military training, tactics and discipline, gradually remoulding them on the pattern of the regular army."(4)

Die ontwikkeling van guerrilla-oorlogvoering in mobiele, konvensionele oorlogvoering beteken egter nie die opheffing van guerrilla-oorlogvoering nie, maar die "---gradual formation, in the midst of an extensively developed guerrilla warfare, of a main force capable of conducting a mobile war, round which there should still be numerous guerrilla forces carrying on extensive guerrilla operations."(15)

Met hierdie koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan mobiele, konvensionele oorlogvoering binne die raamwerk van 'n strategies offensiewe oorlog, soos ons dit vind in die laaste fase van die rewolusionêre oorlog, het Mao met 'n nuwe rewolusionêre idee vorendag gekom wat 'n groot invloed in die toekoms kan hê, veral as dit gesien word teen die agtergrond van die moontlike gebruik van taktiese kernwapens.

---

14. Mao Tse-tung. Selected works, Vol. III. London, Lawrence and Wishart, 1954. p. 151-153. <u>Aangehaal uit</u>: Elliot-Bateman, Defeat in the East. The mark of Mao Tse-tung on war. London, Oxford University Press, 1967. p. 108.

15. Ibid., p. 108.

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon is, het Mao van die begin van sy rewolusionêre stryd in Kiangsi oor 'n konvensionele leër beskik. Hy het dus nooit met die probleme te kampe gehad om met 'n klein groepie manne 'n rewolusionêre oorlog te begin nie, soos dit die geval was met Castro en Guevara in Kuba.

3\. 4. <u>Die samehang tussen die verskillende vlakke van bevelvoering.</u>

Guerrilla-eenhede opereer binne die Maoïstiese strategiese patroon nie as volkome onafhanklike eenhede wat maar opdons na willekeur nie. Die operasies van "onafhanklike" guerrilla-eenhede is op streeksvlak (16) gekoördineer ten einde hulle doeltreffendheid te verseker binne die strategiese patroon in sy geheel.

Mao lê dan neer dat bevelvoering op strategiese vlak gesentraliseer sal wees, terwyl dit vir taktiese doeleindes gedesentraliseer moet wees. Algemene beplanning word op hoër vlak gedoen, terwyl die praktiese uitvoering daarvan in die hande van mindere offisiere gelaat word.

Die dissipline wat gedurende die rewolusionêre stryd in Mao se militêre eenhede toegepas is, kan hoofsaaklik as demokraties bestempel word. Eers na die vestiging van die Volksrepubliek van China in 1949 het daar 'n geleidelike verandering plaasgevind. - Mao lê veral klem op selfdissipline wat groei en ontwikkel uit die politieke en ideologiese bewustheid van die guerrilla. Hy beweer ook dat dwang 'n gees van onverskilligheid tussen offisier en manskap kweek, wat nie bevorderlik is vir die eenheidsband wat veral noodsaaklik is by guerrilla-eenhede nie.

Die aandag sal nou kortliks bepaal word by Mao se militêre eenhede: hoe hulle gelyk het, en hoe dissipline toegepas is.

---

16\. Mao se militêre mag het uit drie soorte troepe bestaan. Eerstens was daar die konvensionele troepe; tweedens die streekstroepe wat as guerrilla-eenhede binne hulle afsonderlike streke geopereer het, omdat hulle goed bekend was met hulle eie omgewing; en derdens was daar die milisie of volkstroepe.

In die eerste plek was die leërmagte van Mao 'n unieke verskynsel in die sin dat dit eintlik nie onderdanig was aan enige offisieel-erkende regering nie, maar dat dit aan die ander kant geveg het onder 'n sentrale opperbevel. Sy krygers het uit vrywilligers bestaan wat geen vaste soldy ontvang het nie. 'n Streng dissipline is gehandhaaf terwyl daar tog nie veel sprake was van 'n stelsel van range nie. In die militêre geskiedenis was daar kwalik 'n leër wat gelyktydig so bemind en gehaat, so gevrees en bewonder, en so verguis en geloof was. Sy krygers was afkomstig uit alle provinsies in China en dit het in 'n mate die indruk geskep van 'n nasionale leër, alhoewel hulle deur geen ander nasie erken was nie. Hulle was dus in werklikheid niks anders as gewapende rebelle nie.

Aan die einde van 1948 was die Agste Roeteleër wat intussen herdoop is na die "Rewolusionêre Leër van die Volk" ten einde 'n nasionale karakter daaraan te verleen, 3 miljoen man sterk. Omdat daar in die loop van die stryd so 'n groot klem gelê is op aangeleenthede van nie-militêre aard, selfs wat die frontlinies betref, is alle militêre eenhede gekenmerk deur die teenwoordigheid van nie-militêre personeel. In die geledere van militêre eenhede was daar dus nie net offisiere en manskappe nie, maar ook onderwysers, akteurs, grondhervormingskaders en boere. Elke eenheid was dus nie slegs 'n gevegseenheid nie,maar terselfdertyd ook 'n skool, 'n teater en 'n koöperatiewe werkers- en politieke gemeenskap. Dit het grootliks daartoe bygedra dat die peil van geletterdheid onder die kleinboere geweldig toegeneem het.

Strafmaatreëls het die vorm aangeneem van gesamentlike byeenkomste waartydens oortreders aan skerp kritiek onderwerp is. Hierdie ideologiese en politieke druk was moeilik om te weerstaan. Soldate het egter die reg gehad om byeenkomste saam te roep waartydens hulle offisiere kon kritiseer, en ook om hulle aan te kla by hoër outoriteite.

Hierdie demokratiese grondslag van Mao se leër vloei voort uit die feit dat sy leër uit vrywilligers bestaan het, alhoewel 'n mate van druk op ideologiese gronde uitgeoefen is. Dit is verder

daaraan te wyte dat die grootste gros van sy krygers afkomstig was uit die noordelike provinsies van China. Die kenmerk van hierdie mense was dat hulle sku was vir dwang en 'n afsku gehad het in mishandeling. Die offisiere in die leërmagte van Chiang Kai-shek het geen ag daarop geslaan nie en daardeur het hulle die steun van hierdie mense verloor.

Naas die politieke kommissarisse is ook "selfhelp "-groepe in elke eenheid aangestel. Hulle taak was om die werk van die offisiere te vergemaklik. Die strafmaatreëls wat toegepas is, het die vorm aangeneem van kritiek teen lede wat hulle plig versuim het. In samewerking met die politieke kommissarisse is gereelde sessies van selfkritiek en selfondersoek gehou wat 'n uiters geslaagde metode van indoktrinasie was om selfdissipline te bevorder en om 'n onbreekbare gees van samehorigheid en eenheid te smee. Klassebewustheid is op hierdie wyse ook by die indiwidu ingedril, en volgens Chinese offisiere is dit die beste metode om moreel te bou. Die krag van hierdie moreel het nie soseer gelê in die krag van afsonderlike indiwidue nie, maar dit het gelê in die krag van die eenheid of groep wat ook reeds 'n positiewe stap was in die uiteindelike totstandbrenging van die totalitariese staat in China. In hierdie sin moes die goeie verhouding tussen die soldaat en die massa opgebou word. Die soldaat het m.a.w. ook die brug gevorm tussen partyleiding en die massa en dit was dus 'n magtige wapen in die hande van die party ter bevordering van hulle uiteindelike ideologiese oogmerke.

3. 5. <u>Mao Tse-tung se taktiese beginsels.</u>

Wat die taktiek in guerrilla-oorlogvoering betref, berus Mao se leer hoofsaaklik op die idees van Sun Tzu wat in die volgende drie woorde saamgevat kan word, nl. spoed, verrassing en misleiding. Die grondliggende idee is dus:" Uproar in the East, strike in the West, endless confusion and deception without end."(17)

---

17. <u>Aangehaal uit</u>: O'Hare, M.P.O. Revolutionary warfare. <u>In</u> Australian Army Journal, No. 164, 1963. p. 9.

Die troepekonsentrasie moet dus verbreek word. Dit word bereik deur verspreide aanvalle van klein, beweeglike guerrilla-eenhede oor 'n baie wye gebied. Dit is met ander woorde 'n proses van losmaking, gevolg deur omsingeling en dan die uiteindelike uitwissing van verspreide geïsoleerde vyandelike eenhede. Ten einde dit te kan doen, moet guerrillas ten alle koste die inisiatief bly behou, want dit verseker op sy beurt bewegingsvryheid. Die tyd en plek vir aanvalle word deur die guerrillas bepaal. Aanvalle vind ook slegs plaas wanneer die vooruitsigte op 'n oorwinning verseker is. Wanneer dit nie die geval is nie, neem guerrillas eenvoudig die wyk. Die lewe van elke guerrilla is kosbaar, en wanneer vyandelike troepe sterker is as die guerrilla-eenhede vlug die guerrilla eenvoudig, want die guerrilla wat in hierdie omstandighede bly en veg, verloor sy lewe, maar die guerrilla wat hom uit die voete maak, bly leef om weer by 'n volgende geleentheid te veg.

In alle guerrilla-operasies is die element van verrassing van deurslaggewende belang. Verrassing kan alleenlik bewerk word wanneer insurgente oor 'n deeglike en uitgebreide inligtingsnetwerk beskik, en dis hier waar die aktiewe steun en samewerking van die massa absoluut onontbeerlik is. In alle rewolusionêre oorloë bring hierdie samewerking van die massa mee dat dit die regeringsmagte is wat hulle op 'n verligte verhoog bevind en elke beweging wat hulle maak, word vanuit die donkerte deur honderde onsigbare oë dopgehou. Wanneer regeringsmagte dan toeslaan, gryp hulle eenvoudig net in die lug. Daardeur word die idee van die alomteenwoordigheid van die guerrilla bevorder; hy is dus onaantasbaar soos die vlugtige skadu's in die maanlig.

Vyandelike troepe moet aan gedurige misleiding onderwerp word. Aanvalle moet plotseling plaasvind, skerp, venynig en van korte duur wees. Die doelwit is om die vyand af te mat, sy planne in die war te stuur en om vyandelike aanvoerders te verontrus en te verwar. Die moreel van die vyand, sy wil om te veg, is dus die belangrikste doelwit.

Die vyand se agterhoede is die guerrillavegter se front, self

het hulle geen front nie. Logistiek berus op 'n direkte en elementêre basis. Vyandelike troepe vorm die hoofbron van wapens, ammunisie en ander voorrade.

Taktiese doelwitte is o.a. geïsoleerde polisieposte, geïsoleerde garnisoene, bewegende troepe, militêre opslagplekke, kommunikasiestelsels, ens. Die metodes wat hulle aanwend, is veral dié van hinderlae, strooptogte, sabotasie en terrorisme, alhoewel Mao 'n teenstaander van blindelingse terrorisme is.

Die taktiek van guerrillas kan in hierdie enkele woorde van Mao saamgevat word: "The enemy advances, we retreat; the enemy camps, we harass; the enemy tires, we attack; the enemy retreats, we pursue."(18)

3. 6. Die guerrilla en die massa.

"The revolutionary war is a war of the masses; it can be waged only by mobilizing the masses and relying on them."(19)

Die steun en samewerking van die massa, hetsy aktief of passief, vorm die sine qua non vir sukses in rewolusionêre oorlogvoering. Mao maak ook die treffende vergelyking dat net soos water die absolute bestaansvereiste vir die vis vorm, so is die massa absoluut noodsaaklik vir die voortbestaan van die guerrilla. Sonder die daadwerklike steun van ten minste 'n groot deel van die massa moet hy sterf. Hierdie see (die massa) hou vir Mao 'n verdere betekenis in, nl. dat daar deur die indoktrinasie en mobilisering van die massa 'n see geskep word waarin die vyand uiteindelik verdrink moet word. Ten einde die steun van die massa te verkry, verwerp Mao alle middele wat enigsins kan bydra tot die vervreemding van die massa

---

18. Mao Tse-tung. Selected military writings. ~~op. cit~~. p. 70.

19. Mao Tse-tung. Selected works, Vol. I. Peking, Foreign Languages Press, 1964. p. 147.

soos dit tot uiting kom in 'n vyandige en antagonistiese houding teenoor die guerrilla en die ideale waarvoor hy veg. Die korrekte houding van die guerrilla teenoor die massa word duidelik weer - spieël in die drie reëls en agt opmerkings wat hy vir sy guerrillas neergelê het. Dit kom kortliks daarop neer dat guerrillas die mense waarmee hulle in aanraking kom, geen ongerief of skade mag berokken nie, en dat hulle in alle omstandighede hulpvaardig en vriendelik moet wees. Die guerrilla mag egter ook nooit vergeet dat hy in die voorste linies vir 'n bepaalde saak veg nie en dat hy in die stryd ook as politieke agitator moet optree, waar hy ook instrument is in die hande van die party.

Met sy ses strategiese beginsels en sy taktiese beginsels, en die koppeling daarvan aan politieke en ideologiese oogmerke, het hy 'n effektiewe wapen geskep vir die doeltreffende organisering en mobilisering van die binnefront. In die hele proses is dit die Kommunistiese party wat die leidende rol gespeel het. Ten slotte word die aandag bepaal by die verhouding wat bestaan het tussen die Chinese Kommunistiese Party en die Rooi Leër.

Reeds tydens die negende partykongres van die Rooi Leër te Kutien in 1929 het Mao beslis dat die leër ondergeskik is aan die party, en dat dit dus onderworpe is aan die leiding en toesig van die party. In sy werk "Problems of War and Strategy" verklaar hy dat "our principle is that the Party commands the gun, and the gun must never be allowed to command the party."[20]

In "Political Work: The Lifeline of all Work" word ook verklaar dat in die volksleër, die leër van die proletariaat, voorkeur gegee word aan politieke en ideologiese werksaamheid onder leiding van die party. Daarin word bepaal dat " this army needs to absolutely obey the Party's leadership, arm all its personnel with Marxism-Leninism and with Comrade Mao Tse-tung's thinking."[21]

---

20. Mao Tse-tung. Selected military writings. op. cit. p. 272.

21. Hongqi (Red Flag) Commentator, Political Work: The Lifeline of all Work. Peking, Foreign Laguages Press, 1966. p. 17. Hierdie pamflet bestaan uit vier artikels wat in 1964 in Hongqi (Red Flag) verskyn het. Hongqi is die tydskrif van die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party in China.

Reedsv vroeg is daar begin met die aanstelling van politieke komitees op alle vlakke van militêre beheer en organisasie. In hierdie verband is dit nodig om kortliks te wys op die rol van die politieke kommissaris. In elke militêre eenheid, hoe klein ook al, vind ons hierdie politieke offisier wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die moreel en die lojaliteit van die soldaat. Indien enige militêre eenheid hetsy gereelde eenheid of guerrilla-eenheid, in sy opdrag faal, word die politieke kommissaris direk aanspreeklik gehou. Politieke kommissarisse is reeds in 1928 deur Mao aangestel op alle vlakke van militêre beheer. Die rol van hierdie politieke offisiere kan kwalik onderskat word in die sukses wat Mao in sy rewolusionêre stryd gehad het. Na binne is hulle die manne wat die vlam van entoesiasme hoog laat brand; na buite speel hulle 'n groot rol in die orreding, indoktrinasie en mobilisering van die massa, asook in die proses van aftakeling in die geledere van die vyand.

Alle militêre operasies is middels ter verwesenliking van bepaalde politieke oogmerke, terwyl militêre aksie op sigself 'n uitingvorm van die politiek is, en hier is dit die party wat die geweer beheer en wat as hoogste gesag die binnefront organiseer en mobiliseer tot 'n massaleër.

* * *

Alhoewel Mao Tse-tung nie die vader van guerrilla-oorlogvoering is nie, is hy tog die persoon wat uit omsamehangende en ongekoördineerde brokstukke wat oor hierdie vorm van oorlogvoering bestaan het 'n eie samehangende en gesistematiseerde militêre filosofie opgebou het; en met die koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan politieke, ideologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en psigologiese elemente het hy 'n geïntegreerde en effektiewe wapen geskep vir die onverwerping van bestaande regerings en 'n bestaande sosiale orde. In hierdie sin kan hy met reg beskou word as die vader van rewolusionêre oorlogvoering.

In die hantering van strategiese en taktiese begrippe het hy

eintlik niks nuuts geskep nie, maar dit is eerder 'n geval dat hy op besonder briljante wyse reeds bestaande begrippe aangepas het by 'n andersoortige vorm van oorlogvoering waarvan die basiese kenmerk die innige vervlegting van politieke en militêre elemente is. In sy strategie kan hierdie twee elemente ook nooit los van mekaar beskou word nie. Sy werke is ook nie slegs van teoretiese betekenis nie, maar dit is die vrug van eie ervaring. Dit is verder ook nie dogmatiese leerstellings nie, maar sy begrippe aangaande strategie en taktiek en die toepassing daarvan binne militêr-politieke verband is uiters plooibaar en buigsaam.

Die een gedagte wat soos 'n silwerdraad deur al sy geskrifte loop, is die idee van aanpassing by die realiteite van 'n bestaande situasie, en die omskepping van konvensionele swakheid in onkonvensionele krag. Sy onwrikbare geloof in die uiteindelike oorwinning van Sosialisme vorm die grondslag van sy strategie en taktiek waarin die begrip van tyd geen rol speel nie. In hierdie verband is hy bereid om selfs neerlae te aanvaar. Hy beskou neerlae egter slegs as 'n strategiese terugwyking na 'n vorige fase. Hy verwys daarna as die vloei van die rewolusionêre beweging. Dit is dus soms nodig om twee treë agteruit te gee ten einde later weer drie treë vorentoe te kan gee.

Mao se genialiteit as strateeg lê miskien daarin dat hy sy vyand deeglik bestudeer het en homself geken het. Sy beginsel van een teen tien op strategiese vlak, en tien teen een op taktiese vlak som die basiese vereiste vir die behaling van 'n oorwinning in rewolusionêre oorlogvoering goed op . Die beginsel van selfbehoud teenoor die uitwissing van die vyand dui op die absoluutheid van sy oogmerke. In hierdie lig gesien, is neutraliteit, wapenstilstand, onderhandelings en vreedsame naasbestaan slegs tydelike voorwaardes wat geskep word vir konsolidering en voorbereiding vir die volgende offensief.

Sonder politieke oogmerke kan rewolusionêre oorlogvoering nooit slaag nie, en dit kan ook alleen slaag indien die politieke oogmerke wat nagestreef word, die aspirasies van die volk weerspieël,

wat op sy beurt weer die waarborg is van hulle hulp en samewerking. Hierdie voorwaardes word doelbewus geskep deur die stelselmatige indoktrinasie, oorreding en mobilisering van die massa. So word die massa dan uiteindelik die see waarin die vyand verdrink moet word. En hierin lê miskien Mao se grootste bydrae tot die teorie en praktyk van rewolusionêre oorlogvoering, nl. dat hy die middel geskep het vir die deeglike organisering van die binnefront deur middel van 'n proses van intensiewe indoktrinasie en mobilisering binne die raamwerk van 'n fyn uitgewerkte strategie onder leiding van die party.

In Mao se geskrifte het rewolusionêre oorlogvoering dus sy beslag gekry. Die wapen waarmee 'n rewolusionêre, gewapende stryd ontketen kan word, is geskep. Na sy stryd in China is dit ook elders toegepas. In die volgende hoofstukke sal die aandag by die stryd in Viëtnam bepaal word, waar Giap die idees van Mao toegepas het, en by Castro se stryd in Kuba waar Guevara 'n nuwe dimensie aan rewolusionêre oorlogvoering gegee het.

-------ooooOOOoooo-------

# HOOFSTUK 7.

## GENERAAL VO MGUYEN GIAP: 'N STUDIE IN DIE TOEPASSING VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING TOT EN MET DIE OORWINNING VAN DIE VIëTMINH-MAGTE BY DIEN MIEN PHU IN 1954.

Die rewolusie in Viëtnam is met nasionalistiese motiewe begin, maar het geëindig met 'n klinkende oorwinning vir die Kommuniste. Viëtnamese Nasionaliste het vir geslagte 'n onafhanklikheidstryd teen Franse oorheersing gevoer, maar hulle het egter nie veel meer bereik as om net die rewolusionêre gees lewend te hou nie. Hulle mislukkings het in der waarheid die weg berei vir die Kommuniste wat uiteindelik as die bevryders van die land uit die stryd getree het. Hulle sukses kan toegeskryf word aan die leiding wat hulle van die Komintern ontvang het, aan deeglike organisasie, moed, vasberadenheid en die besieling wat vir hulle gespruit het uit Mao Tse-tung se militêre filosofie. Met hulle progressiewe ideologie het hulle die idealiste in die geledere van die intellektueles getrek en hulle kon terselfdertyd die arm kleinboere indoktrineer en mobiliseer deur beter lewensomstandighede vir hulle in die vooruitsig te stel. Die sukses van die Kommuniste is ook grootliks aan die soepelheid in die toepassing van hulle taktiek te danke, waardeur hulle hulle afwisselend, afhangende van omstandighede, voorgedoen het as voorvegters vir die Nasionale of die Kommunistiese saak.

Die Kommunistiese beweging is reeds in 1925 onder leiding van Ho Chi Minh begin toe die "Vereniging van die Rewolusionêre Jeug" gestig is. Hierdie vereniging het later ontwikkel in die Kommunistiese party in Viëtnam wat gedurende sy bestaan onder verskele name bekend was. Die organisasie is hoofsaaklik ondergronds gevoer. Net soos dit die geval was in China, was dit ook die oogmerk van die Kommuniste in Viëtnam om die kleinboere te organiseer en die rewolusie vanaf die platteland na die stede te voer.

In 1930 het 'n onderwyser in Geskiedenis hom by die Kommunistiese party aangesluit, nl. Vo Nguyen Giap, wat later die opperbevelhebber geword het van die Viëtnamese bevrydingsleër en wat ook aan die roer van sake was tydens die oorwinning wat die Viëtminh troepe oor die Franse magte behaal het by Dien Bien Phu. Ons vind dus hier ook 'n gedugte tweemanskap in die persone van Ho Chi Mihh en Giap soos dit ook die geval in China was met Mao en Chu Teh.

Genl. Giap het hom bewys as briljante strateeg wat die beginsels van Mao op byna volmaakte wyse toegepas het, maar wat in werklikheid weinig bygedra het tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering. Sy rewolusionêre stryd moet dus meer gesien word as die praktiese toepassing van Mao se beginsels.

Vervolgens sal nou oorgegaan word tot die bespreking van die verloop van die stryd in Viëtnam en van Giap se strategiese beginsels.

1. DIE VERLOOP VAN DIE STRYD IN VIËTNAM:

Die meeste outeurs behandel gewoonlik die stryd in Viëtnam in sy geheel, en die drie strategiese fases soos neergelê deur Giap word dan op die stryd in sy geheel van toepassing gemaak. Skrywer is egter van mening dat die stryd in Viëtnam, en in besonder die stryd in Noord-Viëtnam, in twee periodes verdeel kan word wat min of meer ooreenkom met die twee periodes wat die rewolusionêre stryd in China aangeneem het.

Giap verdeel die rewolusionêre stryd soos Mao in die volgende drie strategiese fases wat op albei die periodes van toepassing is: die fase van stryd; die fase waar die ewewigstoestand tussen opponerende magte bereik word; en die teenoffensief.

In hierdie verdeling volg hy ook presies die voorskrifte van sy leermeester, alhoewel die verbreking van sekere beginsels hom duur te staan gekom het, en dit was ook die oorsaak dat die

hele stryd in twee periodes verval het. Dit was te wyte aan 'n growwe oordeelsfout aan die kant van Giap in die oorgangsfase wat moes lei tot die teenoffensief en oorwinning. In die bespreking wat volg, sal verder daarop ingegaan word.

## 1. 1. Die eerste periode (1941-1951).

In 1941 het die Viëtminh 'n plan goedgekeur vir die vorming van guerrilla-eenhede in die grensprovinsie van Cao Bang. Hierdie taak is aan Giap opgedra. Giap se taak is aansienlik vergemaklik as gevolg van die feit dat die politieke organisasie reeds 'n redelike gevorderde stadium bereik het wat te danke was aan die ywer wat Ho Chi Minh reeds vanaf 1925 aan die dag gelê het. Net soos in die geval van China was die organisasiefase reeds ver gevorder toe Giap oorgeneem het en daar gedink is in terme van 'n gewapende stryd.

Vanuit sy vesting in die berge in Tongking het Giap 'n doeltreffende inligtingsnetwerk geskep wat die hele area gedek het, later tot aan die Rooirivier-delta. Daarmee het hy die grondslag gelê wat in 'n groot mate bygedra het tot sy sukses in Noord-Viëtnam. 'n Doeltreffende inligtingsnetwerk vorm een van die basiese vereistes vir sukses in rewolusionêre oorlogvoering, en dit is weer op sy beurt 'n direkte uitvloeisel van die suksesvolle organisering van die binnefront.

In 1942 bring hy 'n besoek aan Mao Tse-tung wat 'n groot invloed op hom sou uitoefen. Hy ontvang ook opleiding aan die skool vir politieke- en guerrilla-oorlogvoering in Yenan. Hy keer terug na Viëtnam met Mao se geskrif oor guerrilla-oorlogvoering wat vir hom as rigsnoer sou dien. Sy plan was om 'n leër op die been te bring volgens die patroon van die Agste Roeteleër met dieselfde tweeledige vorm van beheer in die persone van militêre en politieke aanvoerders.

Na sy aankoms uit China in 1942 het hy begin met dertig gewapende manne, wat spoedig aangegroei het tot 1 000 man . In 1943 is guerrilla-operasies uitgebrei na Bac Kan en Thai Nguyen in die suide van Noord-Viëtnam. Na skerp reaksie van die Franse magte trek hy weer terug na sy vesting in Cao Bang. In 1944 verkry hy beheer oor die hele Cao Bang-provinsie. Sy guerrillas slaag daarin om deur te dring tot aan die grens van die Rooirivier-delta. Tot dusver het hy enige konfrontasie met Franse troepe vermy en hy hou hom by Mao se reël dat geen gevegte gevoer moet word tensy 'n oorwinning verseker is nie. Teen die einde van 1944 is eers begin met hinderlae teen kleiner Franse patrollies.

Teen 1945 is guerrilla-operasies uitgebrei oor die provinsies Ha Giang, Tuyen Quang, Bac Kan, Lang Son en Phu Lang Thuong. Die groot, bergagtige gebied in Noord Tongking was volkome in die hande van die Viëtminh. Na die oorname van Japan in April 1945 is alle rewolusionêre, gewapende magte verenig. Vir Giap was die tyd ryp vir die omskepping van guerrilla-eenhede in gereelde eenhede. Die hoofklem het nog steeds op politieke mobilisering geval met die kleinboer en die platteland as hoofdoelwit. Op die politieke front het alles rooskleurig verloop, in so 'n mate dat Ho Chi Minh hom sterk genoeg gevoel het om oor te gaan tot die vorming van die "Nasionale Bevrydingskomitee", wat in werklikheid 'n eie regering was waarvan hy die hoof was. Giap se guerrillas, wie se getalle gestyg het tot 5 000 man, het nou amptelik as die Viëtnamese Bevrydingsleër bekend gestaan.

Na die oorgawe van Japan het Viëtminh-rebelle alles in hulle vermoë gedoen om volkome beheer oor die land te verkry. Op 2 September 1945 arriveer Ho Chi Minh in Hanoi en proklameer die Demokratiese Republiek van Viëtnam. Giap word Minister van Binnelandse Sake, en dit het vir die oombilk gelyk of Mao se idee van 'n uitgerekte oorlog ten opsigte van die stryd in Viëtnam oorbodig sou wees. Op hierdie stadium het Giap ook beskik oor 'n gereelde leër van 31 000 man.

In Oktober 1945 kom sterk Franse troepemagte onder aanvoering van Genl. Le Clerq in Saigon aan. Nieteenstaande die hulp van agente wat Giap na Suid-Viëtnam gestuur het om guerrillatroepe aldaar behulpsaam te wees, was hulle onsuksesvol in die stryd teen die sterker Franse magte. Dit moet grootliks gewyt word aan die metodes van terrorisme wat Kommunistiese leiers daar toegepas het. Daardeur het hulle die steun van die grootste deel van die bevolking verloor. In Suid-Viëtnam het die stryd dan ook nooit verder gevorder as die fase van guerrilla-oorlogvoering nie.

Nadat onderhandelings tussen Ho Chi Minh en die Franse in Noord-Viëtnam misluk het, was oorlog onvermydelik. Na 'n mislukte opstand in Hanoi in Desember 1946, wat sterk herinner aan Mao se mislukte opstand in Hunan, het die regering van Ho Chi Minh teruggetrek na die ontoeganklike guerrillabasis in Viët Bac, en daarmee was die Viëtminhmagte onmiddellik op die strategiese defensief geplaas. 'n Tweede basis is intussen ook suid van die Rooi-rivier-delta gevestig. Dit was selfonderhoudende basisse waar daar onmiddellik oorgegaan is tot die opleiding van gereelde troepe.

Op hierdie stadium is dit nodig om kortliks die aandag te bepaal by die organisasie van die Viëtminhmagte en die vorm van dissipline wat in hierdie magte gehandhaaf is.

Die Viëtminhmagte is suiwer volgens die patroon van Mao se guerrillamagte op die volgende drie vlakke georganiseer:
Eerstens was daar die "Chuc Luc", of konvensionele magte. Dit was 'n permanente, konvensionele mag wat 'n strategiese rol vervul het en wat die hoofmag gevorm het wanneer gekonsentreer is op grootskaalse aanvalle.
Tweedens was daar die streeksguerrillas wat gewoonlik slegs binne hulle eie gebiede geopereer het en wat te enige tyd weer kon terugkeer na die gewone burgerlike lewe wanneer hulle onder groot druk verkeer het.

Derdens was daar die distriksmilisie wat snags die rol van guerrillas vervul het terwyl hulle bedags met hulle normale werk voortgegaan het. Hulle bedrywighede was beperk tot sabotasie, hinderlae,

boodskappe oordra, fondse insamel en inligting inwin. Hulle het ook 'n belangrike rol gespeel in die voorsiening van voedsel en ander voorrade.

Die gereelde troepe was hoofsaaklik in die twee guerrilla-basisgebiede gevestig. Gedurende die stryd is hulle aangevul uit die streekstroepe wat op hulle beurt weer aangevul is uit die streeksmilisie. Die streeksmilisie het sy mense uit die lokale bevolkings getrek. Die hele patroon van die stryd was een van rekrutering, opleiding, indoktrinasie, en na buite afmattings-operasies wat op uitgebreide skaal teen vyandelike troepe onderneem is. In die hele proses is die organisasie van die binnefront op 'n uiters effektiewe wyse deurgevoer en die koppeling van die politieke aksie aan die militêre aksie is op byna volmaakte wyse uitgevoer.

Indoktrinasie, dissipline en beheer het op alle vlakke 'n sterk militêre karakter gedra. Indoktrinasie, of "the exercise of democracy" soos dit deur Ho Chi Minh genoem is, is op drie vlakke toegepas: op politieke, militêre en ekonomiese vlak. In elke geval is gereelde vergaderings vir die bepaalde doel gehou.

Na die eerste periode van basiese opleiding is oorgegaan tot 'n program van selfkritiek waarop alle dissipline in hoofsaak berus het. Wat bevelvoering betref, is die tipiese tweeledige aard daarvan kenmerkend. Elke eenheid, ongeag die grootte daarvan, het oor 'n militêre sowel as 'n politieke offisier beskik en beide het dieselfde status geniet. Die politieke offisier, of die politieke kommissaris, het egter altyd die laaste woord gehad en kon bevele van militêre aanvoerders veto. Hulle het dus groter sê gehad in suiwer militêre aangeleenthede as die politieke kommissarisse in die Chinese Rooi Leër.

In elke streek was verder spesiale politieke afdelings sowel as veiligheidstroepe en polisie-eenhede wat gedurig in direkte verbinding met die hoof-guerrillabasis in Viêt Bac was. Vir Ho Chi Minh en Giap was dit 'n waardevolle kanaal en hulle was

sodoende gedurig op hoogte met wat oral aangegaan het.

Die bevolkings van die streke wat deur die Kommuniste beheer is, is georganiseer in 'n veelheid van politieke organisasies, waardeur die Kommuniste 'n stewige houvas op die bevolking gehad het. 'n Uitgebreide netwerk is sodoende gevorm waardeur die program van rekrutering en indoktrinasie glad van stapel gestuur is.

In hulle hele program van aksie het die Kommuniste in Viëtnam in 'n groot mate ook van terrorisme gebruik gemaak, en waarin daar dus afgewyk is van Mao se beginsels, Alhoewel Mao hom in 1927 ten gunste van terrorisme uitgespreek het, het hy dit later heeltemal afgekeur. Daar bestaan geen bewyse daarvoor dat Mao se guerrillas die Chinese volk stelselmatig geterroriseer het nie. Daar is deurgaans gehou by die drie reëls en agt opmerkings. (1) Groot getalle van die Viëtnamese volk het wantrouig gestaan teenoor die ideologiese oogmerke van die Kommunistiese leiers en die Kommuniste was verplig om van terrorisme gebruik te maak. Op hierdie wyse moes die massa geïntimideer word om die saak van die Kommuniste te steun.

Nadat die Kommuniste na die guerrillabasis in Viët Bac teruggewyk het, kan die situasie op daardie stadium van die stryd soos volg opgesom word:
Die Franse magte het die dorpe, paaie en kommunikasie beheer. Hulle het oor 'n sterk leër beskik, en dit het gelyk of hulle die oorhand oor die Viëtminhmagte gehad het.

Faktore wat aan die ander kant in die guns van die Viëtminh getel het, was dat hulle oor 'n veilige basis beskik het, 'n basis wat ontoeganklik was vir gepantserde troepe, beskut, verafgeleë en

---

1. Vgl. p. 113.

omring deur 'n simpatieke bevolking. Hulle het trouens die steun gehad van die meerderheid van die bevolking in Noord-Viëtnam.

Die Franse magte se strategie was gerig op die beheer oor gebied, terwyl die guerrillas hulle toegespits het op die bevolking van die platteland. In ooreenstemming met tradisionele, konvensionele oorlogsmetodes het die Franse magte hulle toegelê op die besetting van gebied waarin die beheer oor paaie, strategiese punte, dorpe, ens. die belangrikste doelwitte was, terwyl die guerrillas se oogmerk die beheer oor die mense was, sonder wie se samewerking beheer oor gebied onmoontlik was. Die Franse se poging was dus van die begin af tot mislukking gedoem. Die land was groot, sy bevolking was groot, en die land het verder genoegsame skuiling aan guerrillas gebied.

In die loop van 1949 was Giap van mening dat hulle tot midde in die tweede fase gevorder het, nl. die toestand van ewewig tussen die opponerende magte, en hy het gemeen dat oorgegaan moes word tot die algemene teenoffensief. Streekstroepe is op gereedheidsgrondslag gebring ten einde kleiner dorpe in te neem. Sy hoofmag moes as reserwemag optree vir die derde en finale fase. Sy troepe was gereed, maar hulle het 'n groot tekort aan wapens ondervind.

In sy beoordeling van die strategiese situasie het hy hom egter misreken. Die skynbare ewewigstoestand was nie te wyte aan die uitgeputheid van die Franse magte nie, maar dit moes eerder gewyt word aan die feit dat beide nie sterk genoeg was om op daardie stadium 'n deurbraak te maak nie. Hy het dus nie ag gegee op die reëls wat Mao neergelê het vir die oorgangsfase wat tot die teenoffensief moet lei nie. Een enkele faktor het egter die deurslag gegee dat Giap die finale besluit geneem het om tot 'n grootskaalse teenoffensief oor te gaan , nl. die oorwinning van Mao Tse-tung in China en die vestiging van die Chinese Volksrepubliek. Giap was nou verseker van voldoende wapenvoorsiening. In Februarie 1950 verklaar hy dan ook dat die fase van guerrilla-oorlogvoering verby

is, en dat oorgegaan moes word tot mobiele oorlogvoering.

Die strategie wat Giap gevolg het in wat hy gesien het as die laaste fase van die stryd, was tweeledig van aard. In die eerste stadium wou hy alle Franse garnisoene in Viëtminh-gebiede uitwis. In die tweede stadium wou hy alle troepe mobiliseer in 'n volskaalse aanval teen die Rooi-rivier-delta. Dit sou veral die taak van sy gereelde troepe wees, gerugsteun deur guerrilla-eenhede en die milisie.

Die eerste stadium is met groot sukses afgehandel. Die tweede stadium het egter op 'n fiasko uitgeloop. Genl. Jean de Lattre Tassigny wat intussen as die Franse Hoë-Kommissaris en opperbevelhebber van die Franse magte aangestel is, het die magte van Giap by Vinh Yen, Mao Khe en die Day-rivier oortuigend verslaan. Dit was duidelik dat Giap die strategiese situasie totaal verkeerd beoordeel het. Hy wou loop voordat hy kon kruip. Sy poging om die oorlog in sy derde en finale fase te dwing, d.i. die strategiese offensief, voordat die noodsaaklike voorwaardes daarvoor geskep is, soos duidelik deur Mao neergelê is, het Giap duur te staan gekom.

Hierdie neerlae kan myns insiens vergelyk word met die neerlaag wat Mao in die vyfde uitwissingsveldtog op die lyf geloop het en wat hom gedwing het om die lang mars aan te pak wat hy as 'n strategiese terugwyking beskou het. Giap moes na sy neerlae ook terugwyk na sy strategiese basis in Cao Bang. Hy het sy neerlae ook nie as werklike neerlae beskou nie; dit was vir hom slegs 'n strategiese terugwyking. Met hierdie neerlae was Giap gedwing om weer na die fase van guerrilla-oorlogvoering terug te val. Dit is 'n belangrike kenmerk in die ontwikkelingsgang van rewolusionêre oorlogvoering, nl. dat wanneer 'n neerlaag in een of ander fase van die stryd gely word, daar slegs teruggeval word na die vorige fase.

## 1. 2. Die tweede periode: sukses en die beleg van Dien Bien Phu (1951-1954).

Giap was dus gedwing om die feit te aanvaar dat guerrilla-oorlogvoering noodsaaklik was totdat sy eie hoofmag beter bewapen en beter opgelei was, en die vyand hom vanweë verspreide guerrilla-aanvalle in 'n staat van uitputting bevind het. Na sy terugwyking na Cao Bang het hy onmiddellik teruggeval op grootskaalse guerrilla-oorlogvoering.

Politieke indoktrinasie is opnuut verskerp. Politieke kommissarisse was later geneig om hulle politieke taak te verwaarloos ten gunste van die militêre taak wat hulle ook moes volvoer. Hy het sy strategie en taktiek in heroorweging geneem en sewe beginsels neergelê vir die voer van toekomstige operasies. Hierdie sewe beginsels is niks anders nie as 'n sameflansing van ou bewese strategiese en taktiese beginsels wat hy hoofsaaklik ook van Mao oorgeneem het. Daarmee het hy niks nuuts bygedra tot rewolusionêre oorlogvoering nie, alhoewel die Viëtminh hulle toeskryf aan die vrugbare brein van Giap. Die beginsels is kortliks die volgende: behoud van die inisiatief, die aanwending van lis en misleiding, die handhawing van 'n aggressiewe gees, vasberadenhied, geheimhouding, spoed en die voortdurende strewe na voortreflikheid.

Giap het ook sy taktiek aansienlik vereenvoudig. In die fynste besonderhede het hy algemene reëls neergelê vir sabotasie-pleging, hinderlae en omsingeling. Hierdie taktiese beginsels het hoofsaaklik betrekking gehad op die streekstroepe en die milisie.

In hierdie tweede periode het sy guerrillamagte uitmuntend daarin geslaag om die Franse magte stelselmatig af te mat en uit te put. In die oorgang tot die strategiese offensief in die tweede periode vind ons nou 'n briljante koördinering van guerrilla-oorlogvoering met mobiele, konvensionele oorlogvoering. In hierdie

stryd kon Giap reken op die steun van die massa wat die nodige inligting verskaf het, onvermoeid voedsel en ander voorrade aangery het op fietse of selfs te voet aangedra het. In geen stadium het Giap dus probleme ondervind ten opsigte van aanvoer en verbindingslinies nie.

In samewerking met Amerikaanse hulp het genl. Navarre die Navarre-plan uitgewerk waarin beoog is om 'n einde te maak aan die Kommunistiese aggressie . Die plan was om hierdie operasie teen die einde van 1954 te voltooi.

Die plan kom kortliks op die volgende neer:
Navarre wou sterk troepemagte in die Rooirivier-delta konsentreer ten einde die hoofmag van die Viëtminh af te mat, om dan Dien Bien Phu te beset en vandaar aanvalle te loods op omliggende Viëtminh-gebiede. Hy het gehoop dat die Viëtminh-magte teen die lente van 1954 sodanig uitgeput sou wees dat hy 'n opruimingsveldtog in Suid-Viëtnam tegelyk kon laat plaasvind met 'n groot offensief in die noorde, om dan die oorlog so tot 'n einde te bring. In Januarie 1954 slaag hy ook daarin om Dien Bien Phu te beset, en hy het onmiddellik begin om sy magte daar op te bou.

In die verdere ontplooiing van die plan het Navarre hom egter in 'n groot dilemma bevind waaruit hy hom nie kon loswikkel nie. Indien hy sou oorgaan tot 'n grootskaalse konsentrasie van troepemagte in 'n poging om die Viëtminh-magte uit te wis, sou dit vir hom onmoontlik wees om die gebied binne die Rooirivier-delta te verdedig en beheer daaroor te bly behou. Hierdie situasie was grootliks te wyte aan 'n gebrek aan mannekrag. Daarby moet ook onthou word dat die Franse magte nie beskik het oor die steun van die massa nie.

In die lig van omstandighede is Giap ook gedwing om belangrike beslissings te neem. Sy probleem het op dieselfde neergekom as dié van Navarre. Hy moes óf sy troepe konsentreer in 'n direkte konfrontasie met die Franse magte en in die proses die Viëtminh-beheerde gebiede beskerm, óf hy moes sy troepe versprei

en konsentreer op die swak plekke in die mondering van die vyand en hom stuksgewyse uitwis - 'n proses waarin hy die veiligheid van Viëtminh-beheerde gebiede in gevaar sou stel. Giap het self die posisie soos volg opgesom:

> *" The thorough understanding of the contradictions and general laws of the aggressive war enabled us to detect the enemy's great weakness arising from the concentration of his forces. Always convinced that the essential thing was to destroy the enemy's manpower, the Central Committee worked out its plan of action on the basis of scientific analysis: to concentrate our forces to move to the offensive against important strategic points where the enemy's forces were relatively weak in order to wipe out a part of his manpower, at the same time compelling him to scatter his forces to cope with us at vital points which he had to defend at all costs. Our strategic directions were: dynamism, initiative, mobility, and rapidity of decision in the face of new situations."(2)*

In hierdie aanhaling vind ons ook die grondliggende beginsels wat Mao neergelê het vir rewolusionêre oorlogvoering, nl. magsverspreiding en magskonsentrasie. Magskonsentrasie word voltrek op taktiese vlak, die proses waarin die behoud van die inisiatief en mobiliteit van magte tot die uiteindelike sukses moet bydra.


Die resultaat was dat die Viëtminh-magte die Franse-beheerde gebied in die Rooirivier-delta bevry het en die Franse magte in Dien Bien Phu vasgepen en omsingel het. Verdere verspreiding van Franse magte is teweeggebring deur die aanvalle van Viëtminh-magte in samewerking met troepe van die Pathet Lao in middel- en noord-Laos. Op 8 Mei 1954 word die Franse magte dan 'n beslissende neerlaag toegedien by Dien Bien Phu.

In wese vind ons dus ook 'n verdeling in twee periodes met die onderliggende vier strategiese fases, soos dit ook die geval was in China.

In die eerste strategiese fase van die eerste periode is hoofsaaklik gesteun op guerrilla-oorlogvoering, terwyl daar in die tweede strategiese fase hoofsaaklik staatgemaak is op mobiele, konvensionele oorlogvoering waarin gereelde eenhede ondersteun is deur verspreide

---

2. Giap, V.N. The military art of people's war. London, Monthly Review Press, 1970. p.142.


NOORD - VIËTNAM
Ha Giang
Cao Bang
Tuyen Quang
Bac Kan
Lang Son
Rooirivier
Phu Lang Thuong
DIEN BIEN PHU
VINH YEN
MAO KHE
HANOI
Day-rivier
LAOS
THAILAND

guerrilla-eenhede. Hierdie periode is beëindig met die neerlae by Vinh Yen, Mao Khe en die Day-rivier wat die gevolg was daarvan dat Giap belangrike beginsels soos deur Mao neergelê is, oorboord gegooi het.

In die eerste strategiese fase van die tweede periode is weer hoofsaaklik gesteun op guerrilla-oorlogvoering, terwyl in die tweede fase hoofsaaklik staatgemaak is op mobiele, konvensionele oorlogvoering waarin Giap guerrilla-oorlogvoering op 'n besonder briljante wyse gekoördineer het met mobiele oorlogvoering. Hierdie periode is beëindig met die oorwinning wat die Viëtminhmagte behaal het oor die Franse magte by Dien Bien Phu . In die laaste stadium van die oorlog het ons hier ook te make met 'n volksleër en 'n uitwissingsoorlog in die tipiese Maoïstiese styl.

Die belangrikste kenmerk van Giap se rewolusionêre stryd in Viëtnam is egter die wyse waarop hy die militêre aksie aan die politieke aksie gekoppel het. Die sukses wat hy behaal het, is ook grootliks te danke aan die rol wat die massa in die stryd gespeel het. Hy het uitmuntend daarin geslaag om die binnefront te mobiliseer en te organiseer binne die raamwerk van die strategiese en taktiese beginsels soos neergelê deur sy leermeester Mao Tse-tung. Die aandag sal vervolgens bepaal word by die strategiese beginsels wat Giap se hele stryd ten grondslag gelê het.

## 2. STRATEGIESE BEGINSELS

Aangaande die breë opset van die rewolusionêre stryd in Viëtnam lê Giap die volgende neer:

> *"Our revolution must go through the stage of national people's democratic revolution and advance toward the socialist revolution, bypassing the stage of capitalist development. Our military line is based on the line of a thoroughly national people's democratic revolution; it is in the line of the people's revolutionary war, the war of a people made up of peasants, which is aimed at the overthrowing imperialism and feodalism, reconquering independence for the nation and*

> *giving land back to the tillers. It is the line of thorough war of national liberation, a just war to counter the injust war of aggression waged by the enemy.* "(3)

In hierdie aanhaling vind ons reeds al die elemente teenwoordig soos ons dit by Mao gevind het. Die twee rewolusionêre take, nl. die nasionale en die demokratiese is nou aan mekaar verbonde. Ten einde 'n sterk prikkel te verskaf vir die rewolusionêre oorlog was dit noodsaaklik om die hele volk te mobiliseer en te organiseer. Die oorkoepelende rol van die party word reeds gou duidelik want dit is die party wat die voorwaardes skep en die waarborg voorsien vir die oorgang van die nasionaal-demokratiese volksrewolusie tot die sosialistiese rewolusie, deur middel van 'n durende rewolusionêre proses. Langs hierdie weg word die binnefront deur die party gelei en opgevoed, en word die vlam van rewolusie steeds brandend gehou.

Net soos dit die geval in China was, het die rewolusionêre stryd in Viëtnam vir Giap twee dimensies gehad, nl. die nasionale en die ideologiese. In die eerste plek was dit die Franse imperialisme wat vernietig moes word. Imperialisme is gekoppel aan die heersende feodale stelsel wat volgens Giap die gevolg was van Franse imperialisme in Viëtnam. Sodoende kon die stryd teen imperialisme nie geskei word van die stryd wat gevoer is om die feodale stelsel te vernietig nie. Nasionalisme en anti-imperialisme het verder as 'n blote dekmantel vir Kommunistiese, ideologiese oogmerke gedien.

Wat die stryd teen feodalisme betref, wys hy op die teenstelling tussen die kleinboere en die feodale grondeienaars wat die weg moet berei vir die sosialistiese rewolusie in Viëtnam. Net soos in die geval by Mao vorm die stedelike proletariaat nie die basis vir die rewolusionêre stryd nie, maar wel vir die kleinboer.

---

3. Ibid,, p. 163.

In hierdie verband wys hy op die teenstelling tussen die kleinboer en die feodale grondeienaar - die teenstelling wat die weg moes berei vir die sosialistiese rewolusie in Viëtnam. Uit hierdie teenstelling word stryd gebore wat ook op die Maoïstiese beginsel berus, nl. dat daar krag in swakheid verskuil is. Ten opsigte van hierdie beginsel beweer hy soos volg: "---relying on our absolute political superiority, on the righteousness of our case, and our people's unity in struggle, it is possible to use what is weak to fight what is strong, to defeat the most modern weapons with a revolutionary spirit. "(4)

In sy siening van rewolusionêre oorlogvoering vind ons ook die hegte eenheid tussen politiek en oorlog wat Mao se strategie kenmerk, en beide is fundamenteel en beslissend in die stryd. Hy beweer voorts:

> *"Armed struggle has developed on the basis of political struggle brought to a higher level; these two forms of struggle develop simultaneously in a vigorous manner and stimulate each other. Armed struggle which becomes more and more vigorous does not make political struggle decrease in intensity but, on the contrary, gives it a stronger impulse; together they pursue the aim of annihilating and dislocating enemy armed forces, striking vigorously where the enemy is basically weak, on the political ground."* (5)

Daarmee saam stel hy ook die mens teenoor die wapen wanneer hy beweer dat die mens die beslissende faktor in oorlog is. Hy beweer dat die rewolusionêre beweging in Viëtnam die korrekte verhouding tussen mens en wapen, tussen politiek en tegnologie bepaal het, en waarin die menslike faktor, die politieke faktor van deurslaggewende betekenis is. Deur hierdie bewering probeer hy dan ook voorgee dat hierdie idee sy oorsprong in Viëtnam het.

Wat strategiese basisgebiede betref, vind ons ook maar 'n slaafse navolging van Mao se idees. Hy beklemtoon die vestiging

---

4. Ibid., p. 164.
5. Ibid., p. 169.

van strategiese, geografiese basisgebiede asook die vestiging van strategiese, politieke basisse onder die massa deur middel van oorreding, en indoktrinasie, waardeur ook 'n hegte band geskep word tussen die massa en die guerrilla, sowel as tussen offisier en manskap, en tussen party en massa.

Hy verwys ook na rewolusionêre oorlogvoering as 'n uitgerekte vorm van oorlogvoering vanweë die rewolusionêre aard daarvan, en waardeur guerrilla-oorlogvoering ook 'n sentrale plek in sy strategie inneem. Soos Mao beklemtoon hy verder die feit dat die stryd nie deur middel van guerrilla-oorlogvoering alleen gewen kan word nie. Die vorming van mobiele, konvensionele leërmagte is by hom ewe belangrik: " Guerrilla warfare must multiply to keep itself in life and develop into mobile warfare. This is a general law, " en hy voeg dan by: " But side by side with the main force there must always be numerous guerrilla troops and guerrilla activities. " (6)

Getrou aan die gewoonte van Kommunistiese teoretici oor rewolusionêre oorlogvoering sluit hy sy werk af deur 'n parallel te trek tussen die rewolusionêre oorlog in Viëtnam en die komende wêreldrewolusie. In sy geskrifte vind ons 'n sterker beklemtoning daarvan as in die van Mao. Hierdie idee het eers na die vestiging van die Chinese Volksrepubliek in China sterk uitdrukking gevind.

Vir Giap vorm die rewolusionêre stryd in Viëtnam 'n integrale deel van die wêreldrewolusie. Volgens hom is alle strydpunte binne die heersende wêreldsituasie ook teenwoordig in Viëtnam. Nasionale bevrydingsoorloë is dan besig om die magsbalans tussen die sosialistiese en imperialistiese kampe te verander, 'n proses wat uiteindelik na 'n sosialistiese oorwinning moet lei. Nasionale bevrydingsoorloë dwing imperialiste om hulle magte te versprei, en sodoende word die swak plekke in hulle mondering blootgelê, 'n proses wat die sosialiste se vooruitsigte op oorwinning grootliks bevorder. Die guerrillataktiek wat in die rewolusionêre oorlog in Viëtnam gebruik is, word sodoende op die wêreldsituasie van toepassing gemaak. Hy beweer voorts: " The national liberation movement is seething on the Asian, African and Latin American continents,

6. Giap, V.N. Peiople's War, People"s Army. Hanoi, Foreign Languages Publishing House, 1961. p. 107-108.

dealing heavy blows to imperialism headed by United States imperialism, causing the old colonial systems to collapse in big Chunks."(7)

* * *

In sy geheel kan die werk van Giap meer gesien word as 'n praktiese studie in die toepassing van Mao Tse-tung se militêr-politieke filosofie. Die enkele verskille wat wel bestaan, het meer betrekking op die praktiese toepassing van Mao se beginsels. Die rede vir enkele afwykings moet gesoek word in die feit dat die vyand waarmee Mao te doene gehad het, baie verskil het van die vyand wat Giap in Viëtnam beveg het. Mao het wel te make gehad met die sterk Japannese invalsmagte, maar sy grootste oorwinnings het hy eers na 1945 behaal teen die swak georganiseerde en korrupte leërmagte van Chiang Kai-shek. Die oorgangsfase van guerrilla-oorlogvoering na mobiele, konvensionele oorlogvoering, d.w.s. die oorgaan tot die teenoffensief was in die lig van ontwikkelende omstandighede nie moeilik bepaalbaar nie.

Giap daarenteen het deurgaans te make gehad met 'n moderne, goedopgeleide en goedtoegeruste, professionele, Franse leërmag. Die verdere feit dat die oorlog in Suid-Viëtnam nooit verder gevorder het as die fase van guerrilla-oorlogvoering nie terwyl dit in Noord-Viëtnam gevoer is tot by die fase van mobiele, konvensionele oorlogvoering, het waarskynlik aanleiding daartoe gegee dat Giap nooit duidelik die grenslyne tussen die drie strategiese fases van Mao se rewolusionêre oorlogvoering kon onderskei nie. Die strategiese oordeelsfout wat hy begaan het, moet ook in hierdie lig gesien word.

Dit is interessant dat Giap, waar dit gaan oor die voorwaardes vir die oorgang van die tweede fase na die derde fase, nog een verdere

---

7. Giap, V.N. The military art of people's war. New York, Monthly Review Press, 1970. p. 249.

voorwaarde bygevoeg het, naamlik gunstige toestande op die terrein van die internasionale politiek wat bevorderlik moet wees vir die interne stryd van insurgente. Hierdie idee hou direk verband met die besondere verhouding wat vir hom bestaan tussen die rewolusionêre stryd in Viëtnam en die komende wêreldrewolusie.

'n Belangrike bydrae van Giap tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering is die klem wat hy op terrorisme lê. Dit was die gevolg van heersende omstandighede wat die Kommuniste in Viëtnam genoodsaak het om ook van hierdie middel gebruik te maak ten einde die steun van die massa te bekom. Saam met Mao glo hy ook dat 'n rewolusionêre oorlog sonder die daadwerklike steun van die massa tot mislukking gedoem is. In die getroue navolging van Mao val die hoofklem in sy strategiese beginsels ook op die effektiewe en intensiewe organisering van die binnefront wat hy op briljante wyse deurgevoer het. In hierdie verband beweer hy soos volg:

> *" Therefore, to make good preparations for armed insurrection, the most essential and important task was to make propaganda among the masses and organize them to " develop and consolidate the organizations for national salvation'. Only on the basis of strong political organizations could semi-armed organizations be set up firmly, guerrilla groups and guerrilla units organized which have close connection with the revolutionary masses, eventually to further their activities and development."* (8)

--------oooOOooo---------

---

8. Op. cit., p. 77-78

# HOOFSTUK 8.


## DIE BYDRAE VAN CHé GUEVARA TOT DIE TEORIE VAN REWOLUSIONêRE OORLOGVOERING.

Soos in die geval van Giap was Mao se werke ook vir Guevara die bron van kennis en inspirasie. Alhoewel hy nooit 'n selferkende Kommunis was nie, het sy idees soos hy dit neergeskryf het in sy boek "La guerra de guerrillas" veel bygedra tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering in sy Kommunistiese betekenis. In baie opsigte het hy afgewyk van die idees van Mao Tse-tung, en as professionele rewolusionêr het , sy idees in baie opsigte groter trefkrag gehad, selfs onder linkse studentegroepe in Westerse, demokratiese lande. Die invloed van genl. Bayo, 'n veteraan in guerrilla-operasies tydens die Spaanse Burgeroorlog, is duidelik merkbaar in sy boek. Die werk van genl. Bayo is by uitstek 'n handboek vir guerrilla-oorlogvoering wat in die fynste besonderhede ingaan op alle aspekte daarvan. (1)

Die rede vir die afwykings van die leer van Mao moet gesien word teen die agtergrond van sy ervarings in die stryd in Kuba waarin hy 'n groot aandeel gehad het. Sy boek is dan ook hoofsaaklik gebaseer op sy aandeel in hierdie stryd. Waar Mao bv. nooit nodig gehad het om guerrilla-eenhede van meet af te organiseer nie, is die rewolusionêre oorlog in Kuba met 'n klein groepie guerrillas begin wat in die loop van die stryd aangegroei het tot 'n rebelleleër. Hy kan dus met reg daarop aanspraak maak dat hy deel gehad het

---

1. Bayo, A. 150 Questions for a guerrilla by the man who trained Castro. Denver, Cypress. 1963.


Havana
Cienfuegos
ESCAMBRAY
KUBA
ORIENTE
SIERRA MAESTRA
Santiago de Cuba

aan die proses waarin 'n klein vonkie aangeblaas is tot 'n magtige vuur.

## 1. 'N KORT HISTORIESE OORSIG VAN DIE STRYD IN KUBA.

Na die Tweede Wêreldoorlog is Kuba geteister deur die korrupte regerings van twee demokratiese presidente, nl. Grau San Martin en Prio, en die ewe korrupte regering van die diktator, Batista. Die rewolusionêre beweging in Kuba is begin as 'n protesbeweging teen Batista se onwettige toeëiening van die staatsgesag in 1952. Dit was verder gemik teen die onderdrukkende maatreëls wat op die bevolking uitgeoefen is. Toe demokratiese partye verbrokkel het in 'n onderlinge twis oor hoe te werk gegaan moes word om van Batista ontslae te raak, het Fidel Castro 'n groep militante jeugdiges om hom geskaar ten einde die stryd teen Batista aan te knoop. Vol selfvertroue het hy 'n direkte aanval geloods teen die Moncada-militêre barakke in Santiago de Cuba in 1953. Dit het egter misluk, en hy is vir twee jaar tronk toe gestuur. Ons het dus hier ook te doen met 'n mislukte opstand reg aan die begin van die stryd, soos dit ook die geval was in China en in Viëtnam. Daarna het Castro uitgewyk na Meksiko en in 1956 het hy en tagtig volgelinge in Oos-Kuba geland, waar hy toe die insurgensie begin het. Onder sy volgelinge was Ché Guevara, die gebore Argentyn.

Nieteenstaande die feit dat twintig van sy volgelinge in die vroeë stadium van die stryd gedood en nog veertig ander gevange geneem is, het hy die stryd met groot sukses beëindig.

Binne agtien maande het hy sy mag opgebou van ongeveer twintig tot drie-honderd man. Sy mag was gesetel in die Sierra-Maestro-berge, en vanuit hierdie basis het hy sy kragte gemobiliseer veral onder die jeug, en die stryd het aanvanklik hoofsaaklik die vorm aangeneem van betogings en dade van sabotasie in die stede.

Die krag van Batista se regime was hoofsaaklik geleë in die steun wat hy van die weermag geniet het. Namate die opstand egter in omvang toegeneem het, het 'n geleidelike verbrokkelingsproses plaasgevind, en die weermag het die prooi geword van bepaalde faksies wat in toenemende mate hulle eie gesag wou afdruk, in die proses waarvan bekwame offisiere in tronke gestop of verban is. Die gesag binne die verdedigingsmag, waarvan Batista die bevelvoerder was, is dus gedurig ondermyn. Toe die guerrilla-oorlog 'n aanvang geneem het, het Batista ook direkte beheer oor die bekamping daarvan oorgeneem. Die staat van militêre paraatheid was as gevolg van die korrupsie uiters swak. Hulle was verder hopeloos toegerus en opgelei vir die soort oorlog waarmee Castro en Guevara hulle sou tester.

Toe die guerrilla-oorlog dus in 1958 'n aanvang neem, was hulle hopeloos toegerus daarvoor. Batista het 'n groot mag gestuur om die guerrillas van Castro uit te wis. Deur gebruik te maak van die beginsel van magsverspreiding het hy die troepe van Batista stuksgewys uitgewis. In die gebied van die Sierra Maestro en in die omliggende gebiede het hy verder begin met 'n uitgebreide landhervormingsprogram, waardeur die kleinboere in hierdie gebiede in steeds groter getalle die opstand begin steun het.

In Spetember 1958 het hy guerrilla-eenhede onder aanvoering van Guevara en Camilo Cienfuegos na die berge van Escambray in Sentraal Kuba gestuur wat as 'n verdere basis gedien het vir die uitbreiding van die guerrilla-oorlog.

Sake het vir Batista te warm geword en op 1 Januarie 1959 vlug hy uit die land. Op dieselfde dag het Guevara en Cienfuegos Havana beset, en op 8 Januarie 1959 neem Castro beheer oor die land oor.

## 2. FOKUSPUNTE VAN SY STRATEGIE.

Heel aan die begin van sy boek verklaar hy dat die rewolusionêre stryd in Kuba ingrypende wysigings in rewolusionêre oorlogvoering met betrekking tot Latyns-Amerika ten gevolg gehad het. Die bespreking van Guevara se idees sal dan ook aan die hand van hierdie drie fokuspunte behandel word. Hy verklaar dat:

Eerstens, 'n volksleër, d.i. 'n leër van insurgente, 'n oorlog teen 'n konvensionele leër kan wen;

tweedens, dat dit nie nodig is om te wag totdat die voorwaardes gunstig is vir 'n rewolusie nie, maar dat gunstige voorwaardes geskep en bevorder kan word; en

derdens, dat die platteland die aangewese gebied is waar die gewapende stryd sy aanvang moet neem. Hier verwys hy bepaald na toestande in Latyns-Amerika.

2. 1. <u>Strategie en oorlog</u>.

Guerrilla-oorlog is vir Guevara 'n oorlog in belang van die massa. Guerrilla-eenhede vorm slegs die gewapende kern: " It draws its great force from the masses of people themselves. ----Guerrilla warfare is used by the side which is supported by a majority but which possesses a much smaller number of arms for use in defence against oppression."(2)

Guevara sien die guerrilla as 'n sosiale hervormer wat die wapen opneem teen die onderdrukker in belang van die bevolking. Die sosiale stelsel wat verantwoordelik is vir die onderdrukking, moet dus vernietig word. Operasies moet in verafgeleë gebiede begin word. Omdat die strewe in hierdie gebiede hoofsaaklik die algehele verandering van grondbesit behels, verwys hy na die stryd as hoofsaaklik 'n agrariese rewolusie. Die guerrilla verteenwoordig dan die begeertes en die wense van die massa om self die besitter van grond en produksiemiddele te wees, m.a.w. dit wat hulle hele lewe uitmaak.

As beginsel van oorlogvoering lê hy dieselfde beginsel as Mao neer, nl. dat geen geveg aangepak moet word tensy die vooruitsigte

---

2. Guevara, Ché. Guerrilla warfare. New York, Monthly Review Press, 1961. p. 17.

op 'n oorwinning verseker is nie. Die oogmerke is dus ook dié van selfbehoud teenoor die uitwissing van die vyand. Aangaande die rol van die guerrilla in die rewolusionêre stryd beweer hy soos volg:

> *" The guerrilla fighter is the Jesuit of warfare. By this is indicated a quality of secretiveness, of treachery, of surprise that is obviously an essential element of guerrilla warfare. It is a special kind of Jesuitism naturally prompted by circumstances, which necessitates acting at certain moments in ways different from the romantic and sporting conseptions with which we are taught to believe war is fought."* (3)

Guerrillastrategie definieer hy soos volg: " In guerrilla terminology, strategy is understood as the analysis of the objectives to be achieved in the light of the total military situation and the overall ways of reaching these objectives." (4) In hierdie definisie wyk hy dus nie af van wat min of meer oor die algemeen onder strategie in sy militêre betekenis verstaan word nie. Dit word hier net van toepassing gemaak op guerrilla-oorlogvoering.

In die bepaling van strategie moet die sterkte van die vyandelike magte tot in die fynste besonderhede ontleed word en daarvolgens moet die korrekte strategie opgebou word. Die uitgangspunt is hier dus ook: ken jou vyand, en ken jouself, en jy sal nooit 'n neerlaag hoef te ly nie. Die basiese grondreël van die guerrilla, soos ook neergelê is deur Mao en Giap, is om homself teen uitwissing te beskerm. Tyd moet dus ook gewen word, en daarmee onderskryf Guevara ook die beginsel dat 'n rewolusionêre oorlog niks anders kan wees as 'n uitgerekte vorm van oorlogvoering nie.

In teorie aanvaar hy verder ook die beginsel van Mao en Giap dat geen rewolusionêre oorlog slegs deur middel van guerrilla-oorlogvoering gewen kan word nie. In hierdie verband skryf hy dan:

---

3. Ibid., p. 19.
4. Ibid., p. 20.

" Guerrilla combat is a phase of warfare that cannot of itself attain complete victory.----Consequently---guerrilla warfare will develop into mobile warfare"; en verder: "It is obvious that guerrilla warfare is a preliminary step, unable to win a war all by itself. What happens is that the guerrilla army swells in size until it becomes a regular army. Only then will it be ready to deliver a Knock-out blow."[(5)]

Hy onderskei dus ook drie fases van ontwikkeling in rewolusionêre oorlogvoering, alhoewel hy totaal in gebreke bly om die skeidslyne tussen die fases duidelik af te baken. Uit sy werk kan die eerste twee fases nog onderskei word, maar van die derde fase, wat hoofsaaklik gepaard gaan met die vorming van gereelde eenhede vir die voer van mobiele, konvensionele oorlogvoering, is daar min sprake. Hy voer egter sy idee aangaande guerrilla-oorlogvoering ver buite die grense wat deur Mao en Giap gestel is. Hy aanvaar m.a.w. die beginsel dat guerrilla-oorlogvoering slegs 'n fase in die hele stryd verteenwoordig wat uiteindelik moet oorgaan in mobiele, konvensionele oorlogvoering; maar uit sy werk word dit tog ook duidelik dat hy geglo het dat guerrilla-oorlogvoering sodanig kan ontwikkel dat 'n uiteindelike oorwinning slegs deur guerrilla-magte behaal kan word. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat die derde fase die guerrillamagte van Castro en Guevara in Kuba grootliks gespaar gebly het vanweë die geleë ineenstorting van die korrupte en onpopulêre regering van Batista. Dit sou interessant gewees het om te sien hoe die guerrillamagte van Castro en Guevara sou gevaar het indien 'n sterker regering op daardie tydstip aan bewind was.

In sy strategie laat hy ook die klem sterk val op die intensiewe politieke bearbeiding van die massa. Die motiewe van die insurreksie moet by die massa tuisgebring word, en die massa moet gemobiliseer word om tesame met die militêre aksie oorwinning te verseker. Oor hierdie punt voel hy trouens so sterk dat hy beweer dat iemand wat hierdie grondwaarheid nie begryp nie, nooit 'n guerrillavegter kan wees nie.

Hierdie gesamentlike aksie moet ook uitloop op grootskaalse stakings en oproer wat die oogmerke van die rewolusionêre beweging verder moet bevorder. Die derde fase word dan slegs kortliks

---

5. Guevar, Ché. On guerrilla warfare. New York, Frederick A. Praeger, Publisher, 1961. p. 9.

genoem. Hy beweer dat die toename in die steun van die massa, wat terselfdertyd die rekrutering vir groter guerrilla-eenhede bevorder, gepaard gaan met die geleidelike uitbreiding van gebied. Hy verwys kortliks na verdedigingsmaatreëls, loopgrawe, myne en kommunikasiemiddele en hy kom tot die slotsom dat daar dan oorgegaan word tot gereelde oorlogvoering. Die groot waarde wat hy aan guerrilla-oorlogvoering as selfstandige vorm van oorlogvoering heg, spreek duidelik uit die volgende aanhaling:

> *" Little by little it will be easier for the members of the guerrilla band or bands to adapt themselves to their form of life and to make flight and escape from the forces that are on the offensive an easy task, because it is performed daily. When this condition is reached, the guerrilla, having taken up unaccessible positions out of reach of the enemy, or having assembled forces that deter the enemy from attacking, ought to proceed to the gradual weakening of the enemy. This will be carried out at first at those points nearest to the points of active warfare against the guerrilla band and later will be taken deeper into enemy territory, attacking his communications, later attacking or harassing his basis of operations and his central bases, tormenting him on all sides to the full extend of the capabilities of the guerrilla forces. " (6)*

2. 2. Taktiek.

Wat Guevara se taktiek betref, vind ons 'n interessante samefiansing van die idees van Mao en dié van genl. Bayo. Die invloed van Bayo word veral duidelik in die wyse waarop Guevara taktiek tot in die fynste besonderhede bespreek. Dit strek van taktiese operasies tot selfs by die rookgewoontes van die guerrilla. In sy geheel kan "La guerra de guerrillas" eintlik meer beskou word as 'n praktiese handleiding vir die opleiding van guerrillas.

Sy taktiek kan kortliks saamgevat word in die volgende drie woorde, nl. spoed, beweeglikheid en verrassing. Soos dit die geval was by Mao en Giap, is hinderlae, strooptogte, aanvalle op bewegende troepe, aanvalle op geïsoleerde polisieposte en garnisoene, sabotasie,

---

6. Ibid., p.21.

ens. by uitstek die metodes van aksie. Op taktiese vlak geld die beginsel van Mao van honderd teen een, m.a.w. konsentrasie van mag op taktiese vlak. Noemenswaardig in hierdie verband is sy "minuet"--omsingelingsbeweging, waarin hy afwyk van bogenoemde beginsel. Hierdie omsingelingsbeweging word uitgevoer op rustende vyandelike troepe deur slegs vyf of ses guerrillas, wat gewoonlik snags uitgevoer word. Om die beurt word dan vanuit die vier windrigtings op die vyand gevuur ten einde hulle te verwar.

Soos Mao Tse-tung verwerp Guevara onoordeelkundige terrorisme. In hierdie verband beweer hy dat:

> " *Sabotage has nothing to do with terrorism; and personal assaults are entirely different tactics. We sincerely believe that terrorism is of negative value, that it by no means produces the desired effects, that it can turn a people against a revolutionary movement, and that it can bring a loss of lives to its agents out of proportion to what it produces. On the other hand, attempts to take the lives of particular persons are to be made, though only in very special circumstances; this tactic should be used where it will eliminate a leader of the oppression.*" *(7)*

Hy verwerp dus blindelingse terrorisme omdat guerrillas daardeur die steun van die massa kan verbeur. Daarteenoor beskou hy sabotasie as 'n uiters geskikte wapen. Maar ook wat sabotasie betref, maan hy tot die selektiewe toepassing daarvan. Die steun van die massa mag nie deur die willekeurige aanwending van sabotasie op die spel geplaas word nie. Sabotasie moet veral daarop gemik wees om militêre aksie teen die insurgente te verydel.

Die klem wat Guevara op stedelike guerrilla-oorlogvoering lê, is seker sy belangrikste bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering. In die leer van Mao is bepaal dat die stede as laaste vestings gelaat moet word, terwyl stede by Guevara reeds 'n

---

7. Ibid. p. 93-94.

belangrike plek inneem in die fase van guerrilla-oorlogvoering. Hierdie idee kan myns insiens ook teruggevoer word tot die feit dat Guevara in sy strategie nie duidelik onderskei tussen die tweede en derde fases van die stryd nie. Hierdie toedrag van sake maak dit noodsaaklik dat stedelike guerrilla-oorlogvoering deel van die patroon van aksie in sy geheel vorm. Die waarde wat hy aan stedelike guerrilla-oorlogvoering heg, spreek duidelik uit die volgende aanhaling:.

> *" Appropriate operations of this kind, extended over a wide area, can almost completely paralyze the commercial and industrial life of the area and cause disturbance and distress to the entire population. This makes the people anxious for violent developments to bring an end to their troubles. If thought is given at the beginning of the war to future possibilities, specialists can be organized for suburban fighting. Then action can be carried out much more rapidly and with a saving for the nation in lives and precious time."(8)*

Daarmee bedoel hy egter nie dat die rewolusie in die stede begin moet word nie, maar dat dit na die stede uitgebrei moet word sodra toestande gunstig is daarvoor.

Hy beklemtoon dit baie sterk dat stedelike guerrillas nooit onafhanklik optree nie, maar dat die operasies van stedelike guerrillas vanuit 'n sentrale punt gekoördineer moet word om in te pas in die strategiese plan in sy geheel. Hulle is dus beperk tot aksies soos aan hulle voorgeskryf word. Hulle hooftaak is aanvanklik om sabotasie te pleeg,en hulle voer selde in die begin gewapende aanvalle uit.

---

8. Aangehaal uit: Pustay, J.S. Counterinsurgency warfare. New York, The Free Press., 1966. p. 48-49.

## 2. 3. Voorwaardes vir rewolusie.

Guevara stel dit duidelik dat opstandsleiers wat sit en wag vir die ontwikkeling van gewenste voorwaardes en 'n gunstige klimaat vir die inisiëring van direkte aksie, hulle heilige plig versuim. Dit is dus nie nodig om te wag dat alle voorwaardes vir rewolusie bestaan nie, maar die insurreksie kan daardie voorwaardes skep. Hy gaan verder deur te beweer dat dit moontlik is om 'n rewolusionêre oorlog met so min as vyftig man te ontketen. Dit is duidelik dat hy hier ook sterk leun op sy ervarings in Kuba, waar toestande vir 'n rewolusie in elk geval baie gunstig was. Die feit dat 'n rewolusie te gou ryp gedruk kan word, is 'n dure les wat Guevara later geleer het toe hy rewolusie volgens die Kubaanse model wou oorplant op die vasteland van Latyns-Amerika waartydens hy ook in Bolivië sy lewe verloor het.

Wat hierdie fokuspunt betref, het hy ver afgewyk van die idees van die ortodokse Marxisme-Leninisme, en selfs van die Maoïsme. Dit is ook 'n erkende feit dat Guevara in 'n gedurige stryd met die Kommuniste gewikkel was oral waar hy met rewolusionêre bewegings besig was.

Die kragtige invloed van hierdie fokuspunt kan egter moeilik onderskat word. Dit het so reg in die kraam gepas van linkse groepe, en dit het veral 'n groot invloed gehad op linkse studentegroepe wat in opstand gekom het teen die "establishment". Sy dood het verdere krag verleen aan rewolusionêre aksie in die s.g. "New Left." Daar is 'n legende rondom die persoon van Guevara opgebou wat sigbaar tot uiting gekom het in die dra van groot plakkate met die gesig van Guevara daarop tydens studentebetogings dwarsdeur die wêreld. Brian Crozier som die situasie soos volg op: "Physically attractive with an agreeable personality, his concern for suffering humanity symbolized by a medical degree, successful in Cuba's guerrilla war, Guevara had an asset denied to Mao: the aura of martyrdom in his last action in Bolivia----."(9)

---

9. Crozier, B. Future of Communist power. London, Eyre & Spottiswoode, 1970. p. 153.

Die gestorwe Ché het dus veel meer invloed gehad op rewolusionêre bewegings dwarsdeur die wêreld as die lewendige Ché, afgesien daarvan of rewolusionêre bewegings Kommunisties geïnspireerd was of nie.

## 2. 4. Rewolusionêre beweging vanuit die platteland.

Ten opsigte van die derde fokuspunt beweer hy dat die platteland die basis moet vorm vir gewapende opstand in die onderontwikkelde lande van Latys-Amerika. In hierdie opsig wyk hy ook af van die standpunt van die Kremlin, en hy gaan selfs verder as Mao Tse-tung deur die rol van die stedelike proletariaat heeltemal te negeer. Stedelike guerrilla-oorlogvoering moet in hierdie verband nie verwar word met die aandeel van die stedelike proletariaat in die stryd nie. Soos reeds aangedui is 'n rewolusionêre oorlog soos deur Guevara voorgestaan basies 'n agrariese rewolusie, en wat die stedelike guerrilla betref, bepaal hy dat die stedelike guerrilla steeds onder die bevel van aanvoerders op die platteland sal handel. Later het hy egter sy sienswyse ietwat verander en die leiding van die werkersklas en studente-intellektueles in 'n rewolusionêre beweging aanvaar vanweë die gebrek aan kulturele agtergrond by die kleinboerebevolking.

Met betrekking tot hierdie besondere fokuspunt is dit noodsaaklik om te let op die verband tussen politiek en militêre aksie by Guevara. Hy beweer dat die Kommunistiese party nie die hoofdryfveer vir 'n rewolusionêre oorlog kan wees nie. Politieke leiding in rewolusionêre oorlogvoering berus in die hande van guerrillamagte en dit word beheer vanuit hulle basisgebiede. Soos die geval in Kuba was, moet guerrillas die kern van 'n party saamstel wat rigting gee aan die rewolusionêre stryd in die tydperk vóór die oorname van staatsbeheer sowel as daarna. Die voorrang van ideologie of party word dus verwerp, en die klem val op militêre aksie, wat die politieke aksie dan in hom insluit. In die verloop van

die militêre aksie word die party dan gebore. (10) Ons vind dus hier 'n negering van die idee van Mao, nl. dat dit die party is wat die geweer beheer. Waar die ideologiese bearbeiding van die massa by Mao die sine qua non vorm vir die mobilisering van die binnefront binne die raamwerk van rewolusionêre oorlogvoering, lê Guevara die hoofklem op gewapende guerrilla-eenhede, wat ook die uitsluitlike middel is vir politieke indoktrinasie en die mobilisering van die massa.

Guevara se beskouing van guerrilla-basisgebiede vloei logies uit die voorgaande voort en verteenwoordig 'n verdere afwyking van die leer van Mao. Mao en Giap heg groot waarde aan permanente basisgebiede, maar soos reeds behandel, heg hulle ewe groot waarde aan politieke basisse wat o.a. guerrillas kan absorbeer wanneer die omstandighede dit vereis. Mao het ook 'n ongeloof like bedrewenheid ontwikkel om die karakter van sy magte

---

10. Dit was Regis Debray, medewerker van Guevara in Latyns Amerika, wat later verder hierop voortgebou het. Vir hom is die guerrilla onteenseglik die kern van die volksleër, en nie die party nie. Hy beweer: " The vanguard party can exist in the form of the guerrilla foco itself. The guerrilla force is the party in embryo.----The people's army will be the nucleus of the party, not vice versa. The guerrilla force is the political vanguard in nuce and from its development a real party can arise. " Guerrilla-oorlogvoering word dus verhef tot die kernbron van insurreksie, as "the number one political activity -----of insurrectional activity."

(Debray, R. Revolution in the Revolution? London, Monthly Review Press, 1967. p. 106-116.)

te verander van guerrilla-eenhede na gereelde eenhede, en weer terug na guerrilla-eenhede tot selfs na gewone burgerlikes, al na gelang van omstandighede. Vir Guevara is burgerlike basisse alleen van waarde vir logistiese steun en verkryging van inligting, en nie vir die absorbering van guerrillas nie. Hy bepaal dan ook dat guerrillas na elke geveg moet terugkeer na hulle permanente basisse vir hergroepering, opleiding en rus.

'n Verdere interessante verskynsel by Guevara is die skepping van 'n guerrilla-oorlogsnywerheid. Mao lê wel klem daarop, maar hy het in sy eie stryd in China nooit eintlik tot die vestiging daarvan oorgegaan nie, wat te wyte was aan die wisselende aard van sy basisse gedurende die eerste twee fases van die stryd. Giap daarenteen het dit nooit eintlik nodig gehad nie omdat hy voorsien is vanuit basisse in aangrensende China. In die Sierra Maestro is oorgegaan tot die vestiging van 'n oorlogsnywerheid waar oorgegaan is tot die vervaardiging van klein handvuurwapens. Selfs skoene en sigare is daar vervaardig. In hierdie verband moet egter beklemtoon word dat hierdie oorlogsnywerheid slegs aanvullend van aard was, en dat die hoofbron vir die voorsiening van wapens en ammunisie die vyandelike magte gebly het.

Getrou aan die gewoonte van sy voorgangers bring hy die rewolusionêre stryd in Kuba ook in wêreldverband. So beweer hy:

> *" The pillars of colonialism are crumbling in the face of national and popular struggles in Asia and Africa. The people are united not by religion, race, custom, or hunger, but by common economic and social goals and by a common desire to improve their lot. Asia and Africa are joining in Bandung. Now Cuba is uniting Asia and Africa with colonial America."(11)*

---

11. Guevara, Ché. Guerrilla warfare, New York, Monthly Review Press, 1961. p. 75.

* * *

Alhoewel Guevara deur baie beskou word as slegs 'n professionele oproermaker, het hy tog 'n groot bydrae gelewer tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering. Sy grootste bydrae lê op taktiese vlak, waarin hy grootliks beïnvloed is deur persoonlike ervarings gedurende die stryd in Kuba. Op strategiese gebied het hy egter weinig bygedra.

Hy gaan breedvoerig in op die versameling van rewolusionêre leiers en guerrillavegters rondom die persoon van 'n gerespekteerde leier wat veg vir die heil van sy mense. Deeglike beplanning vorm die grondslag vir sukses, waarby die klem val op die vestiging van 'n effektiewe ,landswye inligtingsnetwerk , die vestiging van basisgebiede in ontoeganklike gebiede met die klem op absolute geheimhouding totdat openlike opstand uitbreek. As voorhoede van die massa moet guerrillas die steun van die massa mobiliseer vir die saak van die insurgente. Waar die party in die geval van Mao en Giap die voorhoede van politieke en militêre aksie in die mobilisering van die massa en die stelselmatige uitwissing van vyandelike magte is, vorm guerrilla-eenhede die voorhoede van die volk by Guevara. Guerrilla-eenhede vorm dus die kern vanwaar die rewolusie beheer moet word en hulle vorm terselfdertyd die kern vir die eventuele ontwikkeling van 'n politieke party.

Sy sukses in Kuba kan toegeskryf word aan kleiner taktiese operasies in uiters gunstige omstandighede. Soos hy self verklaar, was daar min operasies waarby hy betrokke was, waarby daar meer as twee of drie dosyn guerrillas betrokke was. In 'n poging om die egtheid van sy teorieë te bewys, het hy sy lewe in Bolivië verloor, en daar het hy eintlik eers beroemdheid verwerf. As martelaar en professionele rewolusionêr sou hy groot invloed uitoefen op linkse groepe dwarsdeur die wêreld.

--------oooo0000ooooo--------

# HOOFSTUK 9.

## SAMEVATTING EN KONKLUSIE.

In die voorgaande hoofstukke het die soeklig op verskillende aspekte van oorlogvoering geval. In die loop van die besprekings is ook gehandel met verskeie krygsvorme, asook met die strategiese en taktiese beginsels wat onderliggend daaraan is. Uit die besprekings blyk duidelik dat wat rewolusionêre oorlogoveering betref, ons nie bloot net te make het met 'n rewolusie of 'n vorm van 'n ongeorganiseerde opstandsbeweging nie, maar dat dit hier gaan om 'n bepaalde georganiseerde vorm van oorlogvoering. Dit het ook verder duidelik geword dat daar vir hierdie besondere vorm van oorlogvoering, soos dit by enige krygsvorm die geval is, bepaalde strategiese en taktiese beginsels bestaan wat eie daaraan is en wat daartoe moet bydra dat die stryd suksesvol gevoer word. Laat ons dit weer vlugtig 'n oënskou neem:

Die opvallende kenmerk van die strategiese en taktiese beginsels wat onderliggend is aan rewolusionêre oorlogvoering, is dat dit direk verband hou met die organisering van die binnefront, want sonder die aktiewe en georganiseerde steun van die massa is rewolusionêre oorlogvoering tot mislukking gedoem.

Clausewitz gebruik hierdie begrip binne die verband van nasionale verdediging, waar die vaderland verdedig moet word teen vreemde invallers. Hierdie idee vind ons reeds by Bülow, alhoewel nog baie vaag. Hierdie binnefront moet gevorm word uit die burgerlike bevolking in die samestelling van 'n volksleër waarin guerrilla-eenhede 'n belangrike rol moet vervul op taktiese vlak in die proses van uitputting en afmatting van vyandelike magte. Die binnefront kom egter alleen tot stand in 'n werklike bestaande oorlogsituasie waar dit bepaald gaan om nasionale verdediging. Die skepping daarvan in 'n interne rewolusie het Clausewitz verwerp. Die binnefront bestaan by hom egter nog op 'n baie losse voet, en daar bestaan nog geen bepaalde

uitgewerkte plan om die volksleër op georganiseerde wyse in te skakel in breë strategiese verband nie. Die dryfveer vir die aktivering en die motivering van die volksleër is patriotisme waarop Clausewitz sowel as Bülow groot klem gelê het.

Marx en Engels het ook groot waarde geheg aan die organisering van die binnefront, maar dan in 'n geheel ander verband. Die binnefront het by hulle 'n permanente vorm aangeneem, en dit is as die aangewese middel beskou waarmee veranderinge in die heersende politieke, ekonomiese en sosiale toestande teweeg gebring moes word. Die doelwit was dus die doelbewuste bevordering van rewolusie. Die binnefront is sodoende beman met die proletariaat wat beskou is as 'n soort permanente leër. Van 'n uitgewerkte strategie om 'n rewolusionêre oorlog te voer, is daar egter nog geen sprake nie. Guerrilla-oorlogvoering geniet ook wel die aandag, maar guerrilla-eenhede is niks meer as net ongeorganiseerde bendes nie. Daar is nog geen sprake van oorlogvoering in die ware betekenis van die woord nie; daarvoor het hulle denke nog te vas gewortel in die idee van rewolusie in die betekenis van 'n eksplosiewe omwenteling. Hulle groot bydrae lê in die poging om rewolusie aan oorlogvoering te koppel, waardeur hulle 'n baie groot invloed uitgeoefen het op die verdere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

Lenin het die organisering van die proletariaat 'n stap verder gevoer deur die skepping van die Kommunistiese Party waardeur hy doelbewuste pogings aangewend het om die binnefront binne strategiese verband te organiseer. Daarmee het hy een van die hoekpilare van rewolusionêre oorlogvoering geskep. Van rewolusionêre oorlogvoering as sodanig is daar egter nog geen sprake nie. Daarvan getuig die Russiese Rewolusie wat in werklikheid niks meer was as 'n rewolusionêre staatsgreep nie. Na die voltrekking van die rewolusie was die Kommunistiese Party die instrument waarmee die hele volk deur middel van terreur en geweld aan die gesag van die party onderwerp is. Dit kan egter nie as 'n vorm van oorlogvoering beskou word nie. In teorie lê Lenin klem op guerrilla-oorlogvoering in die rewolusionêre stryd, maar ook by hom is guerrillas niks meer as ongeorganiseerde bendes nie. Sy groot bydrae tot die leer van rewolusionêre oorlogovering lê m.i. in

die skepping van die party wat later in die leer van Mao en Giap 'n baie groot rol gespeel het deur die doelbewuste koppeling daarvan aan strategie. Hy het dus belangrike riglyne neergelê waarop later met vrug verder gebou is.

Dit sou eers T.E. Lawrence wees wat guerrilla-oorlogvoering direk gekoppel het aan politieke aspirasies en waarin guerrillas 'n militêre funksie sowel as 'n politieke funksie vervul het. Ons vind egter by hom nog nie die drie strategiese fases wat rewolusionêre oorlogvoering kenmerk nie omdat die strategie wat hy reg van die begin af gevolg het, 'n offensiewe karakter gedra het. Die hooftaak van guerrillas was om die krygsmateriaal en die verbindingslinies van die vyand te vernietig, en nie om die vyandelike magte uit te wis nie. Daardeur het hulle die Britte in hulle oorlogspoging teen die Turke gehelp. Deur die koppeling van guerrilla-oorlogvoering aan die politieke en nasionale aspirasies van die Arabiere het hy aan die ander kant op indirekte wyse die strewe na onafhanklikheid bevorder. Die binnefront het ook nog 'n los vorm aangeneem en het bestaan uit die lede van Arabiese stamme wat oor 'n wyduitgestrekte gebied versprei was. Deur die klem wat hy op die politieke aspek van die stryd gelê het en deur dit direk te koppel aan oorlogvoering het hy 'n baie groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering. 'n Nuwe , rewolusionêre guerrilla het in die proses sy verskyning gemaak, wie se rol binne die raamwerk van rewolusionêre oorlogvoering deur Mao Tse-tung verder uitgebou en vervolmaak is.

Die rol van die rewolusionêre guerrilla in Mao se militêre filosofie kan in die volgende drie punte saamgevat word:

In die eerste plek is dit die taak van guerrilla-eenhede om die magte van die vyand te verdeel en te versprei deur middel van aanvalle wat oor 'n wye gebied uitgevoer word. Hierdie strategiese funksie vind gelyktydig plaas met 'n besondere funksie op taktiese vlak waarin guerrilla-eenhede verspreide en geïsoleerde vyandelike eenhede omsingel en uitwis. By die uitvoering van hierdie taak steun hulle op die

basiese beginsel van magskonsentrasie, maar dan op taktiese vlak.

Die logiese gevolg van die verspreiding van guerrillamagte is dat hulle noodwendig in noue kontak gebring word met die massa. In die uitvoering van hulle militêre taak tree hulle in die tweede plek dus ook op as politieke agitators waardeur hulle die massa indoktrineer en mobiliseer vir die saak van die rewolusie. Die voordeel wat uit hierdie aksie spruit, is dat dit vir hulle die daadwerklike steun van die massa verseker in die vorm van beskerming, voorrade, inligting en rekrute. In hierdie proses is dit die party wat deurgaans alle militêre en politieke aksies lei en beheer.

Wat hulle derde funksie betref, tree guerrilla-eenhede as hulp vir gereelde troepe op. Dit gebeur veral in die laaste fase van die stryd wanneer 'n deel van die guerrilla-eenhede omskep word in mobiele, konvensionele eenhede. In hierdie fase word die stryd tot sy hoogtepunt gevoer in die volkome eenheid tussen die politieke aksie en die militêre aksie, en waar die binnefront inderdaad die vorm aanneem van 'n volksleër.

Met betrekking tot die organisering van die binnefront het Mao hom beroep op die kleinboer, wat 'n afwyking is van een van die belangrikste grondslae van Marxisme-Leninisme, maar in die proses het hy terselfdertyd getrou gebly aan die beginsel dat die Kommunistiese Party die voorhoede moet vorm in die hele stryd. Hy het dus getrou gebly aan hierdie beginsel soos deur Lenin neergelê, maar wat die organisering van die binnefront betref, het hy dit as praktiese Marxis aangepas by die besondere omstandighede in China.

In die organisering van die binnefront het Mao Tse-tung dus die idees van Marx ( sy idee van stryd en rewolusie), die idee van Lenin (die rol van die Kommunistiese Party in die stryd) en die idee van Lawrence (die versmelting van guerrilla-oorlogvoering met politieke aspirasies) gekoppel aan die militêr-strategiese beginsels van Clausewitz wat hy bepaald neergelê het vir nasionale verdediging, en die strategiese beginsels wat onderliggend is aan

mobiele oorlogvoering soos dit ontwikkel het na die Franse Rewolusie, Daarmee het Mao aan 'n nuwe vorm van oorlogvoering beslag gegee. Hy het m.a.w. 'n effektiewe en geïntegreerde wapen geskep vir die omverwerping van bestaande regerings en 'n bestaande sosiale orde.

Geen rewolusionêre oorlog kan met welslae gevoer word sonder die aktiewe steun van die massa en die vestiging van strategiese basisgebiede nie. Dit is dan ook eers in die werke van Mao dat die idee van strategiese basisgebiede tot volle ontplooiing gekom het. Belangrik is sy verdeling van geografiese en politieke basisse. Die kombinasie van hierdie twee begrippe herinner sterk aan die samestelling van 'n legkaart. Aan die begin skep dit die indruk van 'n veelheid van los, onsamehangende brokkies, maar binne die begrippe van ruimte en tyd word die proses gevoer tot 'n samehangende, afgeronde geheel.

Uit 'n suiwer militêre oogpunt gesien, kan met reg beweer word dat Mao, wat sy strategiese en taktiese beginsels betref, niks nuuts geskep het nie. Sy genialiteit as strateeg lê egter nie so seer op hierdie vlak nie, maar dit kom tot uiting in die meesterlike wyse waarop hy hierdie beginsels gekoppel het aan politieke en ideologiese aspirasies, en in die proses het hy beslag gegee aan 'n algehele nuwe vorm van oorlogvoering.

By die bestudering van Mao se militêre filosofie word die fout dikwels gemaak om die suiwer militêre aksie te skei van die politieke aksie, afhangende van die agtergrond waarteen die studie onderneem word. Die militêre strateeg is geneig om die aandag alleen toe te spits op die militêre aspek daarvan, terwyl die student in die politiek die klem uitsluitlik op die ideologiese en die politieke aspekte darvan laat val. Om enigsins reg te laat geskied aan die militêr-politieke filosofie van Mao Tse-tung, asook om die invloed van rewolusionêre oorlogvoering op die terrein van die internasionale politiek suiwer te kan beoordeel, moet die militêr-politieke filosofie van Mao as 'n samehangende geheel bestudeer word. Dit is 'n gebiedende noodsaaklikheid wanneer besin word oor 'n doeltreffende teenstrategie teen rewolusionêre oorlogvoering.

In aansluiting by die voorgaande samevatting van die ontwikkeling van die binnefront is daar veral drie grondbegrippe wat die militêr-politieke filosofie van Mao kenmerk, nl. die strategiese begrip van die uiteindelike beheer oor gebied; die afgebroke patroon van militêr-politieke operasies binne ruimte en tyd; en die operasionele metodes van losmaking, omsingeling en uitwissing.

Wat die eerste kenmerk betref, is die uiteindelike doelwit die absolute beheer oor die hele gebied waarin die stryd gevoer word. Die woord "gebied" word hier gebruik in sy geografiese betekenis sowel as in sy politieke betekenis, waarvan l.g. betrekking het op die steun van die massa. Die stryd word ingelui met die vestiging van politieke basisse, d.i. in die gees van die mense. Uit die sukses wat met hierdie aksie behaal word, vloei die vestiging van die sigbare geografiese basisse voort. Die skepping van en die onderlinge afhanklikheid van bogenoemde basisse is van deurslaggewende betekenis vir die uiteindelike beheer oor gebied. Dit is hierdie basisse wat die nodige beskerming verleen aan insurgente en wat hulle terselfdertyd in staat stel om die stryd teen regeringsmagte voort te sit. Die oogmerk is dus nie die doelbewuste besetting van gebied in die betekenis wat in die Westerse strategiese denke daaraan geheg word nie, maar dit dui op die skepping van 'n veelheid van basisse wat vergelyk kan word met die stukkies van 'n legkaart wat aan mekaar gevoeg moet word. Dit skep die indruk dat daar geen onderlinge verband bestaan tussen die basisse nie, maar tog verteenwoordig hierdie basisse die beginpunte, ons kan dit selfs invloedsfere noem, vanwaar korttermyn-omsingelingsbewegings van stapel gestuur word wat moet lei tot die finale, groot omsingelingsbeweging.

Hierdie beginsel het 'n groot invloed uitgeoefen op die Chinese buitelandse beleid, veral wat hulle beskouing oor die komende wêreldrewolusie en die bevordering daarvan betref. Rewolusionêre oorlogvoering in die kleine soos dit toegepas is in China, word projekteer

in die internasionale politiek waar ook basisgebiede of invloedsfere geskep moet word ter bevordering van rewolusie op internasionale vlak.

Dit bring ons by die tweede kenmerk van Mao se militêr-politieke filosofie, nl. die afgebroke patroon wat militêr-politieke operasies aanneem in die stryd. Waar die beginsel van magskonsentrasie op strategiesbelangrike punte die algemeen geldende beginsel in oorlogvoering is, poog die Chinese om strategiese voordeel te trek uit die verspreiding van mag binne die begrippe van ruimte en tyd. Daarmee word die beginsel van magskonsentrasie nie oorboord gegooi nie, maar dit word slegs toegepas op taktiese vlak. Hierdie verspreidheid van magte skep volgens Westerse maatstawwe die indruk van swakheid, maar omdat tyd binne die ruimtelike begrip van gebiedsverowering geen rol speel nie, word hierdie verspreide aksie in 'n langdurige stryd waarin politieke aksie innig vervleg word met die militêre aksie, gekoördineer tot 'n strategiese eenheid waarvan die geheelbeeld eers aan die einde van die stryd sigbaar word. Ook wat hierdie beginsel betref, is die invloed van Sun Tzu op die denke van Mao baie duidelik. Hy het dit op treffende wyse soos volg gestel: "All men can see the tactics whereby I conquer, but what none can see is the strategy out of which victory is evolved."(1)

Hierdie operasionele metodes vorm ook deel van die Chinese se optrede op die internasionale, politieke terrein. Die skepping van invloedsfere oor die hele wêreld vorm deel van die uitgerekte konflik binne die raamwerk van wêreldrewolusie. Die tydsfaktor speel ook hier geen rol nie. Al lyk die vooruitsigte op 'n aggressiewe bevordering van rewolusionêre oorlogvoering binne die betrokke gebiede, wat die huidige betref, nie rooskleurig nie, glo hulle dat toestande binne hierdie invloedsfere sodanig mag ontwikkel dat die inisiëring van rewolusionêre oorlogvoering daardeur

---

1. Aangehaal uit: Phillips, T.R. Roots of strategy. The military T service Publishing Company, Harrisburg, Pennsylvania, 1955. p.18.

bevorder sal word. Op hierdie wyse word gepoog om groot gebiede, en dit raak veral die onderontwikkelde lande van die Derde Wêreld, te omskep in strategiese basisgebiede vanwaar die s.g. "stede" in die laaste fase van die wêreldrewolusie suksesvol omsingel kan word.

Die laaste kenmerk van die Maoïstiese strategie wat ook noue verband hou met bogenoemde, is die operasionele metodes van losmaking, omsingeling en uitwissing. Hierdie beginsel het nie slegs betrekking op die militêre aksie nie, maar dit word gekoördineer met die politieke aksie. Wat lg. betref, speel die motief vir die doelbewuste aktivering en mobilisering van die binnefront in die eerste fase van die stryd veral 'n belangrike rol. Aangaande die metodes wat aangewend word, is daar veral twee aspekte daarvan wat kenmerkend is van die Maoïstiese strategie, nl. insypeling en subversie van binne, en die indirektheid van die operasionele metodes.

Omsingeling van binne is 'n kenmerkende eienskap van Maoïstiese operasionele metodes, waarin subversie van binne gekoördineer word met die eksterne omsingelingsbeweging. T.o.v. die indirektheid van operasionele metodes word omsingelingsbewegings nie geloods van enkele bepaalde basisse af nie, maar dit neem die vorm aan van 'n subtiele aaneenskakeling van 'n veelheid van basisse en die gekoördineerde aksie van troepemagte wat oor 'n wye gebied uitgesprei is en wat die vorm aanneem van konvergerende aanvalle vanuit verskeie rigtings.

By die beoordeling van die invloed van Mao se strategiese beginsels op die Chinese se buitelandse beleid is dit van die grootste belang dat die betekenis van hierdie operasionele metodes steeds voor oë gehou sal word. Wanneer dit dus lyk asof die Chinese kolos toegeefliker geword het en rewolusionêre oorlogvoering as magsaanwendingsmiddel op die agtergrond geskuif is, moet dit m.i. beskou word as deel van die afgebroke en indirekte patroon van aksie binne die raamwerk van hulle uiteindelike strategiese oogmerke van wêreldoorheersing. Dit verteenwoordig dus

ook 'n fase van afwagting binne ruimte en tyd waarin toestande mettertyd sodanig kan ontwikkel dat tot die offensief oorgegaan kan word, en waarin rewolusionêre oorlogvoering by uitstek vir die Chinese die aangewese magsaanwendingsmiddel is.

In die lig van die voorgaande kan dus met reg beweer word dat Mao Tse-tung as teoretikus en as praktiese uitvoerder van sy strategiese en taktiese beginsels die grondslag gelê het van 'n nuwe vorm van oorlogvoering. Sy idees het later as grondslag gedien in die rewolusionêre oorloë wat o.a. in Viëtnam en Kuba gevoer is. Saam met Mao kan die aanvoerders van die insurreksies in genoemde lande, nl. Giap en Guevara onderskeidelik, beskou word as outoriteite op die gebied van rewolusionêre oorlogvoering.

By Giap vind ons 'n slaafse navolging van die idees van Mao. Sy grootste bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering lê daarin opgesluit dat hy die stryd in Viëtnam projekteer het in die heersende toestande op die terrein van die internasionale politiek. Waar hierdie idee in die geskrifte van Mao slegs geringe aandag geniet, en eers na die vestiging van die Chinese Volksrepubliek in belangrikheid toegeneem het, kom dit in die geskrifte van Giap sterk tot uiting.

In die organisering van die binnefront, vind ons by Guevara spore wat 'n duidelike afwyking toon van die beginsels van sy leermeesters. Waar die Kommunistiese Party by Mao en Giap die kern vorm vir die mobilisering van die binnefront, beskou hy guerrilla-eenhede as die voorhoede van die volk en die kern waaruit die party eventueel moet ontwikkel. Dat hy daarmee 'n gevaarlike wapen geskep het in die hande van linkse, rewolusionêre groepe, lê voor die hand. 'n Besondere bydrae tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering, en wat die gevare wat skuil in sy idees verder onderstreep, is die klem wat hy lê op stedelike guerrilla-oorlogvoering. Dit kan in die toekoms 'n groot rol speel in die verdere ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering.

Die gevare verbonde aan hierdie vorm van oorlogvoering is inderdaad groot vanweë die kenmerkende subtiliteit en indirektheid daarvan soos duidelik spreek uit die werke van Mao, Giap en Guevara. Dit kan vergelyk word met 'n kanker wat die liggaam stelselmatig aftakel en afmat totdat die dood intree.

* * *

As bepaalde vorm van oorlogvoering het ons hier ook te make met 'n tweestryd tussen twee opponerende magte binne die grense van 'n bepaalde land. Verder is dit 'n vorm van oorlogvoering waarin politieke faktore noodwendig 'n baie belangriker rol moet speel as in die klassieke interstaatlike konvensionele oorloë. Omdat insurgente aan die begin van die stryd fisies die swakste daaraan toe is, moet die middele en metodes gevind word om hulle kragte in die loop van die stryd sodanig op te bou dat hulle uiteindelik die oorwinning in die stryd kan behaal. Vir hierdie doel word politiek gekoppel aan militêr-strategiese beginsels wat ten nouste saamhang met die mobilisering van die binnefront.

Die opvallende kenmerk van rewolusionêre oorlogvoering is dus die organisasie daarvan. In die eerste plek onderskei ons die ondergrondse, politieke organisasie waarvan die taak is om 'n breë basis binne die massa te vorm vir die verdere ontwikkeling van die rewolusionêre beweging. In die eerste fase geskied dit deur die vorming van 'n landswye netwerk van selle. Die metodes wat aangewend word, is hoofsaaklik dié van propaganda, oorreding, insypeling en subversie. Dade van sabotasie en terrorisme mag ook reeds voorkom. Die hoofdoel is egter om 'n ondersteuningsbasis te vorm vir die verdere verloop van die rewolusionêre stryd.

Die hele organisasie en patroon van aksie kan vergelyk word met 'n piramide onder die oppervlakte, onsigbaar vir die oog. Namate die basis van die piramide verbreed word, gebeur dit van tyd tot tyd dat die punt van die piramide bo die oppervlakte sigbaar word

in die vorm van sabotasie , terrorisme, ens. Indien die regeringsmagte nie daarin kan slaag om 'n insurgensie in hierdie fase suksesvol te onderdruk nie, kan die rewolusionêre beweging moeilik gestuit word in die volgende fases. Die fout word so dikwels gemaak dat fisieke aanvalle gemik word teen die sigbare punte van die piramide wat bo die oppervlakte uitsteek, maar wat weinig of geen invloed het op die onsigbare, ondergrondse basis nie. Insurgente is ook slim genoeg om nie die dade van openlike geweld tot op so 'n punt te dryf dat dit 'n grootskaalse reaksie van regeringskant regverdig nie. Beperkende maatreëls wat moontlik deur die regering geneem mag word, word gewoonlik deur die insurgente uitgebuit as verdere middels waarmee die massa geïndoktrineer word. Enige regering is ook gewoonlik oorversigtig om aan die begin tot grootskaalse reaksie oor te gaan omdat dit maklik aanleiding kan gee tot vrees en paniek onder die burgerlike bevolking en verder ook daartoe kan lei dat die burgerlike bevolking sy vertroue in die regering kan verloor. Uit die voorgaande spreek dit duidelik dat die suksesvolle verloop van die eerste fase vir insurgente van deurslaggewende betekenis is. Dit was dan ook die geval in die rewolusionêre oorloë in China, Viëtnam en Kuba.

Wanneer hierdie fase van organisasie en mobilisering suksesvol deurloop is en 'n steweige kern as basis vir die rewolusionêre beweging gevestig is, word oorgegaan tot die volgende fase waarin militêre aksie gekoppel word aan die politieke aksie. In die proses word ook begin met die vestiging van strategiese basisgebiede. Dit is gewoonlik in hierdie fase dat regeringsmagte op groot skaal in die oorlog betrokke raak. Dit neem gewoonlik die vorm aan van 'n wilde heksejag. In die proses word hoofsaaklik gesteun op konvensionele troepe met die klem op militêre aksie waardeur hulle direk in die hande van die insurgente speel. Aan die ander kant is dit die guerrilla wat die inisiatief aan sy kant het, want dit is hy wat die oorlog begin, dit is hy wat besluit wanneer en waar hy gaan aanval, en dit is die regeringsmagte wat moet wag en in die proses oral in die hele land op hulle hoede moet wees.

Namate die stryd vorder, word 'n steeds groter deel van die piramide bo die oppervlakte sigbaar. In die proses word die breë basis steeds vergroot deur die kombinasie van militêre en politieke aksie wat ook in sy konkrete vorm sigbaar word in die uitbreiding en aaneenskakeling van strategiese basisgebied. In die laaste fase van die stryd vind ons dan die volkome integrering van die militêre en politieke aksies met die binnefront soos dit kulmineer in 'n volskaalse, totale oorlog.

* * *

As ons die rewolusionêre oorloë wat deur Mao, Giap en Guevara gevoer is, in oënskou neem, moet ons erken dat hulle in uiters gunstige omstandighede plaasgevind het. In die geval van Mao het die korrupte stelsel van Chiang Kai-shek, die onderdrukkende feodale stelsel en die gedurige stryd tussen militêre heersers, die ongeletterdheid van die kleinboer en die invloed van die Tweede Wêreldoorlog veel tot sy sukses bygedra . In Viëtnam het dieselfde faktore bygedra tot die sukses wat Giap behaal het. In Kuba was dit die uiters korrupte regering van Batista wat direk in die hande van die rewolusionêres gespeel het.

Desnieteenstaande kan die gevaar van rewolusionêre oorlogvoering nie gering geskat word nie. Waar dit in die verlede so vele male die geval was , het dit uitgeloop op die oorwinning van die insurgente, en waar daar wel daarin geslaag is om die rewolusionêre strewe van insurgente die nek in te slaan, het dit gepaard gegaan met ontsaglike groot verliese.

Die geskiedenis van die afgelope dekades het genoegsaam bewys dat hierdie vorm van oorlogvoering in onderontwikkelde state 'n wesenlike gevaar inhou. Beskaafde en ontwikkelde volke kan egter nie sondermeer van die gevare wat in rewolusionêre oorlogvoering skuil, uitgesluit word nie. In die moderne Westerse gemeenskappe vind ons die onrusbarende verskynsel dat welvarendheid 'n groot mate van individualisme onder die mense bevorder het waardeur die wrywingsvlakke

tussen mens en mens grootliks toegeneem het. Dit het noodwendig aanleiding gegee tot die oorbeklemtoning van die regte en vryhede van die individu wat uiteindelik gelei het tot die permissiewe gemeenskap soos hy vandag bestaan - 'n gemeenskap wat 'n rewolusionêre gees adem.

Soos in hoofstuk 2 aangetoon is, word rewolusionêre oorlogvoering 'n sterk moontlikheid daar waar 'n rewolusionêre situasie bestaan, en in hierdie verband is dit veral linkse, aggressiewe studentegroepe wat hierdie situasie help bevorder. In hoofstuk I is ook daarop gedui dat die ontevredenes, die gefrustreerdes en die veronregtes deeglik onder die indruk gekom het van rewolusionêre oorlogvoering as geskikte wapen waarmee hulle hul posisie kan verbeter. Dit alles bring mee dat daar deeglik sal moet kennis geneem word van hierdie vorm van oorlogvoering.

In Suid-Afrika, waar die kiem vir die ontwikkeling van rewolusionêre oorlogvoering in die bevolkingstruktuur ingebou is, is dit veral nodig dat realisme gekoppel sal word aan idealisme. Rewolusionêre oorlogvoering met al sy verskrikking kan in Suid-Afrika 'n werklikheid word; trouens, dit is die aangewese wapen in die hande van ons vyande.

Die aktiewe steun van die massa vorm die absolute vereiste om 'n rewolusionêre oorlog te voer, en alhoewel daar in hierdie verhandeling nie ingegaan word op die bespreking van 'n doeltreffende teenstrategie teen rewolusionêre oorlogvoering nie, kan hier slegs aangestip word dat die massa die vertrekpunt moet wees in die beplanning van 'n doeltreffende teenstrategie. Die massa moet m.a.w. geïsoleer word van die invloed van die guerrilla of insurgent, en soos die vis wat uit die water gehaal word, moet hy sterf. In hierdie lig gesien is dit dus logies om te beweer dat die klem in die beplanning van 'n doeltreffende teenstrategie op die voorkoming van 'n rewolusionêre teelaarde moet val. Wanneer die krisis eers losbars, is dit reeds te laat, en in die verlede was dit altyd 'n geval van te min gedoen en te laat!

<u>"Si vis pacem, para bellum"</u> - dit is woorde wat eeue gelede reeds deur Vegetius gebesig is, en dit het in mindere of meerdere mate deur die eeue as rigsnoer gedien vir die voorkoming van oorloë. As jy vrede verlang, maak gereed vir oorlog! In die moderne eeu waarin ons leef en waarin kernuitwissing soos 'n swaard bo die kop van die ganse mensdom hang, het hierdie woorde nie hulle betekenis verloor nie. Op kernvlak is dit die wapenwedloop wat verhoed het dat die klein brande in woeste inferno's ontwikkel het. Op die vlak van die Koue Oorlog het kernuitwissing weinig of geen afskrikkingseffek nie en guerrillastrategie is die aangewese middel tot magsuitbreiding. Binne hierdie guerrillastrategie is rewolusionêre oorlogvoering by uitstek die aangewese magsaanwendingsmiddel. In die woorde van Basil Liddell Hart moet die leuse van Vegetius op hierdie vlak verander word na: "If you want peace, understand war."[2] In die "verstaan" van veral rewolusionêre oorlogvoering lê ook die waarskuwing opgesluit: moet jou nie laat verras nie; en wat die voorkoming van rewolusionêre oorlogvoering betref, lê die antwoord nie in die materiële en die fisieke nie, maar op die vlak van morele en geestelike paraatheid. Selfs dít kan alleen waarde hê as daar kennis van en insig in die wapens en strategie van die vyand bestaan.

It is only one who is thoroughly acquainted with the evils of war that can thoroughly understand the profitable way of carrying it on.

Water shapes its course according to the ground over which it flows; the soldier works out his victory in relation to the foe whom he is facing.

Sun Tzu.

------ooo000oooo-------

2. Liddell Hart, B.H. Strategy: the indirect approach. London, Faber and Faber, 1967. p. 373.

# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE

Alastos, D. Cyprus guerrilla: Grivas, Makarios and the British. London, Heinemann, 1960.

Barker, D. Grivas: Portrait of a terrorist. London, Cresset Press, 1959.

Bayo, A. 150 questions for a guerrilla by the man who trained Castro. Denver, Cypress, 1963.

Belden, J. China shakes the world. New York, Monthly Review Press, 1970.

Bell, J.B. The myth of the guerrilla, Revolutionary theory and malpractice. New York, Alfred A. Knopf, 1971.

Boorman, S.A. The protracted game. New York, Oxford University Press 1969.

Bright, J. A History of Israel. London, S.C.M. Press Ltd., 1960.

Byford-Jones, W. Grivas and the story of EOKA. London, Robert Hale Ltd., 1959.

Clausewitz, K. On war, Vol. 1 & 111. Kegan Paul, Trench , Trubner, 1918.

Clausewitz, K. On war, Vol. 1 . London, Routledge and Kegan Paul, 1968.

Clausewitz, K. On war, Vol. 11. Kegan Paul, Trench, Trubner, 1911.

Cross, J.E. Conflict in the shadows: the nature and politics of guerrilla war, New York, Doübleday, 1963.

Crozier, B. The future of Communist power. London, Eyre and Spottiswoode, 1970.

Crozier, B. The struggle for the third world: a background book. London, Bodley Head, 1966.

Debray, R. Revolution in revolution? London, Monthly Review Press, 1967.

Earle, M.ed. Makers of modern strategy. Princeton, Princeton University Press, 1966.

Elliot-Bateman, Defeat in the East. The mark of Mao Tse-tung on war. London, Oxford University Press, 1967.

Fitzgerald, C.P. Communism takes China, How the revolution went red. London, Library of the 20th Century, 1971.

Fuller, J.F.C. *The conduct of war, 1789-1961. A study of the impact of the French, Industrial, and Russian Revolutions on war, and its conduct. London, Eyre & Spottiswoode, 1962.*

Fuller, J.F.C. *The decisive battles of the Western World. London, Granada Publishing Ltd., 1970.*

Galula, D. *Counter-insurgency warfare: theory and practice. London, Pall Mall, 1964.*

Gann, L.H. *Guerrillas in history. Stanford, California, Hoover Institution Press, 1971.*

Giap, V.N. *The military art of people's war. Selected writings of general Vo Nguyen Giap. New York, Monthly Review Press, 1970.*

Giap, V.N. *People's war, people's army. Hanoi, foreign Languages Publishing house, 1961.*

Greene, J.I. *The living thoughts of Clausewitz. London, Cassel and Company -1945.*

Guderian, H. *Erinnerungen eines Soldaten. Heidelberg, Kurt Vowinckel, 1951.*

Guevara, Ché. *Guerrilla warfare, New York, Monthly REview Press, 1961.*

Guevara, Ché. *On guerrilla warfare. New York, Frederick A. Praeger, Publisher, 1961.*

Hahlweg, W. *Klassiker der Kriegskunst. Darmstadt, Wehr und Wissen, 1960.*

Hahlweg, W. *Guerrilla. Krieg ohne Fronten. Stuttgart, W.Kohlhammer. Verlag, 1968.*

Hall, W.P. en Davis, W.S. *The course of Europe since Waterloo, New York, Appleton-Century-Crofts, Inc., 1957.*

Harris, E. *The "un-American: weapon. New York, M.W.Lods Publishing Company, 1967.*

Houn, F.W. *To change a nation. New York, The Free Press of Glencoe, 1961.*

Hutington, S.P. *Changing patterns of military politics. The Free Press of Glencoe, Inc., 1962.*

Lawrence, T.E. *Seven pillars of wisdom. London, Jonathan Cape, Thirty Bedford Square, 1942.*

Lenin, V.I. *The proletarian revolution and the renegade Kautsky. Peking, Foreign Languages Press, 1965.*

Liddell Hart, B.H. *Strategy. the indirect approach. London, Faber & Faber, 1967.*

Mao Tse-tung. *Selected military writings. Peking, Foreign Languages Press, 1963.*

*Mao Tse tung. On guerrilla warfare. Translated and with an introduction by Brigadier Samuel B. Griffith. Frederick A. Praeger, Publisher, New York, 1961.*

*Mao Tse-tung en Guevara, Ché. Guerrilla warfare. London, Cassel, 1963.*

*Mao Tse Tung. Basic Tactics. Translated and with an introduction by Stuart, R. Schram. London, Pall Mall Press, 1966.*

*Mao Tse-tung. Sèlected works, Vol. 1. London, Lawrence and Wishart 1955.*

*Mao Tse-tung. Selected works, Vol. 11. London, Lawrence and Wishart, 1958.*

*Mao Tse-tung. Selected works, Vol. 11. Peking, Foreign Languages Press, 1963.*

*Mao Tse-tung. Selected works, Vol. 111. Peking, Foreign Languages Press, 1965.*

*Maurara, L.V. Communist methodology of conquest. The truthe about Cuba Committee, Inc., Miami, Florida, 1966.*

*McCuen, J.J. The art of counter-revolutionary war. London, Faber and Faber, 1966.*

*Mikscha, F.O. Secret forces. London, Faber and Faber, 1950.*

*Montgomery, B. A. history of warfare. London, Collins, St. James Place, 1968.*

*O'Ballance, E. The Indo-China war, 1945-1954. A study in guerrilla warfare. London, Faber & Faber, 1964.*

*Osanka, F.M. Modern guerrilla warfare, New York. The Free Press of Glencoe, 1962.*

*Payne, R. Mao Tse-tung. New York, Weybright and Zalley, 1969.*

*Pomeroy, W.J. Guerrilla warfare and Marxism. London, Lawrence and Wishart, 1969.*

*Pustay, J.S. Counterinsurgency warfare. New York, The Free Press 1966.*

*Qualter, T.H. Propaganda and psychological warfare. New York, Random House, 1962.*

*Rigg, R.B. Red China's fighting hordes. Harrisburg, Military Service Publishing Co., 1952.*

*Roberts, A. ed. The strategy of civilian defence. London, Faber and Faber, 1967.*

Robinson, D. *The dirty wars. New York, Delacorte Press, 1968.*

Schram, S. *Mao Tse-tung. Political leaders of the Twentieth Century. Harmondsworth, London, Penquin Books, 1967.*

Sullivan, D.S. & Sattler, M.J. *Revolutionary war: Western response. New York, Culumbia University Press, 1971.*

Sveics, V.V. *Small nation survival. Political defense in unequal conflict. New York, Exposition Press, 1970.*

Taber, R. *The war of the flea. A study of guerrilla warfare, Theory and practice. Granada Publishers Ltd., Paladin, Herts, 1972.*

Tanham, G.K. *Communist revolutionary warfare: the Vietminh in Indo-China. New York, Frederick A. Praeger, 1961.*

Thompson, R. *Revolutionary war in world strategy, 1945-1969. London, Secker and Warburg, 1970.*

Thompson, R. *Defeating Communist insurgency: experiences from Malaya and Vietnam. London, Chatto and Windus, 1966.*

Thompson, D. *Europe since Napoleon. Longmans, Green and Co. Ltd. 1957.*

Trinquier, R. *Modern warfare: a French view of counter-insurgency. London, Pall Mall, 1964.*

Wallach, J.L. *Das Dogma der Vernichtungsschlacht. Die Lehren von Clausewitz und Schlieffen und ihre Wirkungen in zwei Weltkriegen. Frankfurt am Main, Bernard und Graefe Verlag für Wehrwesen, 1967.*

Yu, F.T.C. *Mass persuation in Communist China. London, Pall Mall, 1964.*

TYDSKRIFTE

Ali, F.B. The principles of war. The Journal of the Royal United Services Institution, Vol. CV111, No. 630, 1963.

Australia. Dept. of the army. Anti-guerrilla operations. Australian Army Journal, No. 144, 1961.

Beck, W.J. & Bernard, C.F. Population security: the key to counter-insurgency. Australian Army Jouernal No. 179, 1964.

Bennett, P.H. The case for special forces. Australian Army Journal No. 186, 1964.

*Calvert, J.M. The pattern of guerrilla warfare. Military Review, Vol. 46, No. 7, 1966.*

*Clark, L.G . Organization for guerrilla warfare. Australian Army Journal. No. 144, 1961.*

*Cole, D.M. Some aspects of revolutionary warfare, Rusi Journal, Vol. 88, No. 549, 1943.*

*Crossman, R.H.S. Psychological warfare. Australian Army Journal No. 49, 1953.*

*Dudley, C.E.S. Insurrection: from the Jacobins to Mao Tse-tung. Rusi Journal, Vol. 111, No. 642, 1966.*

*Duke, M.L. The military doctrine of Red China. Marine Corps Gazette, Feb. 1967.*

*East, C.H.A. Guerrilla warfare. Australian Army Journal, No. 89,1956.*

*Fall, B.B. Indo-China the last year of the war: the Navarre plan. Australian Army Journal. No. 95, 1957.*

*Franklin, W.D. Clausewitz on limited war. Military Review, Vol. XLVll, No. 6, 1967.*

*Fuller, F.F. Mao Tse-tung: military thinker. Military Affairs, Vol. 22, No. 3, 1958.*

*Gann, L.H. Guerrillas and insurgency. Military Review, Vol. XLVl, No. 3, 1966.*

*Garland, R.S. The influence of revolutionary war and modern military thought. Australian Army Journal, No. 174, 1963.*

*Garthoff, R.L. Unconventional warfare in Communist strategy. Foreign Affairs, Julie 1962.*

*Hahlweg, W. Clausewitz, Lenin and Communist military attitudes today. Rusi Journal, Vol. 105, No. 618, 1960.*

*Harrison, M. Dien Bien Phu. Australian Army Journal No. 67, 1954.*

*Heilbrunn, O. Notes on guerrilla warfare. British Army Review , No.22 1966.*

*Heilbrunn, O. Guerrillas in the 19th Century. Rusi Journal, Vol.108 No. 630, 1963.*

*Jacobs, W.D. Insurgencies Marine Corps Gazette Vol. 50, No. 2,1966.*

*Killy, G.A. Revolutionary war and psychological action; Military Review, Vol. 40, No. 7, 1960.*

*Kreidel, H. Agents and propaganda in partisan warfare. Military Review, Vol. 39, No. 8. 1959.*

Labin, S. The military thinking of Mao Tse-tung. An Cosantoir, Vol. 25, No. 1, 1965.

Martin, H.G. The war in Indo-China. Brassey's Annual, 1954.

Miller, D.M.O. Insurgencies: the theory and practice of contemporary insurgencies part 1. The Army Quarterly and Defence Journal Vol. 91, No. 2, 1966.

Miller, D.M.O. Insurgency the theory and practice of contemporary insurgency; part 11. The Army Quarterly and Defence Journal Vol. 92, No. 1, 1966.

O'Hare, M.P.O. Revolutionary warfare. Australian Army Journal No. 164, 1963.

Osanka, F.M. Population control techniques of Communist insurgents: a sosialogical annalysis. Australian Army Journal, No. 176, 1964.

Rigg, R.B. Red parallel: the tactics of Ho and Mao, The Army Combat Forces Journal Vol. 5, No. 6, 1955.

Rodgers, R.F. Guerrilla warfare. Australian Army Journal No. 102, 1957.

The bloody hands of the Viet Cong. Australian Army Journal No. 156, 1962.

Woodhill, P.O.M. Revolutionary guerrilla warfare. Australian Army Journal, No. 160. 1962.